- (e) van die student die betaling eis van sodanige bedrag as wat bereken is om te vergoed vir enige verlies, skade of koste wat opsetlik of nalatiglik aan die Universiteitskollege, of van enige ander persoon of liggaam veroorsaak is as gevolg van 'n oortreding.

In 'n geval waar die straf onder (a) opgelê word, moet die Rektor so gou doenlik aan die Minister en aan die Uitvoerende Komitee van die Raad 'n verslag voorlê.

Indien 'n student op wie die straf onder (a) toegepas is, meen dat hy veronreg is, moet hy desnieteenstaande die Inrigting binne vier-en-twintig uur verlaat. Hy het egter die reg om, binne veertien dae vanaf sy uitsetting, sodanige vertoë in verband met sy uitsetting as wat hy mag goedvind tot die Minister te rig. 'n Afskrif van die vertoë wat tot die Minister gerig is, moet terselftyd aan die Rektor gestuur word.

Die Minister oorweeg die vertoë en die verslag na oorlegpleging met die Uitvoerende Komitee van die Raad, en hy mag, na hy goedvind, die uitsetting bekragtig, dit tersyde stel, of 'n geringer straf oplê.

4. In die geval van ernstige onreëlmatigheid wat, volgens die oordeel van die Rektor onmiddellike optrede verg, mag die Rektor enige stappe doen wat, volgens sy oordeel, nodig is in die belang van die Universiteitskollege of die openbare belang. In so 'n geval moet die Rektor so gou moontlik aan die Uitvoerende Komitee van die Raad en aan die Minister 'n verslag voorlê.

Die Minister mag, na oorlegpleging met die Uitvoerende Komitee, na hy goedvind, die stappe wat die Rektor gedoen het, bekragtig, tersyde stel of wysig.

5. Die Rektor mag, na oorlegpleging met die Senaat en goedkeuring deur die Raad, vir die doel van die uitoefening van beheer en die toepassing van tugmaatreëls, algemene studentekomitees of koshuiskomitees van studente instel, primarij of studentebeamptes benoem of laat verkies, of enige ander stappe doen op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag goedkeur.

6. Niks wat in hierdie regulasies vervat is, word geag om op enigerlei wyse af te doen aan die regte wat die Rektor kragtens die Gemeenreg besit nie.

## BIBLIOTEKREGULASIES

1. Die gebruik van die biblioteek is vry vir alle studente en lede van die personeel van die Universiteitskollege Fort Hare op voorwaarde dat hulle die reëls en regulasies van die biblioteek in ag neem.

2. Oud-studente, voormalige lede van die personeel en van die Raad en ander aangewese persone kan toegelaat word om boeke van die biblioteek te leen : Met dien verstande dat boeke slegs aan leners buite die Kollege geleen kan word as hulle op daardie tyd nie deur studente of personeel van Fort Hare benodig word nie en dat alle aansoeke van buitelenings verwys sal word na die Departement wat by daardie onderhawige boek belang het.

Sondanige buite-leners moet 'n waarborgsomsom van R2 betaal, wat terugbetaalbaar is by beëindiging van die lidmaatskap, en hulle mag twee boeke tegelyk uitneem en hulle vir twee weke behou.

3. Alle studente moet aan die begin van elke kursus by die biblioteekpersoneel om biblioteekkaartjies aansoek doen en moet, aan die einde van elke kursus alle boeke en kaartjies wat aan hulle uitgereik is, terugbesorg.

4. Studente mag elk tot drie bande tegelyk leen ; maar dit staan die bibliotekaris vry om hierdie aantal te eniger tyd te beperk. Die bibliotekaris kan toestem dat nagraadse studente meer boeke leen.

5. (a) Studente mag boeke leen vir 'n tydperk van twee weke.

(b) Boeke gemerk „ In the Library only ” mag nie aan studente uitgeleen word nie, maar kan deur die studente slegs in die biblioteek gebruik word.

6. Geen boek, tydskrif of ander publikasie mag uit die biblioteek verwyder word voordat die uitgifte daarvan deur die bibliotekaris aangeteken is nie, en nuwe uitgawes van tydskrifte sal nie uitgeleen word nie, maar ou uitgawes mag moontlik uitgeleen word. Studente wat boeke terugbesorg moet wag tot hulle die lenerskaart terug ontvang het.

7. Die lening van 'n boek kan herno word vir 'n verdere tydperk volgens die diskresie van die bibliotekaris mits daar geen vergelyk vir die betrokke boek is nie.

8. 'n Student kan versoek dat 'n boek vir hom bespreek word en sy naam kan aangeteken word op die waglys vir die boek.

9. Die boete vir boeke wat te laat terugbesorg word is 1c vir die eerste dag en daarna 2½c per dag of gedeelte daarvan ; vir boeke wat „ oornags ” geleen word of slegs gebruik kan word in die biblioteek, en wat die end van die oggend of middag, al na die geval, nie terugbesorg is nie, word 'n boete van 1c per uur of gedeelte daarvan wat die boek te laat is, geëis, onderworpe aan 'n maksimum boete van 25c per band. 'n Student wie se boete hierdie bedrag bereik het, stel hom *bowendien* bloot aan die straf om geskors te word van die gebruik van die biblioteekgeriewe ; hierdie skorsing duur voort vir 'n periode van sewe dae *nadat* die boete betaal is.

10. Die lener van 'n boek word aanspreeklik gehou vir enige verlies of skade daaraan aangebring solank as dit teen sy lenerskaartjie uitgegee is.

Boeke mag nie van een lener aan 'n ander oorhandig word sonder om dit aan die biblioteek terug te besorg nie.

Studente moet seker maak dat die biblioteekpersoneel enige skade aan boeke aanteken voordat sodanige boeke uitgeneem word.

Lenerskaartjies moet nie aan ander verskaf word nie.

11. (a) Enige student wat versuim om 'n biblioteekboek wat in sy naam uitgeboek is en die datum bereik het waarop dit terugbesorg moet word, binne drie dae nadat 'n tweede aanmaning aan hom gestuur is terug te besorg, sal onderhewig wees aan 'n boete van R1.00.

(b) Indien 'n student nie instaat is om 'n biblioteekboek wat in sy naam uitgeboek is binne die voorgeskrewe drie dae terug te besorg nie, sal hy verder ook die vervangingskoste van die boek betaal.

(c) Enige student wat enige van die bedrae in (a) en (b) hierbo genoem moet betaal, moet sy lenerskoevert by die toonbank inhandig en sal alle lenersfasiliteite verbeur en sal geen toegang tot die biblioteek hê totdat hy sodanige betalings gemaak het nie.

12. Geen gebruiker van die biblioteek mag 'n jas of boeksak, handsak of enige sodanige houer van enige soort in die biblioteek inbring nie, maar moet sodanige jas of houer op die plek agterlaat wat daartoe deur middel van kennisgewings aangewys is.

13. (a) (i) Enige personeellid mag publikasies, ander as ongebinde nommers en lopende nommers van tydskrifte leen vir 'n tydperk van nie meer as drie maande nie. Enige sodanige publikasie kan na goeddunke van die Bibliotekaris egter na 14 dae teruggevra word.

(ii) Enige personeellid wat (1) aan die end van elke kwartaal nalaat om die boeke terug te gee of om hulle vir heruitlening aan te bied, nadat 'n aanmaning ontvang is, of wat (2) nalaat om boeke, onder die Inter-biblioteekleningskema geleen, voor die vervaldatum terug te besorg—verbeur al die leenvoorregte totdat sodanige publikasies terug besorg is.


(b) Uitsondering op die reëls vervat in subregulasie (a) hiervan mag slegs gemaak word met goedkeuring van die Biblioteekkomitee, tevore verkry.

14. (a) Geen gebruiker van die biblioteek mag enige boeke wat nie aan die biblioteek behoort nie of sodanige biblioteekboeke wat op sy naam uitgeboek is ander as die wat hy terugbesorg by die toonbank as hy die biblioteek inkom, in die biblioteek inbring nie.

(b) Alle boeke wat uit die biblioteek geneem word moet aan die assistent by die toonbank vir ondersoek gewys word.

(c) Aantekeningboeke mag in die biblioteek ingebring word onderworpe aan die bepalings van subregulasie (b) hiervan.

(d) Boeke wat nie in die biblioteek mag ingebring word nie, moet in die aangewese plekke ingevolge regulasie 12 bewaar word.



University of Fort Hare  
*Together we create excellence*

1. Elke student wat hom laat inskryf vir 'n kursus aan die Universiteitskollege, moet onderstaande gesamentlike gelde betaal wat die koste verbonde aan kos, inwoning, registrasie- en eksamengelde, maar nie die koste van boeke, handboeke, skryfbehoeftes of gelde betaalbaar ten opsigte van vakke bo en behalwe die minimum vereistes vir 'n graad of ten opsigte van hereksamens insluit nie:—

(a) Gr aadkursusse :

(i) B.A., B.Sc. ....	R186 per jaar.
(ii) U.O.D. ....	R190 per jaar.
(iii) B.Ed. ....	R166 per jaar.
(iv) Hons-grade, M.A., M.Sc., M.Ed. ....	R166 per jaar.

Plus 'n addisionele bedrag van R20 per jaar indien laboratorium-fasiliteite gebruik word.

(b) Diplomakursusse deur die Departement van Bantoe- onderwys ingestel. R116 per jaar.

(c) Ander Diplomakursusse ..... R126 per jaar.

Plus registrasie- en Eksamengelde wat aan die Universiteit van Suid-Afrika betaalbaar is indien 'n student vakke wil insluit wat deur daardie universiteit afgeneem word.

2. Die toepaslike gelde in regulasie 2 voorgeskryf, is betaalbaar in vier gelyke paaiemente voor of op—

(a) die eerste dag van die akademiese jaar.

(b) die eerste dag van Mei.

(c) die eerste dag van Augustus,

(d) die eerste dag van Oktober ;

en 'n student wat nalaat om enige van die paaiemente voor of op die toepaslike datum te betaal, kan van die lesings of koshuise van die Universiteitskollege of van beide uitgesluit word.

3. Indien die Raad aanbeveel dat 'n student by 'n ander verblyfplek as 'n kollegekoshuis mag inwoon, of waar 'n student te eniger tyd voor die eerste dag van Augustus van enige akademiese jaar weens siekte of enige ander rede wat die Raad goedkeur, verhinder word om sy studies voort te sit, en die kollegekoshuis voor daardie datum verlaat, kan die Sekretaris op aanbeveling van die Raad 'n vermindering van die gelde in regulasie 2 genoem, toestaan op 'n basis wat in oorleg met die Tesourie bepaal moet word. Enige sodanige vermindering mag nie die volgende bedrae oorskry nie :—

(a) In die geval van graadstudente ..... R95 per jaar.

(b) In die geval van Bantoe-onderwysdiplomastudente .. R82 per jaar.

(c) In die geval van ander diplomastudente ..... R95 per jaar.

4. Geen bedrag van die gesamentlike gelde word terugbetaal indien 'n student die kollege na die eerste dag van Augustus van die akademiese jaar verlaat nie.

5. Die gelde wat deur enige student ten opsigte van 'n hereksamen betaalbaar is, is dieselfde as dié wat deur die Universiteit van Suid-Afrika voorgeskryf word.

6. Onderhewig aan die Departement se goedkeuring kan fooie verhoog word vanaf die begin van 'n akademiese jaar.

### AANVULLINGSEKSAMENS

Studente wat aanvullingsseksamens skryf, moet behalwe die eksamensinskrywings-fooie ook 50c per dag vir losies en inwoning betaal en moet hulleself by die Penningmeester aanmeld so spoedig moontlik na aankoms. Dieselfde geld vir nagraadse studente wat arriveer voor koshuise amptelik open.

University of Fort Hare  
Together in Excellence

### BETALING VAN GELDE

Aller gelde wat betaal word deur of ten behoeve van 'n student, word gekrediteer tot sy gelde rekening totdat gelde verskuldig vir die jaar ten volle vereffen is. Totdat gelde vir die jaar ten volle vereffen is, word geen terugbetaling gemaak ten opsigte van bedrae betaal wat meer is as voorgeskrewe paaiemente nie.

*Voorbeeld van hoe beurse of lenings verreken word :*

Gelde betaalbaar deur studente vir die jaar ..... R186.00

Beurstoekennings :—

Streksowerheid ..... R60.00

Kollege beurs ..... R60.00 R120.00

Bedrag deur student betaalbaar ..... R66.00

Die bedrag R66 is op bepaalde datums betaalbaar in paaiemente van R16.50

*Let Wel.*—Beurstoekennings word teen die gelde verskuldig vir die volle jaar verreken.

Wat Staats-of Kollegeleenings betref moet studente daarop let dat sodanige lenings beskikbaar gestel word eers nadat die leningsooreenkoms voltooi is. Geen krediet word dus ten opsigte van die lening gegee voordat die leningsooreenkoms nie behoorlik en ten volle voltooi is nie. Studente word dus gewaarsku dat dit in hulle eie belang is om die volle gelde vir die eerste kwartaal met hulle saam te bring anders loop hulle gevaar om aangesê te word om die kollege te verlaat.

Selfs indien die gelde vir die eerste kwartaal ten volle vereffen is, is dit nogtans die plig van elke student aan wie 'n Staats-of kollege lening toegestaan is, om die nodige vorms onmiddellik van die Penningmeester te verkry sodra hy kennis ontvang van die toekenning en om toe te sien dat dit behoorlik voltooi en by die kantoor ingehandig word voor die begin van die tweede kwartaal, sodat hy krediet vir die lening kan bekom.

Studente moet onder geen omstandighede gelde wat vir hulle privaat gebruik bedoel is by die kollege deponeer nie. 'n Bank of Posspaarbankrekening moet vir die doel gebruik word.

Die kollege kan geen student toelaat om aan te bly indien hy arriveer sonder geld of die vereiste dokumente nie, of indien sy gelde nie stiptelik en ten volle betaal word nie.

Studente en ouers of voogde word verwag om hulleself op hoogte te stel wat gelde betaalbaar betref. Die kollege onderneem nie om in hierdie verband rekenings uit te stuur nie.

## BEURSE EN LENINGS

Die bostaande kan in drie hoofgroepe verdeel word :

- A. Toekennings wat deur die Kollege of op sy aanbeveling gemaak word.
- B. Toekennings wat deur ander liggame onafhanklik van die Kollege gemaak word.
- C. Toekennings vir studies in die medisyne.

Alle toekennings is onderhewig aan goeie gedrag en bevredigende vordering. Die Kollege kan enige toekenning hersien of 'n ander liggaam aanraai om dit te doen indien dit beskou word dat die toekennings wat deur enige student bekom is meer is as wat hy nodig het.

### Groep A :

- (1) *Staat Studieleenings :*

B.A. en B.Sc.

U.O.D.

S.A.O.D.

Ander Diploma Kursusse. Toekennings van nie meer as R100.000 p.j. plus R20.00 vir boeke.



R120 p.j. plus R30.00 p.j. vir boeke.

R120 p.j. plus R30.00 p.j. vir boeke.

R80 p.j. plus R20.00 p.j. vir boeke.

University of Fort Hare

Together in Excellence

- (2) *Toekennings uit die Trustfondse van die Kollege :*

Hierdie toekennings geskied na goeddunke van die Raad en word aanbeveel deur sy Beursekomitee en oorskry nie die bedrae onder (1) genoem in die geval van voorgraadse studente nie.

Nie-terugbetaalbare toekennings word slegs in gevalle van buitengewone verdienste gemaak.

'n Aantal sodanige beurse word jaarliks aan nagraadse studente toegeken maar die maksimum bedrag oorskry in geen geval R200 nie.

- (3) Op die oomblik word toekennings uit die volgende op aanbeveling van die Kollege gemaak :

- (a) Union Festival Beurse : Beurse van R200 elk vir twee jaar word toegestaan deur die Department van Bantoe-onderwys vir nagraadse studie.
- (b) Shell, S.A. Edms. Bpk., voorsien drie beurse vir voorgraadse studente van R150.00 elk. Elke beurs strek oor drie jaar. Die Shell My. vereis nie dat die student later vir hulle sal werk nie. Daar is ook 'n Shell Leningsfonds.
- (c) Die Yskor Beurse : Yskor voorsien vyf toekennings van R160 p.j. elk waarvan R80.00 terugbetaalbaar is, geldig vir drie jaar aan voorgraadse studente. Daar is geen verpligting om later vir die Korporasie te werk nie.
- (d) Die Suid-Afrikaanse Uitsaaier Korporasie voorsien jaarliks een nie-terugbetaalbare beurs van R160 geldig vir drie jaar aan studente wat 'n loopbaan in diens van die Korporasie wil volg. 'n Leerplan soos voorgeskryf deur die Korporasie moet gevolg word.

- (e) Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad. Sien Groep B.
- (f) Grobbelaars Begrafnisondernemers voorsien jaarliks twee beurse van R50 elk.
- (g) Volkskas Beperk, voorsien op die oomblik R300.00 vir beurse aan studente wat Afrikaans-Nederlands bestudeer.

*Groep B.*

Toekennings word deur die ondergenoemde liggame gemaak onafhanklik van die Kollege. 'n Volledige lys kan nie gegee word nie en liggame kom by of onttrek hulleself as donateurs somtyds sonder om die Kollege daarvan in kennis te stel.

- (1) Die Transkeise Regering en die Streeksowerheid van die Ciskei maak toekennings aan studente van die Kollege wat varieer van R69.00 tot R200.00.
- (2) Toekennings word gemaak deur 'n aantal Munisipaliteite, o.a. Pretoria, Port Elizabeth, Oos-Londen, ens. Hierdie toekennings is gewoonlik bereken om al die fooie te dek. Studente wat woonagtig is in Munisipale gebiede word aangeraai om by hulle plaaslike Owerhede vas te stel of enige beurse beskikbaar is.
- (3) Verskillende Kerklike Liggame skenk ook beurse en in hierdie verband moet studente by hulle plaaslike leeraars navraag doen.
- (4) Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (W.N.N.R.) skenk waardevolle toekennings vir navorsing tot soveel as R500 p.j. en hiervoor kompeteer nagraadse studente.
- (5) Die Nasionale Raad vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing skenk beurse sowel as ad hoc toekennings vir nagraadse navorsing.
- (6) Die University Scholarship Fund, Oos-Londen, doen waardevolle beurskennings.
- (7) Die Non-European Students Fund, Posbus 4728, Kaapstad, maak sekere toekennings.
- (8) Rotariërsklubs skenk soms ook beurse en studente moet by die plaaslike Sekretaris navraag doen.
- (9) Viedge Bros., PK. Viedgesville, Transkei, maak jaarliks 'n skenking van R180 aan 'n seun van 'n Kaptein.
- (10) Mobil Oil S.A. (Edms.) Bpk., Posbus 35, Kaapstad, skenk 'n aantal voorgraadse beurse gelykstaande aan die blok fooie.
- (11) Die Joint Council for Europeans and Africans, Grahamstad, maak sekere beurstoekennings.
- (12) Die J. H. Hofmeyr Beursfonds (gestig onder die testament wyle Mev. D. C. Hofmeyr) skenk twee beurse van R400 elk geldig vir drie jaar aan voorgraadse studente van Fort Hare. Aansoeke moet gerig word aan Die Trustees, J. H. Hofmeyr Beursfonds, Standard Bank van S.A. Bpk., Trustee Afdeling, Posbus 1330, Pretoria.
- (13) Die Federale Republiek van Duitsland skenk op die oomblik jaarliks twee beurse aan nie-Blanke studente geldig by 'n Duitse Universiteit; sakgeld van D.M. 400.00 vir twaalf maande, retoer-reisgeld na Duitsland en onderrig en eksamen fooie word betaal.
- (14) Die S.A. Mutual Lewensassuransiematskappy bied vyf Ou Mutual Beurse van R600 elk aan geldig vir twee jaar by 'n Suid-Afrikaanse Universiteit. Hierdie beurse word slegs aan nagraadse studente toegestaan.
- (15) Die Nasionale Oorlogsfonds, Schoemanstraat 363, Pretoria, oorweeg die toekening van beurse aan verdienstelike studente wat kinders is van oudgediendes.

- (16) Suid-Afrika Brouery Bpk., skenk 'n aantal waardevolle beurse wat geldig is by enige S.A. Universiteitsinrigting. Voorwaardes kan van die firma self verkry word.
- (17) Die United Tobacco My. (South) Bpk., skenk vrybeurse van R200 p.j. vir drie jaar vir studies aan Fort Hare vir 'n voorgraadse student wat in die Transkei woonagtig is.
- (18) Die Union of Jewish Women of Southern Africa, Posbus 3622, Johannesburg, bied die Toni Saphra-Beurs (van tot R500 p.j.) aan 'n gegradueerde damestudent „ wie se voorgestelde studierigting haar meer geskik sal maak om een of ander vorm van maatskaplike diens aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer.”
- (19) Die Adams College Educational Trust, 714 Eagle Star House, Weststraat 349, Durban, maak toekennings en gee lenings van verskillende bedrae aan gekeurde, studente.
- (20) Die Isaacson Foundation, Posbus 97, Johannesburg, maak toekennings van tot R300.00 vir enige individuele geval.
- (21) Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede, Posbus 97, Johannesburg maak verskillende toekennings wat gewoonlik beperk word deur die bedrag van die gelde wat betaalbaar is.
- (22) Die Sir Earnest Oppenheimer Gedenkfonds, Posbus 4902, Johannesburg. maak verskillende toekennings van soms soveel as R300.00 volgens die verdiens in individuele gevalle.
- (23) Universitas-Boeke en Musiek (Edms.) Bpk., Posbus 1557, Pretoria, voorsien 'n beurs van R100.00 aan 'n student wat Biblioteekkunde bestudeer.
- (24) Die Fosfaat-Ontwikkelingskorporasie, "FOSKOR," Posbus 1, Phalaborwa. N.O. Transvaal, skenk lenings van tot R180.00 elk aan studente wat die Natuurwetenskappe of Sosiale Wetenskappe bestudeer.
- (25) Die Quaker Service Fund, Posbus 7205, Johannesburg, maak toekennings van R250.00 aan gekeurde studente.
- (26) Die Robert Niven Trust, p/a Die Johannesburgse Raad van Eksekuteurs en Trust My., Bpk., Posbus 271, Johannesburg, maak verskillende toekennings van tot R200.00 elk.

**Groep C :**

'n Beperkte bedrag is beskikbaar vir Mediese Studies deur studente wat aan die vereistes vir die eerste-jaar kursus voldoen het aan Fort Hare en daarna 'n goedgekeurde Mediese Skool in Suid-Afrika bywoon. Lenings word gemaak uit rente van skenkings in die volgende Fondse :—

- (1) Die Greenslade Medical Fund.
- (2) Die W. A. Russell Medical Fund.
- (3) Die W. P. Schreiner Medical Fund vir vroue
- (4) Die Rev. W. Girdwood Medical Fund

## AKADEMIESE PERSONEEL

### *Rektor :*

Professor J. J. ROSS, B.A. (S.A.), B.Sc. (S.A.), H.S.O.D. (Stell.), B.Ed. (S.A.), M.A. (Yale), LL.B. (O.F.S.), B.Admin. (O.F.S.)

### *I. Godgeleerdheid :*

#### *Ou Testamentiese vakke en Hebreus :*

Professor : F. HECHT, Cand.Phil. (Halle), Cand.Theol. (Halle),  
Cand. Min. M.Th. (Berlin), Drs. Div. (Pret.).

#### *Nuwe Testamentiese Vakke en Pastorale Teologie :*

Professor : H. L. N. JOUBERT, M.A. (Stell.), M.Th. (Princeton), Th.D. (Amst.)

#### *Sistematiese Teologie :*

Professor : R. H. R. LIDDELL, M.A., D.D. (St. Andrews)

#### *Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap :*

Professor : G. C. OOSTHUIZEN, M.A. (S.A.), Th.M. (Stell.), D.Phil. (S.A.),  
S.T.M. (U.T.S.) (N.Y.), Th.D. (V.U. Amst.)

### *II. Regte :*

#### *Publiekreg :*

##### *a. Strafrek :*

Senior Lektor : J. B. THOM, B.A., LL.B. (Stell.) ;  
Lektor : Vakant.

##### *b. Staatsreg en Volkereg :*

Senior Lektor : L. V. POSTMA, B.A. (Potch.), LL.B. (O.V.S.) ;

#### *Privaatreg :*

##### *a. Privaatreg :*

Professor : Vakant ;  
Lektor : B. S. KOYANA, B.A. (S.A.) (Studente-Assistent) ;

##### *b. Romeinse Reg :*

Senior Lektor : F. A. DE VILLIERS, B.Comm., LL.B. (Potch.) (Lektor) ;

##### *c. Bantoereg :*

Senior Lektor : N. P. BADENHORST, B.A., LL.B. (Potch.) (Lektor).

#### *Handelsreg :*

Senior Lektor : A. D. J. VAN RENSBURG, B.Com. (Stell.), LL.B. (S.A.).  
Lektor : Vakant.

### *III. Lettere en Wysbegeerte :*

#### *Afrikaniëstiek :*

Professor : O. F. RAUM, B.A. Hons. (Lond.), Ph.D. (Lond.)

Senior Lektor : Vakant.

Lektor : E. J. DE JAGER, B.A. Hons., M.A., D.Phil. (P.U.).

Kurator, F. S. Malan Museum : V. Z. GITYWA, B.A. (Rhodes), B.A. Hons. (S.A.)

Assistent-Kurator ; F. S. Malan Museum : E. P. NDABA, B.A. (Rhodes), H.O.D.

#### *Afrikaans-Nederlands :*

Professor : A. COETZEE, Dip. Theol. (Stell.), M.A. (S.A.), D.Litt. (O.F.S.)

Lektor : J. VORSTER, B.A. Hons. (Rand), M.A. (Rhodes).

**Bantoetale :**

Professor : Vakant

Senior Lektor : G. I. M. MZAMANE, M.A. (S.A.)

Lektor : L. M. MBADI, B.A. (Rhodes), B.A. Hons. (S.A.)

Lektor : Miss D. N. JAFTA, B.A. (Rhodes), B.Educ. (S.A.), B.A. Hons. (S.A.).

**Biblioteekkunde :**

Senior Lektor : M. SPRUYT, LL.Drs. (Leiden), L.Dip. Libr. (Pret.), H.Dip. Libr. (S.A.)

Senior Lektor : P. B. VAN SCHALKWYK, M.A. (Stell.), H.Dip. Libr. (S.A.)

Lektor : E. M. MAKHANYA, B.A. (Rand), A.S.A.L.A.

**Duits :**

Deeltydese Lektrise : Mev. M. A. DE VOS, B.A. (Stell.)

**Engels :**

Professor : J. T. GREEN, B.A. (Stell.), M.A. (S.A.), Ph.D. (Leeds)

Senior Lektor : Mej. V. W. Henley, M.A. (Rhodes)

Lektor : Vakant.

**Geskiedenis :**

Professor : C. G. COETZEE, M.A., D.Phil. (Stell.)

Lektor : J. G. PRETORIUS, B.A. Hons. (O.F.S.)

**Grieks :**

Lektor : J. M. ELS, B.A. Hons. (Potch.)

**Latyn :**

Professor : K. JACOBS, Lit.Hum.Drs. (V.U. Amst.), D.Litt. (Leiden)

**Sielkunde :**

Professor : A. D. MULLER, M.A. (Pret.), D.Litt. et Phil. (V.U. Amst.)

Senior Lektor : J. H. S. OOSTHUIZEN, M.A. (Stell.), B.Ed. (Stell.), D.Phil. (Stell.)

Lektor : B. H. GROENEWALD, M.A. (Pret.)

**Sosiologie en Maatskaplike Werk :**

Senior Lektor : P. J. DE VOS, M.A. (Soc. Phil.), D.Phil. (Pret.)

Lektor : Vakant.

Lektor : Z. B. Nabe, B.A., B.A. (S.S.) Kaap.

**Staatsleer en Staatsadministrasie :**

Professor : C. A. CRAUSR, M.A. (O.V.S.), Dr. Jur. (V.U.) (Amst.)

Lektor : J. C. VAN DER WALT, B.A. Hons. (Pret.)

**Wysbegeerte :**

Professor : G. A. RAUCHE, Staatsexamen Phil. (Leipzig), D.Phil. (S.A.)

Lektor : J. BEKKER, M.A. (S.A.)

**IV. Natuurwetenskappe :**

**Aardrykskunde en Geologie :**

Professor : D. E. NEL, M.A. (Stell.)

Senior Lektor : W. C. ELS, M.A., M.Ed. (O.V.S.)

Lektor : C. J. UYS, B.A. Hons. (Stell.)

Lektor : A. R. WRIGHT, B.A. Hons. (Rand.)

**Dierkunde :**

Professor : A. J. D. MEIRING, M.Sc. (S.A.), Ph.D. (S.A.)

Senior Lektor : J. G. VISSER, M.Sc. (Stell.)

Senior Lektor : J. E. SAAYMAN, M.Sc. (Stell.)

Junior Lektor : A. G. NOYCE, B.Sc. Hons. (Stell.)

Demonstrateur/Tegnikus : Vakant

**Landbou :**

Senior Lektor : J. H. VAN WYK, B.Sc. (Agric.) (Pret.) H.O.D. (Pret.)

Senior Lektor : D. BROWN, M.Sc. (Agric.) (Natal)

Plaasbestuurder : S. W. HAYNES.

Plaasassistent : A. BELING.

Bantoe Plaasassistent : G. MBEWANE.

*Natuurkunde :*

Professor : J. T. DAVIDSON, M.St. (S.A.)  
Senior Lektor : P. H. PIETERSE, M.Sc. (Stell.)  
Lektor : S. J. BURGER, M.Sc. (Stell.)  
Junior Lektor : J. R. Seretlo, B.Sc. Hons. (S.A.)  
Demonstrateur/Tegnikus : M. P. MALULYCK, B.Sc. Hons. (S.A.)  
Senior Tegnikus vir Wetenskap departemente : M. H. W. THIELEMANN

*Plantkunde :*

Professor : M. H. GIFFEN, M.A. (Kaap), M.Sc. (Cantab.), F.R.M.S.  
Lektor : D. N. BOSHOFF, B.Sc. Hons (Potch), M.Sc. (Potch.)  
Junior Lektor : O. H. D. MAKUNGA, B.Sc. Hons. (S.A.)  
Demonstrateur/Tegnikus : B. B. BALA, B.Sc., U.O.D. (Rhodes).

*Skeikunde :*

Professor : A. S. GALLOWAY, Ph.D. (St. Andrews), F.R.I.C., L.S.A. Chem. I  
Senior Lektor : D. H. MEIRING, M.Sc. (O.F.S.), M.L.S.A. Chem. I  
Lektor : P. C. WAGENER, M.Sc. (Pret.)  
Junior Lektor : T. M. NTONGANA, B.Sc. (Rhodes), B.Sc. Hons. (S.A.)  
Tegnikus : M. WALTON  
Assistent Gesondheidsbeampte : L. S. MTOBA, B.Sc. (Hyg.) (Rhodes)

*Toegepaste Wiskunde :*

Professor : S. LINDE, M.Sc. (O.F.S.)  
Lektor : Vakant.

*Wiskunde :*

Senior Lektor : G. J. J. VAN RENSBURG, M.Sc. (Pret.)  
Lektor : S. F. G. WESSELS, M.Sc. (Potch).

**V. Opvoedkunde :**

University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

*Didaktiek en Administrasie :*

Professor : P. A. DUMINY, B.P.Ed. (Potch.), M.Ed. (Pret.), D.Litt. et Phil.  
(V.U. Amst.)  
Senior Lektor : J. J. DE WET, B.Sc., M.Ed. (Potch.)  
Lektor : N. KATIYA, B.A. (Rhodes), B.A., B.Ed. (S.A.)

*Empiriese Opvoedkunde :*

Professor : M. O. M. SEBONI, B.A. (S.A.), D.Ed. (S.A.)

*Historiese Opvoedkunde :*

Professor : D. F. VAN DYK, B.A., D.Ed. (O.V.S.)

*Filosofie van Opvoeding :*

Senior Lektor : B. DE V. VAN DER MERWE, B.A. Hons., D.Ed. (O.V.S.)

**VI. Handel en Administrasie :**

*Rekeningkunde :*

Lektor : H. F. REDELINGHUY, M.Com. (Rek.) (Pret.)  
Lektor : Vakant.

*Bedryfsekonomie :*

Senior Lektor : J. G. C. SMAL, D.Com. (Potch.)  
Lektor : J. A. SLABBERT, C.A.I.B. (S.A.), M.Com., (Stell.)

*Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis :*

Senior Lektor : J. H. SMITH, M.Com. (O.V.S.)  
Senior Lektor : Vakant.  
Senior Lektor : (Statistiek) : Vakant.

# REGLEMENTE VIR STUDIE EN EKSAMENS

## 1. ALGEMENE REGLEMENT

### *Geldingskrag van reglemente*

G1. (1) Die reglemente en leerplanne wat in hierdie Jaarboek verskyn, is uitgevaardig deur die Universiteit van Suid-Afrika of deur die Senaat en die Raad van die Universiteitskollege van Fort Hare kragtens die wetlike bevoegdhede wat aan hulle toegeken is.

(2) Behalwe waar uitdruklik of by noodwendige implikasie anders bepaal is, geld die Algemene Reglement, waar van toepassing, ook vir die afsonderlike fakulteite.

(3) Waar vir die neem van 'n vak of 'n kursus in 'n vak in die reglement van een fakulteit spesiale vereistes gestel word, geld daardie vereistes, tensy die teendeel blyk, ook wanneer daardie vak of kursus in 'n ander fakulteit geneem word.

### *Grade, diplomas en sertifikate*

G2. (1) Die Universiteit van Suid-Afrika is bevoeg om die grade toe te ken en die diplomas en sertifikate uit te reik wat in die reglemente van die afsonderlike fakulteite genoem word, en die Universiteitskollege van Fort Hare is bevoeg om die diplomas uit te reik wat vermeld word in die reglemente van die afsonderlike fakulteite wat na die eie diplomas verwys.

(2) Voordat 'n graad by 'n kongregasie van die Universiteit van Suid-Afrika aan hom toegeken is, is 'n persoon nie geregtig op die voorregte aan die graad verbonde nie.

### *Registrasie*

G3. (1) Iemand wat wens om by die Universiteitskollege van Fort Hare te studeer vir 'n graad, diploma of sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika of vir 'n diploma van die Universiteitskollege van Fort Hare, moet toelating erlang tot die Kollege ooreenkomstig die reëls van die Kollege.

(2) Op die dag wat vir registrasie vasgestel is, moet die student eers 'n leerplan kaart verkry, die kaart invul, die kaart deur die Dekaan van die betrokke fakulteit laat teken, en daarna die register van studente teken.

(3) Die goedkeuring van die student se leerplan kaart ten aansien van graad- en diplomakursusse van die Universiteit van Suid-Afrika deur die Dekaan van die betrokke fakulteit is onderworpe aan die goedkeuring van die Universiteit van Suid-Afrika.

(4) 'n Goedgekeurde leerplan kan later gewysig word; Met dien verstande dat die gewysigde leerplan ooreenstem met die reglemente wat ten tyde van die wysiging van toepassing is.

(5) Aansoek om wysiging van 'n goedgekeurde leerplan moet skriftelik aan die Registrateur gerig word, wat in die geval van graad- of diploma kursusse van die Universiteit van Suid-Afrika die aansoek sal voorlê aan die Universiteit van Suid-Afrika. Geen wysiging is van krag totdat dit deur die Universiteit van Suid-Afrika goedgekeur is nie.

(6) Niemand sal toegelaat word om na die dag wat deur die Senaat as laaste dag vir registrasie vasgestel is, te registreer nie.

(7) Iemand wat nie gekwalifiseer is om as 'n gematrikuleerde student te registreer, kan toegelaat word om die kurusse by te woon en die eksamens af te lê wat die Universiteit van Suid-Afrika of die Senaat van die Universiteitskollege van Fort Hare bepaal het.

### *Beperking van inskrywing*

G4. Behalwe met spesiale toestemming van die Universiteit van Suid-Afrika word niemand vir twee of meer grade tegelyk ingeskryf nie.

### *Verlening van status*

G5. Indien iemand hom wil laat inskryf vir studie waarvoor die besit van 'n graad 'n voorvereiste is, maar hy daardie graad nie aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal het nie, kan die Universiteit van Suid-Afrika aan hom op grond van 'n graad aan 'n ander

universiteit behaal of op grond van ander studie, die status van die vereiste graad verleen, waarna hy vir die doel van die verdere studie geag word daardie graad te besit van die datum af waarop hy die kwalifikasie verwerf het op grond waarvan die status verleen is.

#### *Jaarwerk*

G6. Geen student word tot die eksamen in 'n vak waarvoor hy geregistreer is, toegelaat nie, tensy hy voldoen het aan die eise van die betrokke departement ten opsigte van 'n bepaalde kursus in die vak soos deur die Senaat van die Universiteitskollege van Fort Hare goedgekeur.

G7. By die vasstelling van die finale punt wat 'n student behaal het in 'n eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika in 'n bepaalde vak sal die punt wat hy gedurende die jaar vir sy werk in daardie vak in die betrokke departement van die Universiteitskollege van Fort Hare behaal het, in rekening gebring word in die mate wat die Universiteit van Suid-Afrika sal bepaal.

#### *Eksamen*

G8. (1) 'n Eksamen in 'n vak vir 'n graad, diploma of sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika word gehou soos deur die Universiteit van Suid-Afrika bepaal. 'n Eksamen in 'n vak vir 'n diploma van die Universiteitskollege van Fort Hare word by die Kollege gehou of na goeddunke van die Senaat elders.

(2) Die eksaminatore in 'n eksamen vir 'n graad, diploma of sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika word deur die Universiteit van Suid-Afrika aangestel en die Universiteit kan die dosent van die vak by die Universiteitskollege van Fort Hare as eerste eksaminator aanstel en een of meer lede van sy eie doserende personeel as tweede en derde eksaminatore; in die eksamen ten opsigte van 'n finale kursus en vir 'n honneurs, magister- of doktor's graad, sal ook eksaminators aangestel word wat nie aan die Universiteit van Suid-Afrika behoort nie.

(3) Die eksaminatore in 'n eksamen vir 'n diploma van die Universiteitskollege van Fort Hare word deur die Senaat van die Universiteitskollege van Fort Hare aangestel; die dosent van die vak word as eerste eksaminator aangestel, tensy die Senaat anders bepaal.

#### *Siekte-eksamen*

G9. 'n Spesiale eksamen wat kan bestaan in 'n gemeenskaplike of in 'n gedeeltelik gemeenskaplike vraestel kan toegestaan word aan 'n student wat verhinder was om aan die eksamen deel te neem—

(1) deur siekte op die dag van die eksamen of onmiddellik voor die dag; met dien verstande dat hy 'n doktersertifikaat voorlê wat die aard en die duur van die siekte vermeld en verklaar dat dit om gesondheidsredes vir die kandidaat onmoontlik of ongewens was om aan die eksamen deel te neem; met dien verstande verder dat sy aansoek ondersteun word deur die Hoof van die betrokke departement van die Universiteitskollege van Fort Hare; of

(2) weens familie-omstandighede soos die ernstige siekte of die dood van 'n verwant gedurende die eksamen; met dien verstande dat bevredigende bewys van die omstandighede gelewer word.

Met dien verstande verder dat so 'n eksamen nie toegestaan sal word nie—

(i) in 'n kursus waarin die student alle vraestelle voltooi het;

(ii) in geval die aansoek van die student die Registrateur van die Universiteitskollege Fort Hare nie voor die 1ste Desember bereik nie.

#### *Aanvullende eksamen*

G10. (1) Aanvullende eksamens kan elke jaar nie later nie as die maand Maart afgeneem word.

(2) Die Universiteit van Suid-Afrika kan besluit dat in plaas van 'n skriftelike 'n mondelinge eksamen gehou sal word.

- (3) Die volgende persone kan tot 'n aanvullende eksamen toegelaat word :
- (a) 'n kandidaat wat kragtens G9. hierbo toegelaat is ; of
- (b) 'n kandidaat wat vir die voltooiing van sy graad of diploma nog een kursus nodig het en in die vorige eksamen met nie meer as vyf punte gesak het nie ; met dien verstande dat in geval die ontbrekende kursus die finale kursus in sy hoofvak is, 'n gemiddelde van minstens twee persent van die punte bo die slaagpunt behaal is in die twee hoofvakke saamgereken.

(4) 'n Student wat 'n graad besit en een kursus vir toelating tot die studiekursus vir 'n ander graad of diploma nodig het, kan met die spesiale vergunning van die Senaat van die Universiteitskollege van Fort Hare toegelaat word om 'n eksamen in die kursus af te lê by die aanvullende eksamen.

#### *Eksamen- en graadgelde*

G11. Voordat 'n student tot 'n eksamen toegelaat word, of voordat aan hom 'n graad, behalwe 'n eregraad, of 'n diploma of 'n sertifikaat toegeken word, moet hy die voorgeskrewe gelde betaal.

#### *Tug*

G12. Die aandag van studente word gevestig op die bepalinge onder Beheer en Tugmaatreëls (Afdelings III en IV) van die studente reglemente, bladsye 10 en 12 van die Jaarboek.

### Baccalaureusgrade

#### *Kwalifikasie vir Registrasie*

G13. Niemand word as 'n gematrikuleerde student van die Universiteitskollege van Fort Hare geregistreer nie, tensy hy die Matrikulasiesertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad verwerf het of na die oordeel van die Matrikulasieraad voldoende het aan die voorwaardes van vrystelling van die matrikulasie-eksamen en 'n sertifikaat te dien effekte besit en aan die Universiteitskollege van Fort Hare die registrasiegelde wat by Statuut voorgeskryf is, betaal het.

#### *Duur van leergang*

G14. Elke kandidaat vir 'n graad moet 'n goedgekeurde leergang as ingeskrewe, gematrikuleerde student volg vir die tydperk wat in die fakulteitsreglement vir die betrokke graad voorgeskryf is.

#### *Vrystelling van kursusse*

G15. Onderworpe aan die bepalinge van reglement G16 kan die Universiteit van Suid-Afrika 'n student wat 'n graad van die Universiteit of van 'n ander vir die doel erkende universiteit besit en wat kandidaat is vir 'n graad in 'n ander fakulteit as dié waarin daardie graad toegeken is, vrystel van eksamen in kursusse waarin hy reeds vir daardie graad geslaag het.

G16. 'n Gegradueerde of 'n nie-gegradueerde in 'n fakulteit wat kandidaat word vir 'n ander graad in dieselfde of 'n ander fakulteit, kan vrygestel word van kursusse wat hy vir eersbedoelde graad voltooi het en wat deur die Universiteit van Suid-Afrika as gelykwaardig beskou word ; met dien verstande dat—

- (1) vrystelling nie verleen word van meer as die helfte van die kursusse voorgeskryf vir die graad waarvoor hy kandidaat is nie ;
- (2) indien die aantal kursusse wat vir vrystelling in aanmerking kom, die helfte van die aantal kursusse van dié graad oorskry, dié student vir minstens 'n helfte van die totale aantal kursusse, kursusse moet volg wat hy nie vir 'n vorige graad voltooi het nie ;
- (3) waar 'n kursus vir 'n graad verpligtend is en vrystelling daarvan nie verleen word nie, die Universiteit van Suid-Afrika bepaal watter ander kursus daardie kursus vervang.

G17. Behalwe waar uitdruklik anders bepaal is, word niemand op grond van 'n reeds behaalde graad of diploma van meer as die helfte van die kursusse van 'n ander diploma vrygestel nie.

G18. Indien 'n student in die jaar waarin hy van kursusse vrygestel is, nie eksamen doen nie, of na sluiting van die eksameninskrywing op vrystelling aanspraak maak en dit verkry, is sy vrystelling onderworpe aan die reglemente wat geld in die jaar waarin hy met sy studie voortgaan.

*Keuse van hoofvakke en vernaamste vakke*

G19. 'n Student kies nie as hoofvak of vernaamste vak vir 'n graadleergang 'n vak waarin hy vir 'n vorige graad as hoofvak of vernaamste vak eksamen afgelê het nie, maar neem 'n ander vak wat die Universiteit van Suid-Afrika goedkeur.

*Opeenvolging van kursusse*

G20. Behalwe waar in die reglement van 'n fakulteit anders bepaal is, volg 'n student nie die tweede of 'n latere kursus in 'n vak alvorens hy die voorafgaande voltooi het nie.

*Erkenning van jaar se studie*

G21. In die geval van 'n baccalaureusgraad uitgesonderd die LL.B.- graad moet 'n student in die eerste jaar in minstens twee kursusse slaag of vrystelling daarvan ontvang ten einde erkenning vir die graad te verkry; daarna kan hy enkele kursusse voltooi. maar in die eindkursusse van sy hoofvakke moet hy gelyktydig slaag.

G22. 'n Kursus wat nie vir graaddoeleindes nie geneem word, word nie later vir 'n graad erken in plaas van 'n graadkursus waarin gedruip is nie, tensy die student daardie kursus as deel van sy graadleergang kon gekies het toe hy dit geneem het en ook origins aan die vereistes vir die graad voldoen het.

*Eksamen*

G23. Aan die einde van elke akademiese jaar word 'n eksamen in elke kursus van 'n vak afgeneem.

G24. 'n Student word nie tot die eksamen in 'n kursus toegelaat voordat een akademiese jaar verloop het sedert die eksamen waaraan hy die bevoegdheid ontleen het om as gematrikuleerde student geregistreer te word nie.

*Gewig van praktiese Werk*

G25. In die volgende vakke is die persentasie van die totale aantal punte wat aan die praktiese werk toegeken word, soos volg:

Aardrykkunde .. .. .	40
Biblioteekkunde .. .. .	50
Fisika .. .. .	30
Ander Natuurwetenskappe .. .. .	40
Praktiese Maatskaplike werk .. .. .	100
Die praktiese kursusse vir die graad B.A. (S.K.) ..	100

G26. Om in die volgende kursusse te kan slaag, moet 'n kandidaat bowendien die subminima behaal soos aangetoon:

Aardrykkunde I, II en III	40% in die teoretiese vraestelle gesamentlik 40% in die praktiese werk
Afrikaans-Nederlands I ..	40% in vraestel 1; 40% in vraestelle 2 en 3 gesamentlik
Afrikaans-Nederlands II, III	40% in vraestelle 1 en 2 gesamentlik, en in vraestelle 3 en 4 gesamentlik
Bantoetale .. .. .	30% in elke vraestel
Biblioteekkunde I, II ..	40% in die teoretiese vraestelle gesamentlik 50% in die praktiese vraestelle gesamentlik
Chemie, I, II en III ..	30% in elke teoretiese vraestel 40% in die teoretiese vraestelle gesamentlik

Dierkunde I, II en III ..	40%	in die teoretiese vraestelle gesamentlik
	40%	in die prakties
Duits Spesiaal ..	50%	in die eerste vraestel
Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I ..	die helfte van 33 $\frac{1}{3}$ % (16 $\frac{2}{3}$ punte)	in elke afdeling van die vraestel.
Ekonomie II ..	30%	in elke vraestel
Ekonomie III ..	30%	in elke vraestel
Ekonomiese Geskiedenis II ..	30%	in elke vraestel
Fisika, I, II, III ..	40%	in die teoretiese vraestelle gesamentlik
Geologie I, II en III ..	40%	in die teoretiese vraestelle gesamentlik
	40%	in die praktiese vraestelle gesamentlik
Grieks (voorbereidend) ..	33%	in die afdeling vertaling
Grieks I, II en III ..	33%	in elke vraestel
Hebreeus I, II, III ..	35%	in die eerste vraestel
Hellenistiese Grieks I en II ..	33%	in elke vraestel
Latyn I, II, III ..	33%	in elke vraestel
Latyn III ..	33%	in vraestel 2, afdeling C en vraestel 4 gesamentlik
Latyn (voorb.) ..	33%	in die afdeling vertaling
Maatskaplike Werk I, II ..	30%	in elke vraestel
Maatskaplike Werk III ..	40%	in elke vraestel
Naturelle-administrasie II, III ..	30%	in elke vraestel
Plantkunde I, II, III ..	33 $\frac{1}{3}$ %	in elke teoretiese vraestel
	40%	in die praktiese werk
Romeinse Reg. I ..	25%	in Deel B van die eerste vraestel
Sielkunde II, III ..	40%	in elke vraestel
Sosiologie II ..	30%	in elke vraestel
Sosiologie III ..	40%	in elke vraestel
Volkekunde II, III ..	30%	in elke vraestel



University of Port Harcourt  
Together in Excellence

### Honneurs-Baccalaureusgrade

#### *Kwalifikasie vir Registrasie*

G27. Om vir die studiekursus geregistreer te kan word, moet 'n student 'n baccalaureusgraad verwerf het of, indien die Universiteit van Suid-Afrika dit goedkeur, die kursusse vir 'n baccalaureusgraad voltooi het.

G28. Behoudens die algemene bevoegdheid van die Universiteit van Suid-Afrika om 'n student nie toe te laat om vir die kursus te registreer nie, moet 'n kandidaat, indien hy die baccalaureusgraad verwerf het (a) aan die Universiteit van Suid-Afrika, sonder dat die beoogde vak een van sy hoofvakke was, of (b) aan 'n ander Universiteit, die Universiteit van Suid-Afrika aangaande sy bekwaamheid in daardie vak bevredig voordat hy tot die studie toegelaat kan word.

#### *Keuse van fakulteit*

G29. Indien die vak waarin 'n student wil studeer, voorkom in die lys vakke vir die honneursgraad in die fakulteit waarin hy die baccalaureusgraad verwerf het, neem hy die honneursgraad nie in 'n ander fakulteit nie.

#### *Duur van leergang*

G30. (1) Geen student word tot die eksamen toegelaat nie tensy hy 'n goedgekeurde leergang gedurende minstens een jaar gevolg het.

(2) In die geval van 'n honneurs-baccalaureusgraad wat toegeken word sonder dat die kandidaat eers 'n baccalaureusgraad hoef te verwerf het, moet die kandidaat goed-

gekeurde kursusse minstens gedurende die finale twee jare van sy studie aan die Universiteit voltooi het.

#### *Herhaling van eksamen*

G31. Sonder spesiale vergunning van die Universiteit van Suid-Afrika mag niemand hom meer as twee maal vir eksamen in dieselfde departement aanmeld nie.

#### *Vertaaltoets*

G32. Wanneer 'n vertaaltoets vir die eksamen voorgeskryf is, word die punte in die toets behaal nie in die groototaal van die eksamen opgeneem nie en kan 'n kandidaat wat tussen 45 en 49 persent in die toets behaal het, toegelaat word om na verloop van 'n tydperk deur die Universiteit van Suid-Afrika bepaal 'n aanvullende eksamen af te lê.

### **Magistergrade**

#### *Kwalifikasie vir Registrasie*

G33. Om vir 'n kursus geregistreer te kan word, moet 'n kandidaat, behalwe waar in die fakulteitsreglemente anders bepaal word, die graad honneurs-baccalaureus behaal het in die vak waarin hy wil studeer, en tot bevrediging van die Universiteit van Suid-Afrika bewys gelewer het aangaande sy bekwaamheid in die vak.

#### *Duur van leergang*

G34. Die graad word nie aan 'n kandidaat toegeken voordat minstens een jaar verloop het sedert hy die graad honneurs-baccalaureus of sodanige ander graad as wat voorvereis word, verwerf het nie.

#### *Eksamen*

G35. Die eksamen bestaan uit twee of meer skriftelike vraestelle of 'n verhandeling; of uit vraestelle en 'n verhandeling; of uit 'n verhandeling en 'n mondelinge eksamen. 'n Skriftelike eksamen indien vereis, word op die tydstip wat deur die Universiteit van Suid-Afrika bepaal is, afgeneem.

G36. Sonder spesiale toestemming van die Universiteit van Suid-Afrika mag niemand hom meer as twee maal vir eksamen aanmeld nie.

#### *Verhandeling*

G37. Voordat hy tot die studie toegelaat word, moet 'n student die titel van en 'n uiteensetting van sy voorgestelde behandeling en metode van ondersoek vir goedkeuring deur die Universiteit van Suid-Afrika voorlê.

G38. Elke student werk onder die leiding van die hoof van die betrokke departement (of die hoofde van die betrokke departemente) en op voorstel van die hoof van die departement (of die hoofde van die departement) kan die Universiteit van Suid-Afrika besluit om hom onder die toesig van een van die dosente in die betrokke departement (of in een van die betrokke departemente) te plaas.

G39. Die titel van 'n verhandeling word vir 'n tydperk van vyf jaar goedgekeur, waarna die student, indien nodig, aansoek moet doen om verlenging.

G40. 'n Kandidaat wat die graad by die gradeplegtigheid van die volgende jaar wil ontvang, moet sy verhandeling nie later nie as 31 Desember of, met spesiale toestemming van die departementshoof, 31 Januarie indien; maar die Universiteit van Suid-Afrika waarborg nie dat die eksamineering van die verhandeling voor 'n bepaalde gradeplegtigheid afgehandel sal wees nie.

G41. Geen verhandeling word aangeneem nie indien dit voorheen vir 'n graad aan 'n ander universiteit ingedien is, maar materiaal uit publikasies van die kandidaat mag in die verhandeling beliggaam word. Die kandidaat moet saam met sy verhandeling 'n eksemplaar indien van elke verhandeling voorheen deur hom vir 'n ander graad aangebied, hetsy dit aanvaar is of nie.

G42. Die verhandeling moet bewys lewer van die kandidaat se vermoë tot selfstandige werk. Die taal moet suiwer wees en die tegniese afwerking in orde. Die verhandeling moet by indiening vergesel gaan van 'n verklaring oor die mate waarin dit, in opset sowel as uitvoering, die kandidaat se eie werk is.

G43. Vir die doel van eksaminering moet 'n kandidaat drie eksemplare van sy verhandeling indien. Nadat die verhandeling goedgekeur is, en voordat die graad toegeken word, moet hy, tensy spesiale verlof verleen is om 'n kleiner aantal in te dien, nog sewe eksemplare indien, tesame met 'n opsomming van ongeveer 800 to 1,000 woorde.

G44. 'n Verhandeling moet in die reël in dubbelspasiëring getik en behoorlik ingebind wees.

G45. Die titelblad van 'n verhandeling moet die volgende besonderhede bevat :

1. (die volle titel van die verhandeling) .....
2. deur (die volle naam van die kandidaat).....
3. Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad van Magister van.....  
van die Universiteit van Suid-Afrika in die Fakulteit.....  
van die Universiteitskollege van Fort Hare.
4. Datum van indiening .....

#### *Publikasie van verhandelintg*

G46. Indien 'n gedeelte van die voorgelegde verhandeling op die datum van indiening nie tot bevrediging van die Universiteit van Suid-Afrika gepubliseer word of is nie, het die Universiteit van Suid-Afrika die reg om die werk in sy geheel of gedeeltelik vir navorsingsdoeleindes te reproduseer. Die Universiteit van Suid-Afrika kan van hierdie reg afstand doen, mits die kandidaat reëlings tref om die werk te publiseer tot bevrediging van die Universiteit.

University of Fort Hare  
Tog **Doktorgrade**

#### *Kwalifikasie vir Registrasie*

G47. Behoudens spesiale bepalinge in die fakulteitsreglemente moet 'n kandidaat, om vir registrasie te kwalifiseer, die graad magister behaal het in die departement waarin hy wil studeer, en tot bevrediging van die Universiteit van Suid-Afrika bewys gelewer het aangaande sy bekwaamheid in die vak.

#### *Duur van leergang*

G48. Die graad word nie aan 'n kandidaat toegeken voordat twee jaar of sodanige langer tydperk as wat in die fakulteitsreglemente voorgeskryf is, verloop het sedert hy die magistersgraad verwerf het nie.

#### *Eksamen*

G49. Die eksamen bestaan uit 'n proefskrif en, indien die Universiteit van Suid-Afrika dit voorskryf of die eksamenkommissie dit verlang, 'n mondelinge of skriftelike eksamen oor die onderwerp van die proefskrif en die betrokke vak as geheel.

G50. Geen kandidaat mag 'n proefskrif indien nie tensy hy die Universiteit van Suid-Afrika op aanbeveling van die promotor oortuig het dat hy 'n bevredigende kennis van die vak as geheel besit. Die Universiteit van Suid-Afrika kan buitendien 'n program van studie voorskryf waaroor 'n kandidaat 'n doktorsale eksamen moet aflê voordat hy sy proefskrif mag indien.

G51. 'n Eksaminator of enige ander persoon wat skriftelik by die promotor daarom aansoek gedoen het, mag 'n kandidaat by 'n mondelinge verdediging van sy proefskrif opponeer, mits sodanige opponer die eksamenkommissie oortuig dat die punte wat hy

opper, nie aan die kandidaat meegedeel is nie. Elkeen wat die kandidaat aldus wil opponeer, kan by die promotor aansoek doen om 'n geleentheid om die proefskrif te lees.

G52. Sonder spesiale toestemming van die Universiteit van Suid-Afrika mag niemand hom meer as twee maal vir die eksamen aanmeld nie.

#### *Proefskrif*

G53. Voordat hy tot die studie toegelaat word, moet 'n kandidaat die titel van sy voorgestelde proefskrif tesame met 'n uiteensetting van sy voorgestelde behandeling en metode van ondersoek vir goedkeuring deur die Universiteit van Suid-Afrika voorlê.

G54. Die Senaat van die Universiteitskollege van Fort Hare kan by die Universiteit van Suid-Afrika die hoof van die betrokke departement van die Universiteitskollege van Fort Hare as promotor van die kandidaat voorstel, of in die alternatief die dosent van die betrokke vak.

G55. 'n Proefskrif moet bewys lewer van oorspronklike werk en moet 'n besliste bydrae tot die kennis van en insig in die vak wees.

G56. Reglemente G39 tot G46 geld *mutatis mutandis* ook vir 'n proefskrif. Die titelblad moet die naam van die promotor vermeld.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

# FAKULTEIT TEOLOGIE

## REGLEMENTE

### GRADE

D.1. Die volgende grade word in die Fakulteit uitgereik :

Baccalaureus Artium (Theologiae)	.....	B.A. (Theol.)
Honneurs-Baccalaureus Artium (Theologiae)	Hons.-B.A. (Theol.)	
Baccalaureus Divinitatis	.....	B.D.
Magister Divinitatis	.....	M.Div.
Doctor Divinitatis	.....	D.D.

#### Die Graad Baccalaureus Artium (Theologiae)

##### Leergang

D.2. Die leergang strek oor DRIE jaar en die volgende kursusse moet voltooi word:—

- Bybelkunde I, II, III.
- Sistematiese Teologie I, II, III.
- Kerkgeskiedenis I, II.
- Hebreeus I
- Grieks I of Hellenistiese Grieks I.
- Afrikaans-Nederland I of Engels I.

D.3. Die reëls vir die graad Baccalaureus Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte geld *mutatis mutandis* verder vir hierdie graad.

#### Die Graad Honneurs-Baccalaureus Artium (Theologiae)

##### Regulasies

- D.4. (i) 'n Hons.—B.A. (Theol.) kan slegs na 'n B.A. (Theol.) aangebied word, of deur 'n student wat die B.A.-graad besit en die ontbrekende vakke van B.A. (Theol.) aangevul het, geneem word.
- (ii) Die Hons.-B.A. (Theol.) sal bestaan uit 'n gespesialiseerde kursus in óf Bybelkunde óf Sistematiese Teologie. Iemand wat die hoofrigting Bybelkunde neem, sal óf Ou óf Nuwe Testamentiese Wetenskap as hoofgroep neem. In gevalle waar die Ou Testamentiese Wetenskap as hoofrigting gekies word, is Hebreeus II 'n vereiste; en waar die Nuwe Testamentiese Wetenskap as hoofrigting gekies word, is Grieks II (of Hellenistiese Grieks II) 'n vereiste. Wanneer iemand die hoofrigting Sistematiese Teologie neem, sal óf Dogmatiek óf Etiek die hoofklem dra. Hierby word óf Hebreeus II óf Grieks II (of Hellenistiese Grieks II) óf Latyn I (of Patristiese Latyn I) vereis.
- (iii) Die Hons.-B.A. (Theol.)-leergang sal 'n skripsie insluit en sal ten volle gelykwaardig wees aan leerstof van die B.D.-kursus in die bepaalde vakgebied.
- (iv) Die Hons.-B.A. (Theol.) sal nie opgevolg kan word met 'n M.A. of Doktorsgraad nie, maar sou moet lei tot B.D.-studie.

#### Die Graad Baccalaureus Divinitatis

- D.5. (i) Kandidate vir die graad B.D. moes vantevore toegelaat gewees het tot die graad B.A. of B.A. (Theol.) of Hons.-B.A. (Theol.)  
*Alleen in heel buitengewone gevalle* kan die Senaat, op aanbeveling van die Fakulteit Teologie, toelaat dat hoogstens *een* vak, gedurende die eerste jaar van die B.D.-leergang voltooi word: Met dien verstande dat aan alle vereistes vir die graad B.A. of B.A. (Theol.) of Hons.-B.A. (Theol.) voldoen is voordat met die werk van die tweede jaar 'n aanvang gemaak word.

- (ii) Kandidate vir die B.D.-graad moet verder vir die graad B.A. of B.A. (Theol.) of Hons.-B.A. (Theol.) twee kursusse ingesluit het in Grieks (of Hellenistiese Grieks) en Hebreeus en een kursus in Latyn (of Patristiese Latyn). Kandidate wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan toegelaat word tot die kursus : Met dien verstande dat kandidate sodanige spesiale voorbereidende eksamens in hierdie vakke moet aflê as wat die Senaat, op aanbeveling van die Fakulteit Teologie, bepaal.
- (iii) Dit is wenslik dat kandidate wat voornemens is om met die B.D.-studie voort te gaan, die volgende vakke in hul B.A.-leergange insluit : Engels, Afrikaans-Nederlands, Wysbegeerte, Sielkunde en Sosiologie.  
(Kandidate wat 'n Baccalaureus-graad in 'n ander Fakulteit behaal het, word toegelaat tot die B.D.-kursus op voorwaarde dat hulle sodanige spesiale aanvullende eksamens aflê as wat die Senaat, op aanbeveling van die studiekomitee vir Teologie, bepaal, insluitende Grieks II (of Hellenistiese Grieks II), Hebreeus, Latyn I (of Patristiese Latyn I).)
- (iv) Alle spesiale aanvullende eksamens moet in alle gevalle afgelê wees voordat met die studie van B.D. 'n aanvang gemaak word.
- (v) Alle regulasies vir grade in Teologie vervat in die jaarboek van die Universiteit van Suid-Afrika sal geldig wees.

### Leerplan

#### Eerste Jaar (een vraestel in elke vak) :

Ou Testamentiese Eksegese I, Ou Testamentiese Inleiding I, Nuwe Testamentiese Eksegese I, Nuwe Testamentiese Inleiding I, Bybelse Teologie I, Godsdienwetenskap I, Kerkgeskiedenis I, Christelike Etiek I, Dogmatiek I.

#### Tweede Jaar (een vraestel in elke vak) :

Ou Testamentiese Eksegese II, Ou Testamentiese Inleiding II, Nuwe Testamentiese Eksegese II, Nuwe Testamentiese Inleiding II, Bybelse Teologie II, Godsdienwetenskap II, Kerkgeskiedenis II, Christelike Etiek II, Dogmatiek II.

Die volgende Diploma word in die Fakulteit uitgereik :

### Diploma in Teologie

- D.6. (i) 'n Kandidaat sal nie tot die kursus toegelaat word nie tensy hy verlof van die Raad van die Fakulteit op aanbeveling van die Dekaan van die Fakulteit Teologie verkry het nie.
- (ii) 'n Kandidaat sal nie tot die kursus toegelaat word nie tensy hy die Raad van die Fakulteit bevredig het i.v.m. sy rypheid en van sy bevoegdheid om die kursus te onderneem.
- (iii) 'n Kandidaat vir die Diploma moet die Universiteitskollege nie minder as drie akademiese jare bywoon nie.
- (iv) 'n Kandidaat moet krediet verkry in al die kursusse in die volgende leerplan :  
Bybelkunde I, II, III.  
Sistematiese Teologie I, II, III.  
Kerkgeskiedenis I, II.  
Engels I of Praktiese Engels of Afrikaans-Nederlands I  
Hellenistiese Grieks I of Hebreeus I of Volkekunde I of Sielkunde I of Wysbegeerte I of Kōsa I.
- (v) 'n Kandidaat sal krediet ontvang vir vakke waarin hy geslaag het met dien verstande dat hy hom nie aanbied vir eksamens in meer as vyf vakke in een jaar nie.
- (vi) 'n Kandidaat wat Afrikaans-Nederlands neem moet aan die nodige voorbereidende vereistes voldoen ten einde vir hierdie kursus te kan inskrywe.

### Leerplanne :

Vir leerplanne in hierdie Fakulteit, sien Engelse teks.

## FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID

### REGLEMENTE.

#### GRANDE EN SERTIFIKATE IN REGSGELEERDHEID

L1. Die volgende graad word uitgereik :—

Baccalaureus Legum ..... LL.B.

L2. Die volgende Sertifikate word verleen :—

- (1) Die Prokureurstoelatingsertifikaat.
- (2) Die Staatsdienssertifikaat in die Regte.

L3. Kandidate vir die LL.B.-graad moet reeds die graad of status van Baccalaureus in 'n ander fakulteit as die van Regsgeleerdheid besit.

L4. (a) 'n Kandidaat vir die graad LL.B. moet 'n eenjarige kwalifiserende kursus in die vakke Latyn, Afrikaans-Nederlands en Engels voltooi het voor die graad aan hom toegeken word, of in die alternatief 'n eenjarige kwalifiserende kursus in die vakke Latyn, sy moedertaal en óf Engels óf Afrikaans, ter keuse van die kandidaat ; in die alternatiewe geval word van die kandidaat verwag om te bewys dat hy 'n lees kennis besit in die amptelike taal wat hy nie gekies het nie. Praktiese Afrikaans en Praktiese Engels kan in die plek van Afrikaans-Nederlands I en Engels I respektiewelik geneem word.

(b) 'n Kandidaat moet Latyn I voor of saam met Romeinse Reg II volg en geen kandidaat ontvang krediet vir Romeinse Reg II alvorens hy in Latyn I geslaag het nie.

L5. Kandidate vir die graad moet die volgende vakke neem :

#### *Eerste jaar.*

- (1) Privaatreg I.
- (2) Privaatreg II.
- (3) Romeinse Reg I.
- (4) Staatsreg I.
- (5) Volkereg.

#### *Tweede jaar.*

- (1) Privaatreg III.
- (2) Romeinse Reg II.
- (3) Handelsreg I.
- (4) Staatsreg II.
- (5) Uitleg van Wette en Internasionale Privaatreg.

#### *Derde jaar.*

- (1) Privaatreg IV.
- (2) Handelsreg II.
- (3) Prosesreg I (Bewysreg).
- (4) Strafrege I.
- (5) Suid-Afrikaanse Bantoereg of Regsvergelyking.

#### *Vierde jaar.*

- (1) Privaatreg V.
- (2) Algemene Regsleer.
- (3) Prosesreg II.
- (4) Strafrege II.
- (5) Suid-Afrikaanse Bantoereg II of Handelsreg III.

L6. Suid-Afrikaanse Bantoereg I en II kan slegs geneem word indien 'n kandidaat in Volkekunde I geslaag het.

Die tydperk van studie word met een jaar verminder as minstens vier regskursusse geneem is vir die graad Baccalaureus Artium of Baccalaureus Commercii.

Inligting ten opsigte van voorgeskrewe boeke sal deur die dosente verskaf word.

### Die Prokureurstoelatingsertifikaat.

L7. Die student moet in die besit wees van 'n matrikulasiesertifikaat of 'n matrikulasierystelling sertifikaat

L8. *Leerplan* :—

#### *Eerste jaar.*

- (1) Privaatreg I
- (2) Handelsreg I.
- (3) Strafrege

#### *Tweede jaar.*

- (1) Privaatreg II.
- (2) Strafprosesreg.
- (3) Bewysleer.
- (4) Siviele Prosesreg.

#### *Derde jaar.*

- (1) Privaatreg III.
- (2) Romeinse Reg.
- (3) Handelsreg II.
- (4) Uitleg van Wette ('n halwe kursus);
- (5) *Of* Staats- en Administratiefreg, *of*—  
(a) Suid-Afrikaanse Bantoe-reg: en  
(b) Suid-Afrikaanse Bantoe-administrasie ('n halwe kursus).

L9. (a) Om Romeinse Reg te loop moet die student die matrikulasiestandaard in Latyn behaal het of 'n eksamen in Latyn geslaag het wat deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad as gelykstaande met matrikulasie Latyn gesertifiseer is.

(b) Kandidate wat nie matrikulasie Engels of Afrikaans behaal het nie, moet in die eerste jaar van hulle studie die beginnerskursus volg in die taal waarin hulle nie gekwalifiseer is nie, en sal in die eksamen in die vak moet slaag alvorens die sertifikaat aan hulle uitgereik word.

L10. Om tot die tweede jaar toegelaat te word moet die student in die eksamen in minstens twee vakke van die eerste jaar geslaag het en om tot die derde jaar toegelaat te word moet die student in die eksamen in alle vakke van die eerste jaar en minstens twee vakke van die tweede jaar geslaag het.

L11. 'n Student behou erkenning van 'n slaag in die eksamen in die vakke van die eerste en die tweede jaar, maar ten opsigte van die eksamen in vakke van die derde jaar alleen ingeval hy in ten minste twee vakke van die jaar tegelykertyd geslaag het.

L12. Die kandidaat kan die kursus met lof slaag, indien hy in alle vakke van die derde jaar tegelykertyd slaag en 'n gemiddelde van minstens 70 persent behaal.

### Staatsdienssertifikaat in die Regte

L13. *Toelating*.—Om toegelaat te word moet die student in die besit wees van die Skooleindesertifikaat.

L14. *Leerplan.*—Die vakke is soos volg :

*Eerste jaar.*

- (1) Privaatreg I.
- (2) Handelsreg I.
- (3) Strafrege.

*Tweede jaar.*

- (1) Privaatreg II.
- (2) Strafprosesreg.
- (3) Bewysleer.
- (4) Siviele Prosesreg.

*Derde jaar.*

- (1) Privaatreg III.
- (2) Romeinse Reg.
- (3) Uitleg van Wette ('n halwe kursus).
- (4) *Of* Handelsreg II, *of*—
  - (a) Suid-Afrikaanse Bantoreg ; en
  - (b) Suid-Afrikaanse Bantoe-administrasie ('n halwe kursus).

L15. Om toegelaat te word tot die tweede jaar moet die student geslaag het in die eksamen in minstens twee vakke van die eerste jaar en om toegelaat te word tot die derde jaar moet die student geslaag het in die eksamen van alle vakke van die eerste jaar en van minstens twee vakke van die tweede jaar.

L16. 'n Student behou erkenning van 'n slaag in die eksamen in die vakke van die eerste en die tweede jaar, maar van die derde jaar slegs indien hy in die eksamen in twee vakke gelyktydig geslaag het.

L17. Die Sertifikaat kan met onderskeiding behaal word deur die kandidaat wat in die eksamen met onderskeiding slaag, wat geskied wanneer hy in die eksamen in al die vakke van die derde jaar gelyktydig slaag en 'n gemiddelde van minstens 70 persent betaal.

## FAKULTEIT REGSGELEERDHEID.

### I. Departement Publiekreg

#### A. Strafreëg.

(a) *Vir LL.B.*

##### Kursus I

(Een vraestel)

1. Inleiding tot die studie van die strafreg ; die afbakening van die strafreg en ander gebiede van die reg ; die evolusie van die strafreg ; strafregteorieë ; stafreg en strafreg-wetenskap ; geskiedenis en bronne van die Suid-Afrikaanse strafreg ; die begrip misdaad ; die onderskeiding van gemeenregtelike en statutêre misdade.
2. Die algemene leerstukke van die strafreg : die misdaadelemente ; poging, daderskap en medepligtigheid ; begunstiging ; uitlokking en sameswering.
3. Misdade teen die lewe en liggaam.

##### Kursus II

(Een vraestel)

Die belangrikste gemeenregtelike en statutêre misdade onder die volgende hoofde : misdade teen die staatsgesag ; misdade teen die eer, waardigheid en vryheid ; misdade teen die familieregte ; misdade teen die sedelikheid ; misdade teen die vermoë ; misdade in verband met die regspleging.

(b) *Vir Prokureurstoelatingseksamen :*

##### Een kursus

(Een vraestel)

1. Inleiding tot die studie van die strafreg ; die afbakening van die strafreg en ander gebiede van die reg ; geskiedenis en bronne van die Suid-Afrikaanse strafreg ; die begrip misdaad ; gemeenregtelike en statutêre misdade.
2. Die algemene leerstukke van die strafreg : die misdaadelemente ; poging, daderskap en medepligtigheid ; begunstiging ; uitlokking en sameswering.
3. Die belangrikste gemeenregtelike en statutêre misdade onder die volgende hoofde : misdade teen die staat ; misdade teen die lewe ; misdade teen die liggaamlike integriteit, eer, waardigheid, goeie naam en vryheid ; misdade teen die vermoë ; misdade teen die geslagslewe ; misdade teen die huwelik, godsdiens en sedelikheid ; misdade teen die regspleging.

(c) *Vir Staatsdienseksamen in die Regte :*

##### Een kursus

(Een vraestel)

Soos vir Prokureurstoelatingseksamen.

#### B. Staatsreg.

(a) *Vir LL.B.:*

##### Kursus I

(Een vraestel)

*Staatsreg :*

1. Die ontwikkeling van die Britse parlementêre stelsel.
2. Konvensies en die partystelsel.
3. "The Rule of Law" en fundamentele vryhede.
4. Die ontwikkeling van die Britse Ryk tot die Gemenebes van Nasies of Statebond.

5. Staatsreg van die Republiek van Suid-Afrika : die uitvoerende, wetgewende en regsprekende gesag.

6. Nasionaliteit of burgerskap.

7. Die provinsiale stelsel, asook 'n beknopte oorsig van die staatsregtelike posisie van Suidwes-Afrika.

8. 'n Kort oorsig van die staatsreg wat betref die posisie van nie-blankes in Suid-Afrika.

*Administratiefreg :*

1. Inleiding : aard, omvang en bronne.

2. Die vernaamste voorskrifte waaraan die uitoefening van administratiefregtelike bevoegdhede getoets word.

3 Administratiewe regspraak en die onderskeiding tussen regsprekende en administratiewe bevoegdhede.

4. Die sivilregtelike aanspreeklikheid van die staat.

**Kursus II**

(Een vraestel)

1. *Capita selecta* uit die staatsregsvergeelyking met besondere verwysing na die konstitusies van die V.S.A., Frankryk, Holland, Switserland en Australië.

2. 'n Noukeurige bestudering van die administratiefreg.

(b) *Vir Prokureurstoelatingsekasamen :*



**Een kursus**  
in die hand bring  
die volkerereg  
(Een vraestel)

Soos vir LL.B.

University of Port Harcourt  
**U. P. H.**  
Together in Excellence

*Vir LL.B.:*

**Een kursus**  
(Een vraestel)

Die algemene beginsels van die volkerereg.

Die vredesreg en die elementêre beginsels van die oorlogsreg.

Die reg betreffende die vernaamste volkereregtelike organisasies.

Die internasionale status van Suidwes-Afrika.

**D. Strafprosesreg**

(a) *Vir LL.B.:*

(Een Vraestel)

1. Inleiding tot die studie van die strafprosesreg : die funksie van die strafprosesreg ; die plek van die strafprosesreg in die sistematiek van die reg ; die afbakening van die strafprosesreg van ander gebiede van die reg.

2. Die beginsels van die Suid-Afrikaanse strafprosesreg in sowel die Landdroshof as die Hooggeregshof, onder die volgende hoofde : die verskillende strafhowe, die jurisdiksie van die strafhowe ; uitlewering van misdadigers ; die vervolging van misdade ; metodes van verkryging van die beskuldigde se teenwoordigheid by strafverhore ; visentering ; huissoeking ; inbeslagneming van goedere ; bevryding van vroue aangehou vir onsedelike doeleindes ; borg ; voorlopige ondersoek ; aktes van beskuldiging ; voorbrenging van die beskuldigde ; die verloop van die verhoor ná voorbrenging tot en met vonnis ; spesiale inskrywings en voorbehoud van regsvrae ; hersiening en appèlle.

(b) *Vir Prokureurstoelatingseksamen*

(Een Vraestel)

Soos vir LL.B.

(c) *Vir Staatsdienseksamen in die Regte :*

Soos vir Prokureurstoelatingseksamen.

#### E. Siviele Prosesreg

(a) *Vir LL.B.:*

(Een Vraestel)

Die prosesreg in siviele sake in die hoër en die laer howe.

(b) *Vir Prokureurstoelatingseksamen :*

(Een Vraestel)

Soos vir LL.B.

(c) *Vir Staatsdienseksamen in die Regte :*

Soos vir Prokureurstoelatingseksamen.

#### F. Uitleg van Wette

(a) *Vir LL.B.:*

(Halwe Vraestel)

Die beginsels van die Uitleg van Wette.

(b) *Vir Prokureurstoelatingseksamen :*

(Halwe Vraestel)

Soos vir LL.B.

(c) *Vir Staatsdienseksamen in die Regte :*

Soos vir Prokureurstoelatingseksamen.

#### G. Bewysreg

(a) *Vir LL.B.:*

University of Fort Hare

Together in Excellence

(Een Vraestel)

Die bewysreg in Strafsake en Siviele sake.

(b) *Vir Prokureurstoelatingseksamen :*

(Een Vraestel)

Soos vir LL.B.

(c) *Vir Staatsdienseksamen in die Regte :*

Soos vir Prokureurstoelatingseksamen.

## II. DEPARTEMENT PRIVAATREG

### A. Privaatreg

(a) *Vir LL.B.:*

#### Kursus I

(Een vraestel)

(a) Inleiding tot die studie van die reg:—

- (i) die aard en funksie van die reg ;
- (ii) die formele bronne van die reg (gewoonte, wetgewing, regspraak) ;
- (iii) die indeling van die reg ;
- (iv) die vernaamste begrippe van die regs wetenskap ;
- (v) 'n oorsig van die oorsprong en geskiedenis van die Suid-Afrikaanse reg.

(b) Personereg.

(c) Familiereg, insluitende ouerlike gesag, voogdy en kuratele.

**Kursus II**  
(Twee vraestelle)

- (a) Sakereg.
- (b) Erfreg.

**Kursus III**  
(Twee vraestelle)

Verbintenisreg :

- (a) Algemene leerstukke van verbintenis en kontrak ; besondere kontrakte, o.a. koop, huurkoop, huur, die dienskontrak, lasgewing en verteenwoordiging, borgtog ; die beginsels van verrykingsaanspreeklikheid.
- (b) Onregmatige dade : algemene leerstukke en besondere delikte.

**Kursus IV**  
(Twee vraestelle)

Die volgende *capita selecta* :

- 1. (a) Fideikommis, trust, stigting en verwante verskynsels.  
(b) Waterreg.
- 2. (a) Koop en Huur.  
(b) Estoppel.

**Kursus V**  
(Twee vraestelle)

Die volgende *capita selecta* :

- 1. (a) Verteenwoordiging en sessie.  
(b) Verrykingsaanspreeklikheid.
- 2. (a) Aquiliese aanspreeklikheid.  
(b) Persoonlikheidsreg en *Iniuria*.

(b) *Vir die Prokureurstoelatingseksamen*

University of Fort Hare  
Together in Excellence

**Kursus I**  
(Een vraestel)  
Soos vir LL.B.

**Kursus II**  
(Twee vraestelle)  
Soos vir LL.B.

**Kursus III**  
(Twee vraestelle)  
Soos vir LL.B.

(c) *Vir die Staatsdienseksamen in die Regte* :

**Kursus I**  
(Een vraestel)  
Soos vir LL.B.

**Kursus II**  
(Twee vraestelle)  
Soos vir LL.B.

**Kursus III**  
(Twee vraestelle)  
Soos vir LL.B.

## B. Romeinse Reg

(a) *Vir LL.B.*:

### Kursus I

(Twee vraestelle)

#### Vraestel 1

(a) Geskiedenis en bronne van die Romeinse reg tot Justinianus.

(b) 'n Skets van die relewante aspekte van die reg insake aksies (prosesreg).

(c) Vraestel 1 bevat stukke vir vertaling en kommentaar uit Justinianus se *Institute* vir sover hul betrekking het op die vakgebiede wat in hierdie kursus behandel word. Hiervoor word 'n subminimum van 25% vereis.

#### Vraestel 2

Beginsels van die Romeinse persoonereg, familiereg, erfreg en sakereg.

### Kursus II

(Twee en 'n halwe vraestelle)

#### Vraestel 1

Oor aksies, persone en sake; 'n meer intensiewe studie van sekere aspekte van die Romeinse sakereg.

#### Vraestel 2

Die Romeinse verbintenisreg.

#### Vraestel 3

Geskiedenis en bronne van die Romeinse reg na Justinianus, en van die Romeins-Hollandse reg.

Vraestelle bevat stukke vir vertaling en kommentaar uit die volgende:

- (i) Gaius se *Institute*, Boek IV.
- (ii) Die volgende stukke uit die *Digesta* :—  
Boek 2—Tit. 14 : *De pariti*.  
Boek 18—Tit. 1 : *De contrahenda emptio*.  
Boek 9—Tit. 2 : *Ad legem Aquiliam*.  
Boek 41—Tit. 2 : *De acquirenda vel amittenda possessione*.

(b) *Vir die Prokureurstoelatingseksamen* :

### Een Kursus

(Een vraestel)

Oorsig van die geskiedenis en beginsels van die Romeinse reg, met verwysing ook na die Prosesreg; hoofsaaklik dié dele wat vir die hedendaagse reg van belang is:

1. Geskiedenis en bronne: Die vernaamste tydperke van die Romeinse regs-geskiedenis van 753 v.C. tot en met Justinianus, met die bronne van die reg in daardie tydperk.
2. Persone- en familiereg: Die begrip persoon; die Romeinse familie en die klasse persone onder die potestas; die bevoegdheid van die gesinslede en beëindiging van die patria potestas; voogdy en kuratele.
3. Sakereg.
4. Erfreg: Die testamentêre erfreg; legate, fideicommissa; kodisille; skenkings.
5. Verbintenisreg.

(c) *Vir die Staatsdienseksamen in die Regte* :

### Een kursus

(Een vraestel)

Soos vir die Prokureurstoelatingseksamen

## C. SUID-AFRIKAANSE BANTOE -EN NATURELLEREG.

(a) *Vir LL.B.:*

### Kursus I (Een Vraestel)

1. Aard van en teorieë omtrent ongespesialiseerde regstelsels.
2. Bronne van die Suid-Afrikaanse Bantoe-reg.
3. Indeling van die Suid-Afrikaanse Bantoe-reg.
4. Erkenning van die Suid-Afrikaanse Bantoe-reg in historiese perspektief.
5. Aard, bronne en toekoms van die Suid-Afrikaanse Naturellereg.
6. Suid-Afrikaanse Bantoe—en Naturellepubliekreg.
7. Suid-Afrikaanse Bantoe-en Naturellepersonereg.

### Kursus II (Twee Vraestelle)

1. Suid-Afrikaanse Bantoe-en Naturellefamiliereg.
2. Suid-Afrikaanse Bantoe-en Naturelle sakereg.
3. Suid-Afrikaanse Bantoe-en Naturelle-erfreg.
4. Suid-Afrikaanse Bantoe-en Naturelleverbintenisreg.
5. Suid-Afrikaanse Bantoe-en Naturelleproses-en bewysreg.

(b) *Vir die Prokureurstoelatingeksamen en die Staatsdienseksamen in die Regte :*

### Spesiale Kursus (Een Vraestel)

1. Suid-Afrikaanse Bantoe-reg : kort oorsig van die aard van die tradisionele reg van die Suid-Afrikaanse Bantoe, met verwysing na :
  - (a) die verband tussen religie, gewoonte en reg ; sanksies ; regs wysiging ; regs-bronne ;
  - (b) tradisionele staatsinstellinge : regsgemeenskappe, hoofde en rade en hul bestuurs-en regsprekende funksies, hiërargie van howe.
2. Erkenning, toepassing en wysiging van die tradisionele reg van die Suid-Afrikaanse Bantoe voor en na 1927 en die erkenning en modernisering van hulle tradisionele staatsinstellinge.
3. Suid-Afrikaanse Naturellereg, met inbegrip van
  - (a) die aard, inhoud en bronne van die Suid-Afrikaanse Naturellereg ;
  - (b) howe en regspraak vir sover naturelle daarby betrokke kan wees en wetgewing in verband daarmee, insonderheid die Naturelle-administrasie Wet, 1927 ; die Naturelle-administrasie 1927, Wysigingswet, 1929 ; die Natalse Wetboek van Naturellereg.
  - (c) persone-en familiereg, sakereg, erfreg, verbintenisreg ;
  - (d) proses-en bewysreg.

### SUID-AFRIKAANSE BANTOE-ADMINISTRASIE.

(Een vraestel van 1½ uur.)

1. Belang van Bantoe-administrasie vir en in verband met die regspleging vir en deur Bantoe.
2. Kort oorsig van die ontwikkeling van Naturellebeleid en-administrasie voor 1910 met spesiale verwysing na die beleidsrigtings en administrasiestelsels vir die Bantoe bevolking wat
  - (a) sedert 1910 nagevolg is en
  - (b) tans nog nagevolg word.
3. Struktuur en funksies van die hedendaagse Bantoe-administrasie in die algemeen en in sonderheid in die Bantoegebiede en in Blanke landelike en stadsgebiede ; aandeel van die Bantoe in sy eie bestuur. (Besondere aandag word gewy aan die administratiewe aangeleenthede wat betrekking het op die regspleging vir en deur Bantoe.)
4. Ander bepalinge van die Naturelle-administrasie Wet, 1927, soos gewysig.

## D. ALGEMENE REGSLEER.

(Een Vraestel)

Die algemene teorie van die regs wetenskap, histories en krities beskou, en die grondbegrippe en-beginsels van die regs wetenskap.

## E. REGSVERGELYKING

(Een Vraestel)

Inleiding tot die regs vergelykende metode en tot 'n regs vergelykende studie van hoofsaaklik die Duitse, die Nederlandse, die Franse en die Anglo-Amerikaanse regstelsels teenoor die Suid-Afrikaanse, met inbegrip van die geskiedkundige ontwikkeling van daardie regstelsels.

## F. INTERNASIONALE PRIVAATREG.

(Halwe Vraestel)

## III. DEPARTEMENT HANDELSREG.

### HANDELSREG.

(a) *Vir LL.B.:*

#### Kursus I

(Een vraestel)

Die reg aangaande insolvensie, versekering en verhandelbare dokumente.

#### Kursus II

(Een vraestel)

Die reg aangaande maatskappye, vennootskappe en immateriële goedere.

#### Kursus III

(Een vraestel)

(a) Die betekenis en vertolking van finansiële state.

(b) Een van : (i) Arbeidsreg.

(ii) Belastingreg.

(b) *Vir die Prokureurstoelatingseksamen :*

#### Kursus I

(Een vraestel)

Die beginsels van vennootskapsreg ; die oprigting en administrasie van maatskappye.

#### Kursus II

(Een vraestel)

Die insolvensiereg ; die likwidasië van maatskappye ; die reg insake verhandelbare dokumente.

(c) *Vir die Staatsdienseksamen in die Regte :*

Soos vir die Prokureurstoelatingseksamen.

(d) *Vir B.Com :*

*Kursus Ia.*—Een vraestel.

Beginsels van die kontraktereg, koopkontrak, huurkoop, huurkontrak, die dienskontrak, verband en pand, retensieregte.

*Kursus Ib.*—Een vraestel.

Die reg aangaande die oprigting en administrasie van maatskappye ; vennootskapsreg.

*Kursus IIa.*—Een vraestel.

Borgtog ; verteenwoordiging en volmag ; verhandelbare dokumente ; vervoer ;

*Kursus IIb.*—Een vraestel.

Die reg aangaande likwidasie van maatskappye ; insolvensie ; versekering ; arbitrasie boedeladministrasie.

*Kursus IIc.*—Een vraestel.

Die volgende capita selecta uit die maatskappyreg : die ultra vires-leerstuk ; fondse beskikbaar vir dividende ; die regsposisie van direkteure, sekretarisse en ouditeure ; kontrakte met direkteure ; kontrolerende en filiaalmaatskappye ; prosedure by vergaderings ; bestuur van die maatskappy ; beskerming van minderheidsgroepe.

(e) *Vir die diploma in Handel en Administrasie :*

Die algemene beginsels van die kontraktereg ; die koopkontrak ; huurkoop ; die huurkontrak ; die dienskontrak ; borgtog ; pand en verband ; retensieregte ; verteenwoordiging assurance ; maatskappyreg ; insolvensie ; verhandelbare dokumente ; die vervoerkontrak.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

**REGLEMENT VIR DIE FAKULTEIT LETTERE EN  
WYSBEGEERTE**

**Grade en Diplomas.**

A1. Die volgende grade word in die Fakulteit uitgereik :—

I. In die lettere en wysbegeerte :—

Baccalaureus Artium .....	B.A.
Honneurs-Baccalaureus Artium .....	Hons.-B.A.
Magister Artium .....	M.A.
Doctor Litterarum et Philosophiae .....	D.Litt. et Phil.

II. In biblioteekwetenskap :—

Baccalaureus Bibliothecologiae .....	B. Bibl.
Honneurs-Baccalaureus Bibliothecologiae .....	Hons. B. Bibl.
Magister Bibliothecologiae .....	M. Bibl.
Doctor Litterarum et Philosophiae	
Bibliothecologiae .....	D.Litt. et Phil (Bibl.)

III. In die Sosiale wetenskappe :

Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe	B.A. (S.W.)
Honneurs-Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe .....	Hons.-B.A. (S.W.)
Magister Artium in die Sosiale Wetenskappe .....	M.A. (S.W.)
Doctor Philosophiae .....	D.Phil.

A2. Die volgende diplomas word in die Fakulteit uitgereik :—

*Universiteits Diploma in Maatskaplike Werk :*

*Kollege Diploma in Maatskaplike Werk :* (Dip Sos. Werk)

**Die Graad Baccalaureus Artium.**

*Duur van leergang en vakke*

A3. Die leergang duur minstens drie jaar en word uit kursusse in die volgende vakke saamgestel :—

*Group A : Basiese lettere-vakke*

(i) Afrikaans- Nederlands	(ii) Ekonomie Geskiedenis van die Wysbegeerte	(iii) Aardrykskunde Geskiedenis
Een Bantoetaal	Sielkunde	
Engels	Sistematiese Wysbegeerte	
Grieks	Sosiologie	
*Hellenistiese Grieks	Staatsleer	
Hebreeus	Volkekunde	
Latyn	Wiskunde	

*Groep B : Ander lettere-vakke*

- (i) 'n Tweede Bantoetaal
- (iii) \*
- \*Beginsels van die Griekse Kultuur
  - Ekonomiese Geskiedenis
- \*Praktiese Afrikaans
- Naturrelle-administrasie
- (ii) \*Algemene Inleiding tot die Wysbegeerte
- Staatsadministrasie
- Kriminologie
- \*Opvoedkunde
- Statistiek
- \*Wetenskaplike Dokumentasie en Wetenskaplike Tegniek.

*Group C : Regswetenskaplike vakke*

Privaatreg  
Romeinse Reg  
Staatsreg  
S.A. Bantoe-en Naturellereg.

*Group D : Teologiese vakke*

- (i) Sistematiese Teologie
- (ii) Bybelkunde
- Kerkgeskiedenis

*Group E : Natuurwetenskaplike vakke*

- \*Chemie
- \*Dierkunde
- \*Fisika
- \*Plantkunde



*Samestelling van die leergang* University of Fort Hare

A4. 'n Leergang bestaan uit minstens elf graadkursusse wat soos volg verdeel word :

- Eerste jaar hoogstens vyf  
Tweede jaar hoogstens vier  
Derde jaar hoogstens drie ;

met dien verstande dat :

(1) 'n student wat in sy eerste of sy tweede jaar in een of meer kursusse druij, een sodanige kursus in 'n daaropvolgende jaar kan herhaal en erkenning daarvoor kan verkry buite en behalwe bostaande maksimum ;

(2) 'n Student wat voorbereidende kursusse in klassieke tale neem en wie se totale aantal kursusse, met inbegrip van voornoemde voorbereidende kursusse, (a) vyf of minder is in die eerste jaar (insluitende een voorbereidende kursus), of vyf kursusse in die tweede jaar kan neem of vier kursusse in die derde jaar, op voorwaarde dat een van hierdie kursusse 'n eerste kursus in 'n klassieke taal moet wees ; (b) of 'n maksimum van vier kursusse is in die tweede jaar (insluitende kursusse wat herhaal word), vier kursusse in die derde jaar kan neem indien een van hierdie kursusse 'n eerste kursus in 'n klassieke taal is.

(3) 'n student nie vir graaddoeleindes nie hoogstens twee kursusse bo en behalwe die minimum van elf kursusse voorgeskryf vir die graad, mag neem ;

(4) 'n Student wat in die eindakursusse van sy hoofvakke geslaag het, hoogstens vyf kursusse per jaar mag aanbied.

(5) aan 'n student nie erkennig vir meer as twaalf kursusse vir die graad verleen word nie ;

(6) elke leergang minstens vier nie-aanvangskursusse moet insluit ; Grieks I en Latyn I geld as sulke kursusse indien na die voorbereidende kursusse geneem.

### Herhaling van kursusse

A5. 'n Kursus wat herhaal kan word, is :

(a) 'n kursus waarin voorheen vir 'n ander graad van die Universiteit, of vir 'n graad van 'n ander universiteit, gedruip is ;

(b) 'n kursus waarin voorheen geslaag is sonder erkenning vir die graad.

### Bepaling van studiejaar

A6. (1) 'n Student word geag in sy tweede studiejaar te wees vandat hy die eerste erkenning vir 'n graadkursus ontvang het totdat hy vir die eindakursusse in sy hoofvakke ingeskryf is.

(2) 'n Student word geag in sy derde studiejaar te wees wanneer hy vir die eindakursusse in sy hoofvakke ingeskryf is.

### Beperking op keuse van kursusse

A7. Tensy die Senaat anders toelaat, kies 'n student sy kursusse vir die graad onderworpe aan die volgende bepalings :

(a) Elke leergang bevat :

(i) minstens ses kursusse uit groep A, maar die Voorbereidende Kursusse in Latyn en Grieks word volgens Regulasie A3 bereken by die vasstelling van die maksimum aantal kursusse wat in een studiejaar geneem mag word.

(ii) minstens twee kursusse uit groep A (i) of B (i), waarvan een 'n kursus in een van die amptelike tale moet wees, maar geen leergang bevat meer as een spesiale taalkursus nie ;

(iii) minstens een kursus uit groep A (ii) of B (ii) of D (i) ;

(iv) minstens nog 'n graadkursus uit groep A (ii) of A (iii) of B (ii) of B (iii) of C of D (i) of D (ii), welke kursus 'n tweede kursus kan wees in 'n vak wat onder (iii) hierbo gekies is ;

met dien verstande dat kursusse nie uit meer as een van groepe C, D en E gekies word nie.

(b) Erkenning word nie verleen vir :

(i) meer as een kursus uit groep B nie ;

(ii) meer as ses kursusse uit groep D nie ;

(iii) meer as vyf kursusse uit groep C nie ;

(iv) sowel Beginsels van die Griekse kultuur as Grieks I of Hellenistiese Grieks I nie ;

sowel Beginsels van die Griekse kultuur as Grieks II of Hellenistiese Grieks II nie ;

(v) sowel Hellenistiese Grieks as Grieks I of Hellenistiese Grieks II sowel as Grieks II nie ;

(vi) sowel Statistiek as 'n kursus in Wiskunde nie ;

(vii) sowel Algemene Inleiding tot die Wysbegeerte as 'n ander kursus in die Wysbegeerte nie.

(c) Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I geld as eerste kursus vir sowel Ekonomie as Ekonomiese Geskiedenis. Daar is drie kursusse in Ekonomie en twee in Ekonomiese Geskiedenis. 'n Student wat Ekonomie vir drie jaar neem en Ekonomiese Geskiedenis vir twee jaar, ontvang dus erkenning vir slegs vier kursusse.

(d) 'n Voorbereidende kursus in Latyn of Grieks of Hellenistiese Grieks word nie as 'n graadkursus erken nie.

(e) 'n Student wat sowel Bybellkunde as Sistematiese Teologie as hoofvakke neem, moet minstens twee graadkursusse neem in een vak uit Groep A of Groep B.

(f) Hellenistiese Grieks I gee nie toelating tot Grieks II nie. Met spesiale toestemming van die hoof van die departement, en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal, kan 'n student wat Hellenistiese Grieks II geslaag het, toegelaat word om met Grieks III aan te gaan.

(g) Om tot die eerste kursus in Fisika toegelaat te kan word, moet 'n student minstens 33 $\frac{1}{3}$ % in Wiskunde by die Matrikulasie of 'n ekwivalente eksamen behaal het.

Algemene Inleiding tot die Wysbegeerte verleen nie toegang tot Geskiedenis van die Wysbegeerte II of Sistematiese Wysbegeerte II nie.

(h) Suid-Afrikaanse Bantoe- en Naturellereg kan slegs na Volkekunde I geneem word ;

Staatsadministrasie I slegs gelyktydig met of na Staatsleer II ;

Staatsadministrasie II slegs na Staatsleer II.

(i) Tensy die Senaat spesiaal toestem, sal die onderstaande van toepassing wees :

(i) Erkenning sal nie verleen word vir kursusse in meer as een Bantoetaal uit dieselfde groep nie.

Die groepering is soos volg :

(a) Nguni (Zulu, Xhosa).

(b) Sotho (Suid-Sotho, Noord-Sotho, Tswana).

(c) Venda.

(d) Tsonga.

(ii) Erkenning word nie verleen vir meer as vyf kursusse in Bantoetale nie, en die kursusse kan slegs in twee Bantoetale geneem word.

### Hoofvakke

A8. Elke leergang bevat minstens twee hoofvakke.

A9. Die eindeksamen in 'n hoofvak word nie voor die derde studiejaar van 'n student afgelê nie.

A10. Die hoofvakke word uit die volgende gekies :

(a) Hoofvakke met drie kursusse :—

Aardrykskunde	Hebreeus
Afrikaans-Nederlands	Latyn
Bantoetale	Naturelle-administrasie
Bybelkunde	Privaatreg
Ekonomie	Sielkunde
Engels	Sistematiese Teologie
Geskiedenis	Sistematiese Wysbegeerte
Geskiedenis van die	Sosiologie
Wysbegeerte	Staatsleer
Grieks	Volkekunde
Hebreeus Staatsleer	Wiskunde

(b) Hoofvakke met twee kursusse :—

Romeinse Reg	Staatsadministrasie
--------------	---------------------

A11. 'n Student wat een van onderstaande hoofvakke neem, moet die kursusse daarteenoor vermeld neem :

Hoofvak	Byvakke
Grieks	Minstens een kursus in Latyn. Geskiedenis van die Wysbegeerte I word ten sterkste aanbeveel.
Latyn	Beginnels van die Griekse Kultuur of Grieks I of Hellenistiese Grieks I. (Aspirant-LL.B.-kandidate kan van hierdie vereiste vrygestel word.)
Naturelle-administrasie	Een kursus in Naturellereg en in 'n goedgekeurde Bantoetaal en twee kwalifiserende kursusse in Volkekunde.

Privaatreg	Minstens een kursus in Romeinse Reg.
Romeinse Reg	Minstens een kursus in Latyn en een kursus in Privaatreg.
Sosiologie	Minstens een kursus in een van Sielkunde of Wysbegeerte (Geschiedenis van/of Sistematiese) of Staatsleer of Ekonomie en Ekonomiese Geschiedenis of Volkekunde of Kriminologie.
Staatsadministrasie	Twee kursusse in Staatsleer.
Volkekunde	Minstens een kursus in 'n goedgekeurde Bantoetaal en in Naturelle-administrasie of S.A. Oudheidkunde of Sosiologie of Ekonomie en Ekonomiese Geschiedenis.

(*LW.*—'n Student wat 'n moderne taal as hoofvak kies, word aangeraai om Latyn of Grieks as byvak te neem; en een wat Geschiedenis aldus kies, Bibliografie.)

A12. 'n Student moet voor of gelyktydig met die eindeksamen in 'n hoofvak slaag in die byvak of byvakke in A11 vermeld; met dien verstande dat indien hy in die eindeksamen gelyktydig in twee hoofvakke geslaag het, maar in een of meer van die verpligte byvakke gedruip het, hy in daardie hoofvakke nie weer eksamen hoef te doen nie, dog vir die graad erkenning van die hoofvakke ontvang wanneer hy in die byvak of byvakke geslaag het.

*Slaag met lof*

A13. 'n Student slaag met lof in 'n hoofvak indien hy 'n onderskeidingspunt in die eindkursus behaal.

**Die Graad Honneurs-Baccalaureus Artium**

*Departemente*

A14. Die graad word in die volgende departemente toegeken:

Aardrykskunde	Latyn
Afrikaans-Nederlandse Taal en Lettere	Naturelle-administrasie
Bantoetale	Sielkunde
Ekonomie	Sosiologie
Engelse Taal en Lettere	Staatsadministrasie
Geschiedenis	Staatsleer
Grieks	Volkekunde
Klassieke	Wiskunde
	Wysbegeerte

*Toelating tot studie en eksamen*

A15. (1) Waar besondere toelatings- en eksamenvereistes geld, word dié in die leerplanne aangedui.

(2) Om te slaag, moet 'n kandidaat die slaagsyfer in die eksamen as geheel behaal, met 'n minimum van 40 persent in elke vraestel. Die subminimum geld nie vir vakke wat ook in die Fakulteit Natuurwetenskappe gemeem kan word nie, soos Aardrykskunde en Sielkunde.

(3) Om die graad met lof te verwerf, moet 'n kandidaat in die totaal 'n onderskeidingspunt behaal.

**Die Graad Magister Artium**

*Departemente*

A16. Die graad word in dieselfde departemente verleen as die graad Honneurs-Baccalaureus.

*Eksamen*

- A17. (1) Die eksamenvereistes is soos in die leerplanne voorgeskryf.  
 (2) Die graad kan met lof toegeken word.

## Die Graad Doctor Litterarum et Philosophiae

### Proefskrif

A18. 'n Proefskrif handel oor 'n onderwerp in 'n vak waarin die magistergraad geneem kan word.

### Klassieke Tale

A19. 'n Student wat die graad in die Klassieke Tale wil behaal, moet sowel Latyn III as Grieks III voltooi het.

### Reglemente vir Grade in Biblioteekkunde

Die volgende grade in Biblioteekwetenskap word toegeken :

Baccalaureus Bibliothecologiae	..	B.Bibl.
Honoris Baccalaureus Bibliothecologiae	B.Bibl.	Hons.
Magister Bibliothecologiae	.. ..	M.Bibl.
Doctor Philosophiae	.. .. .	D.Phil.

### Die Graad Baccalaureus Bibliothecologiae

A20. Die leergang duur minstens vier jaar en bestaan uit minstens vyftien graad-kursusse soos volg saamgestel :

Eerste jaar	hoogstens vyf
Tweede jaar	hoogstens vier
Derde jaar	hoogstens drie
Vierde jaar	hoogstens drie

met dien verstande dat :

(1) 'n student wat die Natuurwetenskaplike rigting volg en behalwe die landstale geen vreemde taal op matrikulasievlak geneem het nie, toegelaat word om in die derde of vierde jaar hoogstens vier kursusse te neem ;

(2) 'n student wat in sy eerste, tweede of derde jaar in een of meer kursusse druipe, een sodanige kursus bo en behalwe bostaande maksimum in 'n daaropvolgende jaar kan herhaal, met inagneming van Reël G20 van die jaarboek.

A21. Die graad word in een van drie rigtings geneem, nl.,

- (i) die Lettere-rigting ;
- (ii) die Natuurwetenskaplike rigting ;
- (iii) die Handel- en Administrasie-rigting.

### Taalvereistes

A22. 'n Student neem behalwe Afrikaans-Nederlands I of Engels I, twee vreemde tale waarvan minstens een 'n moderne taal is, in sy leergang ; met dien verstande dat :

- (i) 'n student wat Afrikaans by die Matrikulasie-eksamen in die hoër graad afgelê het, Engels I neem, 'n student wat Engels by die Matrikulasie-eksamen in die hoër graad afgelê het, Afrikaans-Nederlands I neem ; 'n student wat sowel Afrikaans as Engels by die Matrikulasie-eksamen in die hoër graad afgelê het, volgens keuse of Afrikaans-Nederlands I of Engels I neem ;
- (ii) 'n student wat een of albei vreemde tale by die Matrikulasie-eksamen afgelê het, die vreemde tale nie as 'n graadkursus hoof aan te bied nie ; met dien verstande dat 'n ander kursus of kursusse geneem word sodat die totale aantal kursusse vir die graad B.Bibl. op minstens vyftien te staan kom ;
- (iii) Studente een vreemde taal met 'n Bantoetaal kan vervang.

### Leergang

A23. Die Lettere-rigting

#### Eerste jaar :

- (i) Biblioteekkunde I.
- (ii) Afrikaans-Nederlands I of Engels I.
- (iii) Drie kursusse uit groep A, B(ii), B(iii), C of D, onderhewig aan die reëls vir die graad B.A., met dien verstande dat 'n student wat geen vreemde taal by die Matrikulasie-eksamen afgelê het nie, sestien kursusse waarvan twee uit groep B(i), neem.

**Tweede jaar :**

- (i) Biblioteekkunde II.
- (ii) Een tweede kursus.
- (iii) Wetenskaplike Dokumentasie en Wetenskaplike Tegniek.
- (iv) Een moderne vreemde taal ; met dien verstande dat indien die vreemde taal reeds op Matrikulasievlak of onder (3) van die eerste jaar geneem is, die student enige eerste of tweede kursus aanbied.

**Derde jaar :**

- (i) Biblioteekkunde III.
- (ii) Een derde kursus.
- (iii) Een eerste of tweede kursus ; met dien verstande dat 'n tweede kursus geneem word as die student nog nie oor twee tweede kursusse beskik nie.

**Vierde jaar :**

- (i) Biblioteekkunde IV.
- (ii) Een derde kursus.
- (iii) Een vreemde taal ; met dien verstande dat in dien die vreemde taal reeds op Matrikulasievlak of onder (III) van die eerste jaar geneem is, die student enige eerste of tweede kursus aanbied van groep A, B, C, D of E.

**A24. Die Natuurwetenskaplike rigting.**

Indien 'n student vir die Matrikulasie-eksamen geen vreemde taal geneem het nie, neem die student in die derde of vierde jaar 'n bykomende eerste of tweede kursus uit groep I uit die leergang vir die B.Sc.-graad. Die B.Bibl.-graad sal dan uit sestien kursusse bestaan.

**Leergang**

**A25. Eerste jaar :**

- (i) Biblioteekkunde I.
- (ii) Afrikaans-Nederlands I of Engels I.
- (iii) Drie kursusse uit groep I onder die rigting die reëls vir die B.Sc.-graad.



**Tweede jaar :**

- (i) Biblioteekkunde II.
- (ii) Een tweede kursus.
- (iii) Wetenskaplike Dokumentasie en Wetenskaplike Tegniek.
- (iv) Een moderne vreemde taal ; met dien verstande dat indien die vreemde taal reeds op Matrikulasievlak geneem is, die student in die plek daarvan enige eerste of tweede kursus uit groep I neem.

**Derde jaar :**

- (i) Biblioteekkunde III.
- (ii) Minstens een eerste of tweede kursus ; met dien verstande dat 'n tweede kursus geneem word as die student nog nie oor twee tweede kursusse beskik nie.
- (iii) Een derde kursus.

**Vierde jaar :**

- (i) Biblioteekkunde IV.
- (ii) Een derde kursus.
- (iii) Een vreemde taal-kursus ; met dien verstande dat indien 'n vreemde taal vir die Matrikulasie-eksamen afgetel is, 'n eerste of tweede kursus geneem word.
- (iv) Een eerste of tweede kursus indien in die derde jaar onder (II) slegs een kursus aangebied is.

**A26. Die Handel- en Administrasie-rigting :**

Studeer wat hierdie rigting volg, neem hul hoofvakke uit die volgende vakke :

- (a) Ekonomie.  
Bedryfseconomie.  
Rekeningkunde.

Industriële Sielkunde.  
Natuurlike-administrasie  
Staatsleer.  
Privaatreg.  
Staatsadministrasie.

Benewens bogenoemde vakke kan studente ook die volgende as byvakke neem :

- (b) Ouditkunde.  
Statistiese Metodes A en B.  
Handelsreg IA en IB.  
Volkereg.  
Staatsreg.  
Romeinse Reg.

Indien 'n student vir die Matrikulasie-eksamen geen vreemde taal geneem het nie, neem die student in die derde of vierde jaar 'n bykomende eerste of tweede kursus uit groep (a).

Die B.Bibl.-graad sal dan uit sestien kursusse bestaan.

#### Leergang

A27. Eerste jaar :

- (i) Biblioteekkunde I.  
(ii) Afrikaans-Nederlands I of Engels I.  
(iii) Twee kursusse uit (a)  
(iv) Een kursus uit (a) of (b).

L.W.—Die vakkeuses is onderworpe aan die reglement vir die Fakulteit Handel en Administrasie.

#### Tweede jaar :

- (i) Biblioteekkunde II.  
(ii) Een tweede kursus.  
(iii) Wetenskaplike Dokumentasie en Wetenskaplike Tegniek.  
(iv) Een moderne vreemde taal; met dien verstande dat indien die vreemde taal reeds vir die Matrikulasie-eksamen geneem is, die student in die plek daarvan enige eerste of tweede kursus uit (a) of (b) aanbied.

#### Derde jaar :

- (i) Biblioteekkunde III.  
(ii) Een derde kursus.  
(iii) Een eerste of tweede kursus; met dien verstande dat 'n tweede kursus geneem word as die student nog nie oor twee tweede kursusse beskik nie.

#### Vierde jaar :

- (i) Biblioteekkunde IV.  
(ii) Een derde kursus.  
(iii) Een vreemde taal; met dien verstande dat indien die vreemde taal reeds vir die Matrikulasie-eksamen geneem is, die student enige eerste of tweede kursus uit (a) of (b) aanbied.

#### Vrystellings

A28. (i) Studente wat reeds in besit is van 'n Baccalaureusgraad, of die status verkry het, kan die B.Bibl.-graad verwerf onderworpe aan die volgende voorwaardes :

- (a) die studie duur minstens twee jaar ;  
(b) die leergang bestaan uit minstens agt kursusse :  
(i) vier kursusse in Biblioteekkunde ;  
(ii) een kursus in Wetenskaplike Dokumentasie en Wetenskaplike Tegniek ;  
(iii) een derde kursus ;

- (iv) soveel taalkursusse as wat vir die B.Bibl.-graad vereis word ; met dien verstande dat indien die taalvereistes in die vorige graad of vir die Matrikulasie-eksamen gedeeltelik of ten volle bevredig is, soveel eerste of tweede kursusse geneem word as wat nodig is om die totaal van agt kursusse te voltooi.

(c) Die leergang is soos volg :

*Eerste jaar :*

- (i) Biblioteekkunde I en II.
- (ii) Afrikaans-Nederlands I of Engels I.
- (iii) Wetenskaplike Dokumentasie en Wetenskaplike Tegniek.
- (iv) Een moderne vreemde taal ; met dien verstande dat indien 'n student aan een van die taal vereistes voldoen het, hy vrygestel is van 'n verdere verpligting; verder met dien verstande dat indien 'n student aan albei taalvereistes voldoen, 'n verdere eerste of tweede kursus geneem word.

*Tweede jaar :*

- (i) Biblioteekkunde III en IV.
- (ii) Een derde kursus
- (iii) Een vreemde taal ; met dien verstande dat indien aan hierdie vereiste voldoen is, studente een eerste of tweede kursus aanbied.
- (2) Met toestemming van die Senaat kan studente wat die eerste vier jaar van die graad MB., ChB. afgelê het, die graad B.Bibl. soos voorgeskryf in (i) voltooi.
- (3) Nie-gegradueerdes kan tot 'n maksimum van sewe kursusse vrystelling verleen word, en die tweede studiejaar van die graad B.Bibl. voltooi deur :

- (a) Biblioteekkunde I en II.
- (b) Afrikaans-Nederlands I of Engels I.
- (c) 'n Moderne vreemde taal te neem, onderhewig aan die algemene taalbepaling van die B.Bibl.-graad.
- (d) Wetenskaplike Dokumentasie en Wetenskaplike Tegniek.

(4) Studente wat eksamens van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging afgelê het, word soos volg vrygestel : University of Fort Hare  
Die voltooide Elementêre eksamens Excellence  
Biblioteekkunde I.  
Die voltooide Intermediêre eksamens :  
Biblioteekkunde II.

*Sertifikaat*

A29 (i) 'n Nie-gegradueerde student wat die eerste twee jaar van die graad B.Bibl. voltooi het, is geregtig om van die Universiteit 'n sertifikaat te dien effekte te ontvang.

(ii) 'n Gegradueerde student wat die eerste jaar van die graad B.Bibl. voltooi het, is geregtig om van die Universiteit 'n sertifikaat te dien effekte te ontvang.

*Bibliografie*

A30. Van 'n student word vereis om aan die einde van die vierde jaar 'n bibliografie saam te stel oor 'n goedgekeurde onderwerp. Hierdie bibliografie vorm deel van die finale eksamen.

*Praktiese Werk*

A31. Die B.Bibl.-graad word slegs toegeken mits die student bewys kan lewer dat hy drie maande ononderbroke biblioteekdiens gedoen het aan die Universiteit van Suid-Afrika of enige ander goedgekeurde biblioteek. Vir hierdie doel is 'n goedgekeurde biblioteek 'n biblioteek wat aan die eise van die Senaat voldoen en waarvan die hoof 'n opgeleide bibliotekaris is.

*Spesiale Taalvergunning*

A32. Met die toestemming van die Senaat word 'n student wat buite die grense van die Republiek en Suid-Afrika woonagtig is, toegelaat om Afrikaans-Nederlands te vervang met 'n ander goedgekeurde moderne taal. In sulke gevalle word die graaddiploma te dien effekte geëndoseer.

(Universiteits) Laer Diploma in Biblioteekkunde.

Toelating tot Studie : 'n Matrikulasie of 'n Matrikulasievrystellings—sertifikaat.

Leergang : Die leergang bestaan uit 7 kursusse.

Eerste jaar :

1. Biblioteekkunde I
2. Afrikaans/Nederlands I of Engels I
3. Engels I of Afrikaans/Nederlands I of 'n spesiale kursus in 'n vreemde taal,
4. 'n Eerste kursus van Groep A of B wat nie Dokumentasie insluit nie.

Tweede jaar :

1. Biblioteekkunde II
2. Wetenskaplike dokumentasie en tegniek
3. 'n Eerste of tweede kursus van Groep A of B.

'n Student moet, in die eerste jaar, tenminste in 2 kursusse slaag om erkenning te verkry vir die werk van die jaar.

Om toegelaat te word tot die tweede jaar moet 'n student tenminste in Biblioteekkunde I en twee ander kursusse slaag.

Om die Diploma te behaal moet die kandidaat voldoen aan die vereistes ten opsigte van praktiese werk, soos bepaal deur die Universiteit.

Vrystellings

'n Student mag, op grond van kursusse waarin hy geslaag het vir die graad, vrygestel word van hoogstens drie kursusse van die Diploma, maar hy mag nie kursusse herhaal, waarvoor hy vir die doeleindes van 'n graad reeds erkenning verkry het nie.

'n Gegradueerde student mag, op grond van kursusse waarin hy vir die graad geslaag het, vrystelling verkry vir hoogstens drie kursusse van die Diploma. Die oorblywende vier kursusse mag binne een jaar voltooi word en moet bestaan uit die twee kursusse in Biblioteekkunde, die kursus in Dokumentasie en nog een kursus, wat 'n taalkursus moet wees in geval daar nie voldoen is aan die taalvereistes nie.

Reglement vir Baccalaureus Artium Grade in Sosiale Wetenskappe

A33. Die volgende Baccalaureus Artiumgrade in die Sosiale Wetenskap word uitgereik :—

Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe	..	B.A. (S.W.)
Honneurs-Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe	..	Hons.-B.A. (S.W.)
Magister Artium in die Sosiale Wetenskappe	.. ..	M.A. (S.W.)
Doctor Philosophiae	.. .. .	D.Phil.

A34. 'n Student moet reëlings kan tref om te voldoen aan die vereistes i.v.m. praktiese werk.

A35. Die leergang strek oor drie of, indien 'n student in 'n vierde jaar 'n kursus in 'n gespesialiseerde rigting in Maatskaplike Werk wil volg, vier jaar.

A36. Die leergang bestaan uit elf of twaalf kursusse en praktiese Maatskaplike Werk en word soos volg saamgestel :—

- (a) Drie kursusse in Maatskaplike Werk en drie kursusse in sosiologie of Sielkunde ;
- (b) minstens twee kursusse in Sielkunde or Sosiologie en kursusse uit die volgende gekies :—

Sielkunde III, Sosiologie III, Bybelkunde I, II en III, Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I, Ekonomie II en III, Kriminologie, Sosiale Antropologie I, II en III, Sistematiese Teologie I, II en III, S A. Naturellereg, Privaatreg, Staatsleer I, Algemene Inleiding tot die Wysbegeerte of Geskiedenis van die Wysbegeerte of Sistematiese Wysbegeerte, Naturelle Administrasie I, Geskiedenis I, Statistiese Metodes A en B, Wiskunde I en

'n taal uit die volgende : Afrikaans-Nederlands I, Praktiese Afrikaans, 'n Bantoetaal I of 'n Bantoetaal (Spesiale Kursus), Duits I of Spesiale Kursus Duits, Engels I of Engels (Spesiale Kursus), Frans I of Frans (Spesiale Kursus), Italiaans I of Italiaans (Spesiale Kursus).

L.W.—'n Student word sterk aangeraai om Sielkunde III as een van die kursusse onder (c) te neem of om die kursus na die voltooiing van die graad te voltooi.

A37. 'n Kandidaat wat in Duits of Frans of Italiaans gematrikuleer het, sal nie toegelaat word tot die Spesiale Kursus in daardie tale nie.

A38. 'n Student moet praktiese maatskaplike werk verrig by 'n plaaslike organisasie wat opgeleide maatskaplike werker(s) in diens het en wat deur die Senaat erken word. 'n Student moet self reëlings tref met die organisasie by wie hy praktiese werk gaan verrig maar die finale reëlings is streng onderhewig aan die goedkeuring van die hoof van die departement. Die hoof van die departement behou hom die reg voor om sodanige reëlings as wat hy goed dink, namens die student te tref.

A39. 'n Student wat onderrig ontvang aan 'n inrigting deur die Senaat goedgekeur, mag sy praktiese werk aan sodanige inrigting onderneem, maar die jaarlikse eksamen in praktiese werk word namens die Universiteit van Suid-Afrika afgeneem deur die Hoof van die Departement.

A40. 'n Student moet in die praktiese maatskaplike werk van 'n bepaalde jaar slaag alvorens hy tot die studie van die teoretiese maatskaplike werk van die volgende jaar toegelaat word.

A41. 'n Student wat in 'n bepaalde jaar nie vir teoretiese maatskaplike werk ingeskryf is nie maar gedurende daardie jaar praktiese werk wil doen, moet hom as student laat registreer en spesiaal vir die praktiese laat inskryf.

A42. Elke student lê 'n mondelinge eksamen in praktiese maatskaplike werk af sodra hy aan al die vereistes in verband met die praktiese werk voldoen het. Die eksamen word aan die einde van die derde jaar afgeneem deur die Hoof van die Departement of deur 'n persoon of persone wat spesiaal deur die Universiteit benoem is.

A43. (a) 'n Student kan gedurende die vierde jaar 'n kursus in een van die volgende gespesialiseerde rigtings in maatskaplike werk volg, en indien hy slaag word sy graad sertifikaat dienooreenkomstig geëndosseer :—

(i) Kreupelsorg ;

(ii) Huweliksvoorligting en -beraad.

(b) Onderworpe aan die goedkeuring van die Senaat kan 'n student wat 'n B.A. (S.W.-graad) van 'n ander Universiteit of 'n gelykwaardige graad besit, toegelaat word om die vierde jaarkursus in een of meer van die gespesialiseerde rigtings te volg. Indien 'n student in die eksamen slaag, word 'n sertifikaat te dien effekte aan hom uitgereik.

A44. Die graadsertifikaat van elke kandidaat wat aan die vereistes vir die graad voldoen het, word geëndosseer met die woorde " gekwalifiseer as maatskaplike werker."

A45. Die graad kan in die volgende departemente toegeken word : Volkekunde, Kriminologie, Ekonomie, Sielkunde, Maatskaplike Werk, Sosiologie.

#### UNIVERSITEITS-DIPLOMA IN MAATSKAPLIKE WERK

A46. *Toelating en Studievoorraardes :*

(1) 'n Kandidaat sal tot hierdie diploma kursus toegelaat word indien hy in besit is van tenminste 'n Baccalaureus-graad van die Universiteit van Suid-Afrika of 'n ander Universiteit mits sodanige kandidaat kwalifiseer het in tenminste een kursus in Sosiologie en een kursus in Sielkunde.

(2) Die kursus neem twee jaar.

(3) Kandidate moet geskikte reëlings tref om te voldoen aan die vereistes in verband met praktiese werk.

(4) Kandidate moet voldoen het aan die vereistes in verband met praktiese werk vir die vorige jaar voordat hulle toegelaat sal word tot die eksamen in die teoretiese Maatskaplike Werk vir die volgende jaar.

(5) Kandidate wat nie geregistreer is vir teoretiese Maatskaplike Werk in enige jaar nie, maar begerig is om die praktiese werk vir die jaar af te handel, moet spesiaal registreer vir praktiese werk.

(6) Al die regulasies van toepassing op praktiese Maatskaplike Werk vir 'n graad is ook van toepassing op die diploma-kursus.

### Kollege-Diploma in Maatskaplike Werk

(Dip. Sos. Werk)

A47. (1) 'n Kandidaat sal toegelaat word tot die driejarige Diploma in Maatskaplike Werk met dien verstande dat hy—

(a) die Senior Sertifikaateksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of 'n ander eksamen, wat volgens die oordeel van die Senaat daaraan gelykstaande is, geslaag het ; of

(b) tenminste 25 jaar oud is en die Senaat tevrede stel dat hy 'n standaard van opvoeding en ondervinding bereik het wat aan die Senior Sertifikaat gelykgestel kan word.

(2) Die leergang vir die Diploma bestaan uit elf kursusse, hoewel twaalf geneem mag word, en moet, behalwe met die toestemming van die Senaat, as volg ingedeel word:

(i) Een hoofvak is Maatskaplike Werk. Die tweede hoofvak is óf Sosiologie óf Sosiale Antropologie óf Sielkunde óf Bybelkunde.

(ii) Elke leergang moet uit minstens twee kursusse in Sosiologie, Sosiale Antropologie of Sielkunde bestaan.

(iii) Die orige kursusse moet uit die volgende gekies word :

Sosiologie III, Sosiale Antropologie II en III, Sielkunde III, Bybelkunde, I, II en III, Ekonomie 'A' en 'B' as 'A' in die eerste jaar gevolg is, S.A. Bantoereg en S.A. Naturelle Reg, Staatsleer I, Staatsadministrasie I, Naturelle Administrasie I, Sistematiесе Teologie I, Geskiedenis I, Algemene Inleiding tot die Wysbegeerte, Statistiese Metodes A en B.

3. Van 'n kandidaat word verwag dat hy deur sy geskrewe en mondelinge werk bewys sal lewer dat hy een van die landstale van die Republiek en minstens een Bantotaal met gemak kan gebruik.

4. Die resultaat van alle eksamens sal op die kandidaat se diplomasertifikaat aangebring word.

5. 'n Kandidaat wat alreeds die diploma verwerf het, mag homself aanmeld vir 'n eksamen in enige van die kursusse wat in paragraaf 3 (iii) genoem word en waarin hy nog nie eksamen afgelê het nie. Indien hy slaag sal die uitslag van daardie eksamen(s) op sy diploma geëndosseer word.

6. 'n Kandidaat moet praktiese werk, soos aan hom opgedra mag word deur die Hoof van die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk, verrig en moet 'n jaarpunt van minstens 40% behaal voordat hy toegelaat sal word om hom vir die eksamen in praktiese werk aan te meld.

7. Aan die einde van elke studiejaar sal 'n mondelinge eksamen van hoogstens 30 minute afgeneem word oor die praktiese werk wat die kandidaat deur die jaar verrig het. Hierdie eksamen sal afgeneem word deur die Hoof van die Departement Sosiologie en

Maatskaplike Werk in medewerking met die persoon wat verantwoordelik was vir die praktiese werk/opleiding of met enige persoon wat vir daardie doel deur die Senaat aangewys mag word.

8. 'n Kandidaat moet die ooreenstemmende teoretiese en praktiese maatskaplike werk in dieselfde jaar aflê.

9. 'n Minimum van 75% in elk van die hoofvakke in die finale jaar sal beskou word as 'geslaag met lof.' Die kandidaat se diplomasertifikaat sal dienoreenkomstig geëndosseer word.

10. Met die uitsondering van Maatskaplike Werk en Ekonomie, is al die kursusse vir die Diploma dieselfde as dié vir graadkorsusse van die Universiteitskollege.

**Grade Honneurs Baccalaureus Artium, Honneurs Baccalaureus Artium (S.W.) Magister Artium, Magister Artium (S.W.) en Doctor Litteratum et Philosophiae**

Vir besonderhede insake hierdie regulasies word kandidate verwys na die Jaarboek van die Universiteit van Suid-Afrika of na die Hoof van die betrokke Departement.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

## DEPARTEMENT GEOGRAFIE EN GEOLOGIE

### Geografie

Dit word vermag dat studente wat vir Geografie en Ekonomiese Geografie inskryf hulle van die jongste uitgawe van 'n goeie atlas moet voorsien. Een van die volgende word aanbeveel: „The University Atlas” (Philips) of „The advanced Atlas of modern Geography” (Bartholomew). Studente moet ook sorg dat hulle tekenboeke en tekeninstrumente aankoop. Besonderhede van tekeninstrumente wat aangekoop moet word, kan van die hoof van die departement verkry word.

### Kursus I

(Een Teoretiese en een praktiese vraestel.)

Een Teoretiese vraestel (3 uur) .. ..	60 persent.
Een Praktiese vraestel (4 uur) .. ..	40 persent.

#### 1. Teoreties.

##### A. Inleiding tot die natuurkundige of fisiese Geografie.

- (1) *Die aarde as planeet.*—Die aarde se plek in die heelal-vorm, grootte en bewegings—gevolge van die bewegings bv. seisoene, dag en nag, verduisterings ens.—plek- en tydbepalings—die probleem van kaartprojeksies.
- (2) *Oppervlakvorme.*—Die land- en seevorme van die aarde en die prosesse wat daarvoor verantwoordelik is.
- (3) *Die Klimaat.*—Weer en Klimaat—bestraling van die atmosfeer—temperatuur, lugdruk, winde en neerslag—klimaatstreke.
- (4) *Plante en diere.*

##### B. Inleiding tot die menslike Geografie

- (1) Die mens—samestelling en verbreiding van die bevolking—indeling in rasse, tale, volkere, ens.
- (2) Menslike Nedersettings—platteland en stad.
- (3) Menslike bedrywe—landbou, handel, nywerheid, mynbou, ens.
- (4) Kommunikasies—verbinding oor land, see en lug.

#### 2. Prakties (Geografiese Hulpmiddels).

- A. Praktiese oefeninge ter illustrasie van die natuurkundige Geografie.
- B. Die maak en gebruik van kaarte.

### Kursus II

(Twee teoretiese en een 4-uur praktiese vraestel.)

L.W.—Gedifferensieer vir B.A. en B.Sc.

#### A. Regionale Geografie.

- (a) Afrika (in meer besonderhede) : B.A. en B.Sc.
- (b) Europa of Amerika of 'n ander wêrelddeel (in minder besonderhede) : B.A. en B.Sc.

#### B. Sosiale en Staatkundige Geografie (B.A.).

#### C. Klimatologie en Weerkunde en Biogeografie (B.Sc.).

#### D. Prakties.

- (a) Algemene praktiese oefeninge en fotogrammetrie. (B.A. en B.Sc.)
- (b) Praktiese oefeninge oor Afdeling B. (B.A.)
- (c) Praktiese oefeninge oor C. (B.Sc.)

Nota :

Een vraestel oor Afdeling A ..	30 persent.
Een vraestel oor Afdeling B of C ..	30 persent.
Een praktiese eksamen .. ..	40 persent.

### Kursus III

(Twee 3-uur vraestelle en een 4-uur prakties.)

L.W.—Gedifferensieer vir B.A. en B.Sc.

A. *Regionale Geografie.*

(a) Suid-Afrika (in meer besonderhede) : B.A. en B.Sc.

(b) Ander regionale onderwerpe : B.A. en B.Sc.

B. *Ekonomiese Geografie (B.A.).*

C. *Geomorfologie (B.Sc.).*

D. *Prakties.*

(a) Kartografie en kaartontleding. (B.A. en B.Sc.)

(b) Praktiese oefeninge oor Ekonomiese Geografie. (B.A.)

(c) Praktiese oefeninge oor geomorfologie. (B.Sc.)

*Nota :*

Een vraestel oor Afdeling A .. 30 persent.

Een vraestel oor Afdeling B of C .. 30 persent.

Een praktiese eksamen .. .. 40 persent.

### Honneurs-Baccalaureus-eksamen

Die eksamen bestaan uit die volgende :—

Groep A verpligtend : *Een vraestel.*

Groep D verpligtend : *Een oorspronklike navorsing.*

Groepe B en C :

(a) Eerstens moet een van die vyf afdelings (Ekonomiese Aardrykskunde, Staatkundige Aardrykskunde, Sosiale Aardrykskunde, Klimatologie-Meteorologie en Geomorfologie) gekies word as spesialiteitsrigting—*Twee vraestelle.*

(b) Tweedens moet een van die afdelings wat nie binne die groep waarin die spesialiteitsrigting val nie, gekies word—*Een vraestel.*

A.—1. Die ontwikkeling van Aardrykskunde as Wetenskap.

2. Moderne rigtings in die Aardrykskunde.

B.—1. Ekonomiese geografie.

2. Sosiale geografie.

3. Staatkundige geografie.

C.—1. Klimatologie en Meteorologie.

2. Geomorfologie.

D.—Oorspronklike navorsingsprojek.

L.W.—'n Bibliografie sal deur die hoof van die departement verstrek word.

### Magistereksamen

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling oor 'n gebied of onderwerp gekies deur die kandidaat en goedgekeur deur die Studiekomitee.

# Geologie

## Kursus I

### Inleiding :

Die omvang en ontwikkeling van geologie as vak. Doelstellings en metodes. (R. en W., bl. 1-9 ; H. en C., bl. 1-2.)

### Oorsprong en interne bou van die aarde :

Teorieë oor die oorsprong van die aarde ; die verhouding van die aarde tot die son en die ander planeete. Die vorm, grootte, digtheid, samestelling, temperatuur, magnetisme en ouderdom van die aarde. Gebruik van aardbewings en seismologie in die ontrafeling van die interne bou van die aarde, (R. en W., bl. 10-51 ; H. en C., bl. 2-13.)

### Kristallografie

Kristalle en kristallasie ; struktuurkenmerke van kristalle ; simmetrie ; kristalnotasie ; kristalvorms (H., bl. 16-41). *Kristalstelsels* ; Isometriese stelsel : Heksoktaëdriese, hekstetraëdriese, en diploïdale klasse. Heksagonalestelsel : Diheksagonaal-dipiramidale, diheksagonaal-piramidale, heksagonaal-dipiramidale, heksagonaal-skalenoëdriese, trigonaal-trapesoëdriese en ditrigonaal-piramidale klasse. Tetragonale stelsel : Ditetragonaal-dipiramidale en tetragonaal-skalenoëdriese klasse. Ortorombiese stelsel : Rombies-dipiramidale en rombies-piramidale klasse. Monokliene stelsel : Prismatiese klas. Trikliene stelsel : Pinakoïdale klas (H., bl. 41-82). Tweelingkristalle en kristal-lyne aggregate (H., bl. 82-91).

### Mineralogie

Definisie van 'n mineraal. *Fisiese eienskappe van minerale* : Splyting, skeiding, breuk, hardheid, kohesie-eienskappe, soortlike gewig, optiese eienskappe, elektriese, magnetiese en radio-aktiewe eienskappe (H., bl. 92-111 ; R. en W., bl. 52-87 ; H. en C., bl. 14-30). *Chemiese eienskappe van minerale* : Elemente, chemiese mineraal klasse, afleiding van chemiese formules, elementêre kristalchemie. (H., bl. 112-133 ; R. en W., bl. 87-97.) Klassifikasie van die silikate (H., bl. 314-318 ; R. en W., bl. 93-99). Voorkoms en gebruike van minerale (H., bl. 319-374). *Beskrywende mineralogie* : *Elemente* : Goud, silwer, koper, platinum, swawel, diamant, grafiet. *Sulfiede* : chalkosiet, borniet, galeniet, sfaleriet, pirrotiet, pentlandiet, sinnaber, realgar, orpiment, stibniet, piriet, markasiet, arsenopiriet, molibdeniet. *Sulfosoute* : tetraëdriet, *Oksiede* : lipriet, korund, hematiet, ilmeniet, spinel, magnetiet, chromiet, kassiteriet, rutiel, pirolusiet, uraniniet, limoniet, bauxiet, psilomelaan. *Haliede* : Haliet, fluoriet. *Karbonate* : Kalsiet, dolomiet, magnesiet, sideriet, rodochrosiet, smithsoniet, aragoniet, witheriet, serussiet, malagiet, asuriet. *Sulfate* : Bariet, anhidriet, gips. *Fosfate* : Monasiet, apatiet. *Tungstate* : Wolframiet, scheeliet. *Silikate* : Kwarts en sy variëteite, ortoklaas, mikrolieën, plagioklaas, leusiet, nefelieën, sodaliet, kordieriet, kaoliniet, serpentyn, talk, chloriet, muskoviët, flogopiet, amfibool (antofilliet, tremoliet, aktinoliet, horingblende) ortopirokseen (enstatiet, hipersteen) klinopirokseen (ougiet, diopsied, egriet), toermalyn, beril, olivien, granaat, epidoot, sirkoon, topaas, andalusiet, sillimaniet, kianiet, stourioliet, titaniet (NH., bl. 169-314 ; R. en W., bl. 99-124 ; H. en C., bl. 30-49).

### Vulkanisme en stollingsgesteentes

Definisie en oorsprong van magma.

Kenmerke van intrusiewe gesteentes. Tipes en verspreiding van vulkane. Chemiese en mineralogiese samestelling van stollingsgesteentes. Tekstuur van stollingsgesteentes. Vorms van intrusiewe liggame. Die oorsprong en verspreiding van die volgende gesteente groepe : Basiese stollingsgesteentes, ultrabasiese stollingsgesteentes, alkaliese en siënitiese gesteentes, granitiese en dioritiese gesteentes, magmatiese provinsies. Beskrywing en wyse van voorkoms van die volgende gesteentes : Gabbro, noriet, troktolet, oliviengabbro, anortosiet, tagiliet, pirokseniet, duniet, peridotiet (harzburgiet), siëniet, tragiet, dioriet, basalt, doleriet, diabaas, granodioriet, hoornblendiet, andesiet, trachiande-

siet, rioliet, dasiet, riodasiet karbonatiet, granofier, obsidiaan, piksteen, adamelliet, tonaliet, monzoniet, granietpegmatiet, granietapliet, granietporfier, puimsteen, lamprofier, ijoliet, nefeliensieniet, fonoliet tinguaiet, limburgiet, kimberliet. (R. en W., bl. 364-433 en 570-587; H. en C., bl. 50-89.)

#### *Oppervlak prosesse (fisiese geologie)*

Meganiese en chemiese verwerking. Erosie. Residuele afsettings, gronde. Grondwater. Beweging onder die invloed van swaartekrag. Die werk van wind. Die werk van lopende water. Afsetting in mere en in rivier-mondings. Die geologiese prosesse in die see. Die werk van ys. Omgewings van afsettings. (R. en W., bl. 125-243; H. en C., bl. 90-118 en 157-174.)

#### *Sedimentêre gesteentes*

Sedimentêre differensiasie. Klassifikasie van sedimente volgens oorsprong, tekstuur en samestelling. Strukture en teksture van sedimentêre gesteentes. Litifikasie en diagenese. Grofklasiiese (psefitiese of gruisige) sedimente. Gruis, konglomeraat, agglomereraat, breksie en tilliet. Fynklasiiese (psammitiese of sandige) sendemente, grint, sand grintsteen, sandsteen, ortokwarsiet, grouwak en arkose. Mikroklastiese (pelitiese (pelitiese of kleiige) sedimente, slik, modder, klei, sliksteen, skalie, moddersteen en tuf. Karbonaat gesteentes: kalksteen, skulpkalksteen, dolomiet en merrel. Kieselryke sedimente: diatomiet, radioliet, chert. Ysterryke, aluminiumryke en fosfaatryke sedimente, gestrepte ysterklip, pisolitiese en oölitiese ystererts, bauxiet, quano-afsettings. Evaporiet afsettings: sout, gips en anhidriet. Oppervlakte afsettings: kalkkreet, silkkreet ferrikreet. Die koolstofryke afsettings: steenkool en aardolie. Die verwantskap tussen struktuur en sedimentasie. Fasies veranderinge in sedimentasie. Die sedimentêre suksessie—diskordansie, diastem en diskonformiteit. (R. en W., bl. 244-294; NH. en C., bl. 118-134.)

#### *Struktuur geologie*

Gelaagdheid, helling en strekking, struktuur en topografie, kontoerlyne. Plooië, splyting, lineasie, verskuiwings en oorskuiwings, nate. (R. en W., bl. 434-499; H. en C., bl. 135-144.) Stabiele landmassas, orogenese en orogenetiese gordels. Isostasie. Geosinklienes, kontinentale drywing. (R. en W., bl. 619-653.)

#### *Metamorfe gesteentes*

Definisie van metamorfose, oorsaak van metamorfose. Soorte metamorfose. Metamorfe teksture en strukture. Metamorfe zones en fasies. Kontakmetamorfose, kataklasiiese metamorfose, regionale metamorfose, polimetamorfose. Beskrywing en wyse van voorkoms van die volgende gesteentes: Hoornfels, lei, filliet, skis, amfiboliet, gneise, marmer, miloniet, granuliet, breksie, kwarsiet, leptiet, migmatiet. Granitiasie en metasomatose. (R. en W., bl. 500-570; H. en C., bl. 145-156.)

#### *Pallentologie.*

Fossiele en fossilisering. Klassifikasie van fossiele. Die diereryk, werwel en werwellose diere. Onderverdeling in filums en klasse. Die planteryk. Nut van fossiele, Paleo-ekologie. (R. en W., bl. 295-363, in hooftrekke; H. en C., bl. 175-184.)

#### *Historiese geologie*

Dei indeling van strata in sisteme, series en étages. Formasie, sone, horison. Die internasionale geologiese tydskaal. Die Suid-Afrikaanse geologiese kolom.

Suid-Afrikaanse Geologie. Fisiografiese kenmerke van Sued-Afrika. 'n Studie van die volgende Suid-Afrikaanse rotsformasies: Primitiewe sisteme, Argeise graniete en gneise, Sisteme Dominiumrif, Witwatersrand, Ventersdorp, Transvaal, Loskop, Waterberg, Nama, Kaap, Karoo en Kryt. Tersiere en Resente sisteme. Bosveldkompleks. (H. en C., bl. 185-337.)

#### *Ekonomiese geologie*

Kenmerke en ontstaan van ertsafsettings. Indeling van ertsafsettings. Voorkoms, kenmerke en ontstaan van die volgende Suid-Afrikaanse erts- en mineraalafsettings: Goud, platinum, tin, koper, yster, mangaan, chroom, diamant, steenkool, asbes, korund en uraan. (H. en C., bl. 338-390; R. en W., bl. 588-617.)

### *Praktiese werk*

1. *Kristallografie* : Beskrywing van eenvoudige kristalvorme van die kristalstelsels en klasse genoem in die kursus, met aanduiding van (a) die simmetrie-elemente van die betrokke kristalklas en (b) die verhouding van elke vlak van die kristalvorm tot die kristallografiese asse.

2. *Mineralogie* : Identifikasie gebaseer op fisiese eienskappe van die minerale genoem in die kursus. In elke geval moet die chemiese samestelling (formule, indien moontlik) aangedui word.

3. *Petrologie* : Identifikasie, klassifikasie, beskrywing en mineraalsamestelling van die rotssoorte genoem in die kursus.

4. *Paleontologie* : Identifikasie, klassifikasie en beskrywing van die vernaamste Suid-Afrikaanse fossiele soos genoem in Hamilton en Cooke.

5. *Kaarte en Profile* : Teken van profile van eenvoudige topografiese en geologiese kaarte waarop sedimentêre en intrusiewe gesteentes, skuinsgestelde en/of geplooides lae en verskuiwings aangedui is. Beskrywing van geologiese kaarte. Oplossing van eenvoudige struktuurprobleme.

## Kursus II

(Twee 3-uur vraestelle en twee 6-uur praktika)

Kandidate word aangeraai om die teksboeke, soos in die leerplan aangedui, aan te skaf. Daar moet ook verwys word na die boeke en artikels benoem onder „Verdere Verwysings.” Hierdie werke is beskikbaar in die meeste universiteits- en verwysingsbiblioteke *Kristallografie*

### (i) *Geometriese Kristallografie*

Die interne bou van kristalle. Bewyse vir 'n reëlmatige kristalstruktuur. Simmetrie elemente. Kristal notasie, Herman-Maguin simbole. Asseverhoudings. Parameters en Miller-indekse. Kristalvorm. Soes. Voorkoms van kristalle. Die beginsels en gebruike van die stereografiese projeksie in kristallografie. Opmeet van kristalle. (Hurlbut, hoofstuk 2, seksies A-E ; Berry en Mason, hoofstuk 2, bl. 62-69).

'n Studie van die volgende kristalstelsels en klasse met behulp van stereogramme wat die verspreiding en Miller-indekse van alle moontlike vlakke in elke klas aandui.

Isometriesse stelsel : Heksakisoktaedrieseklas, Heksakistetraedriesse klas en diploïdale klas.

Heksagonale Stelsel : Diheksagonale-dipiramidale klas, heksagonaal-trapesoëdriesse klas, diheksagonale-piramidale klas, heksagonaal-dipiramidale klas, heksagonaal-piramidale klas, heksagonaal-skalenoëdriesse klas, trigonaaltrapesoëdriesse klas, ditrigonale klas, romboëdriesse klas.

Tetragonale Stelsel : Ditetragonaal-dipiramidale klas, tetragonaal-trapesoëdriesse klas, tetragonaal-skalenoëdriesse klas, tetragonaal-dipiramidale klas tetragonaal-piramidale klas, tetragonaal-disfenoidale klas.

Rombiese Stelsel : Rombiese-dipiramidale klas, rombiese-diofenoidale klas

Monokliene Stelsel : Prismatiese klas, sfenoidale klas.

Triekliene Stelsel : Pinakoïdale klas. (Hurlbut, hoofstuk 2, seksie F).

Tweelingkristalle en kristalaggrate. Reëls vir kristal oriëntasie. Berekening van asseverhoudings. (Hurlbut, hoofstuk 2, seksies G, H en I).

(ii) *X-Straal Kristallografie*. (Hurlbut, hoofstuk 2, seksie J).

(iii) *Kristaloptika*.

Die aard van lig. Die optiese eienskappe van isotrope materiaal. Die polariserende mikroskoop. Berekening en meting van brekingsindekse. Die eenassige indikatriks. Gepolariseerde lig. Eenassige kristalle in gepolariseerde lig. Eenassige kristalle in konvergerende gepolariseerde lig (konoskoop). Optiese bykomstighede vir die polariserende mikroskoop. Bepaling van die optiese negatiewe of positiewe karakter van eenassige

kristalle. Tweeassige kristalle en die tweeassige indikatriks. Tweeassige kristalle in konvergerende gepolariseerde lig. Opties positiewe en negatiewe tweeassige kristalle. Dispersie (kleurskifting) in tweeassige kristalle. Sistematiese ondersoek van deursigtige materiale met behulp van die mikroskoop. (Wahlstrom, 1959, hoofstukke 2-16).

### Mineralogie

#### (i) *Chemiese Mineralogie* :

Die verband tussen chemiese samestelling en mineraal klassifikasie. Atomeione en die periodieke tabel. Voorkoms van elemente. Bindkragte in kristalle. Die beginsel van koördinasie. Ioonstraal verhoudings. Struktuur tipes. Elektrostatische valens. Variasie in chemiese samestelling van minerale. Gelyktydige ioon verplasing. Isomorfie. Polimorfie. Eksklusie. Pseudomorfie. Mineraloïde. Afeiding van die formule van 'n mineraal van die chemiese analise. Beginsels van plaaspyp analise. (Hurlbut, hoofstuk 4). Klassifikasie en struktuur van die silikaat minerale (Hurlbut, hoofstuk 5, bl. 389-399, 414-415, 421-423, 447-460, 474-475, 487-490).

#### (i) *Sistematiese Mineralogie.*

Hersiening van die minerale genoem in Kursus I. 'n Studie van die fisiese eienskappe, samestelling, wyse van voorkoms en gebruike van die volgende addisionele minerale: arseen, antimoon, bismut, yster, bismuthiniet, stromeyeriet, alabandiet, covelliet, greenoekiet, milleriet, mikkelië, stanniet, smaltiet, skutterudiet, kobaltiet, gersdorffiet, sperryliet, silvaniet, kalaveriet, jamesoniet, proustiet, tennantiet, silviet, kerargiriet, atacamiet, tenoriet, martiet, frankliniet, diaspoor, manganiet, stronsianiet, galyussiet, willemiet, olivien-reeks, hemimorfiet, allaniet, prehniet, prehniet, aëiniet, kri okolla, dioptaa, rombie e pirokseen-reeks, klinopirokseen-reeks, rombiese amfibool-reeks, klinoamfibool-reeks, lepidoliet, gloukoniet, kleimineraal-reeks, chloritoëid (ottreliet), stilbiet, natroliet, kankriniet, tantaliet, kolumbiet, piromorfiet, minetiet, vanadiniet, vivianiet, eritriet, annabergiet, wavelliet, turkoois, borasiet, borasiet, selestiet, anglesiet, krokoëit, antleriet (brochantiet), chalkantiet, wulfeniet (Hurlbut, hoofstukke 5, 6 en 7).

#### (iii) *Optiese Mineralogie*

Studie van die optiese eienskappe en onderskeidende kenmerke van die volgende rotsvormende minerale onder die mikroskoop. Kwarts en verwante volgende rotsvormende minerale onder die mikroskoop. Kwarts en verwante minerale, die veldspate, die felspatoïde, die zeoliete, die skapoliet groep, prehniet, muskoviet, lepidoliet, jotiet, serpenty, chloriet, talk, kleiminerale, die pirokseen-groep, die amfibool-groep, die epidote-klinozoisiet-groep, wollastoniet, toermalyn, kordieriet, meliliet, die granate, sirkoon, topaas humiet, andalusiet, kianiet, die olivien-reeks, titanië, korund, hematiet, magnetiet, spinel, kassiteriet, rutiel, brusiet, haliet, fluoriet, kalsiet, dolomiet, magnesiet, monasiet, apatiet (Wahlstrom, 1955, hoofstukke 1, 2, 3, 6, 7 en 8).

### Vraestel 2

#### *Voorgeskrewe boeke*

#### *Struktuurgeologie*

Meganiese beginsels: Kragte, spanning, vervorming, fisiese kenmerke van gesteentes, plastiese deformatsie (B. 7-32) Plooiing: Beskrywende terminologie, beskrywing van plooiptipes, faktore wat plooiing van gesteentes beheer, verhouding van plooiing tot deformatsiekragte, effekte van oorspronklike strukture op verbuigings, meganika van plooiing (B. 33-92).

Verskuiwing: Beskrywende terminologie, klassifikasie en beskrywing van die verskillende verskuiwingstipes, beweging en rigting van beweging langs verskuiwingsvlakke, meganika en oorsake van verskuiwings en plooiing, herkenning van verskuiwings in die veld (B. 93-241) Nate (B. 106-123). Diskordansies (B. 242-253) Ekstrusiewe en intrusiewe stollingsgesteenteliggame en inplasing van groot plutone (B. 263-236). Kliewing en skisteusheid: Beskrywing, oorsprong en verhouding tot hoofstrukture (B. 326-351).

Geotektoniek : Beginsels : diastrofisme, isostasie, interne bou van die aarde, bergkettings, geosinkliene, komme, kontinente en oseane (de S. 325-358). Magmatiese fases in orogenese (de S. 359-376). Kort oorsig van die hoofkenmerke van die vernaamste bergkettings (de S. 377-409) Eilandboë (de S. 410-428). Skilde (de S. 429-446). Komstrukture (de S. 447-460). Blokstrukture (de S. 461-470). Bergbouing in ruimte en tyd (de S. 471-482). Oorsake van bergbouing (de S. 8483-501).

### *Geomorfologie*

Geomorfiese prosesse en agense, degradasie en aggradasie, invloed van klimaat op geomorfiese prosesse (T. 34-67). Die erosiesiklus en die sisteem van Penck (T. 20-21, 11-15, 198-204). Die fluviële siklus : Strome en valleie, erosiebasis, vereffening van strome en dalprofiel, klassifikasie van dale, dreineringspatrone en tekture, meanders, ideale fluviële siklus, onderbreking van die siklus, waterskeidings, rivierterasse, stroomafsettings, deltas, waaiers (T.99-175, K.24-41). Skiervlaktes (T.177-198). Pedimentasie, hangontwikkeling, invloed van klimaat op hangontwikkeling (K. 41-49, T. 276-282, 283-290).

Ariede siklus : Woestyne en hulle klimaat, vernaamste landvorms, a.g.v. erosie en afsetting (T. 290-315, K. 80-90). Semiariëde siklus (K. 49-55). Invloed van rotshardheid en strukture op erosie, geomorfiese siklus in geplooid gebied, effekte van verskuiwings, kanteling en breë verbuigings (T. 208-230, 243-275, K. 65-70, 146-186).

Karsterosie : kenmerke van karstgebiede, ontwikkeling van ondergrondse dreinerings, die siklus (T. 316-352, K. 98-103). Vergletsering : Berggletsers en landvorms a.g.v. erosie en afsetting, kontinentale vergletsering en landvorms, fluvioglasiale afsettings, mere (T. 367-423), K. 115-129). Marine-erosie : Strandprofiel, topografiese kenmerke a.g.v. erosie en afsetting, klassifikasie van kuslyne, effekte van styging en daling, topografie van oseaanbodems, koraalruiwe (T. 427-487, K. 104-115).

Vulkanisme : Verspreiding, tipes van vulkane en keëls, vulkaniese plato's (T. 488-514, K. 130-146) Bedekte en ou topografie : bedekking en herblootstelling, geërfde dreinerings, fossieltopografie in Suid-Afrika (K. 183-201). Geomorfiese provinsies en erosieoppervlaktes van Suid-Afrika (K. 202-270).

### *Paleontologie*

Bewaring en voorkoms van fossiele, nut van fossiele, werwellose en werwellose diere, plante, evolusie (Sh. 1-41). Morfologiese studie, klassifikasie en ontwikkeling van die volgende groepe : Foraminifera, en Radiolaria (Sw. 11-24), Porifera (Sw. 24-27), Hydromedusae (Sw. 29-45), Anthozoa (Sw. 45-62), Brachiopoda Sw. 77-93), Echinoderma (Sw. 105-162). Mollusca (Sw. 163-222), Arthropoda (Sw. 223-263), Vertebrata (Sw. 264-354). Thallophyta (Sh. 52-64), Pteridophyta (Sh. 69-82). Spermatophyta (Sh. 82-111). Morfologie en klassifikasie van Suid-Afrikaanse plant- en dierfossiele. By die algemene studie van fossiele moet veral aandag gegee word aan die groepe wat van Suid-Afrikaanse belang is. (Sien A. L. du Toit, Geology of South Africa).

### *Prakties*

#### *Vraestel 1*

Identifisering en beskrywing van kristal stelsels klasse en vorme. Die gebruik van die stereografiese projeksie in die bepaling van simmetrie en asseverhoudings.

Bepaling van minerale in slypplaatjies en in korrelmonterings deur middel van optiese metodes.

Identifikasie van minerale in handmonster.

#### *Vraestel 2*

Plaaslike veldwerk met behulp van die meettafel en die gebruik van lugfoto's. (Lahee).

Oplossing van struktuurprobleme : Isometriese, ortografiese en stereografiese projeksies. Voulyne by ortografiese projeksie. Hellingsprobleme. Dikte en diepte van lae. Driepuntprobleme. Dagsoompatrone en hoogtelynkkaarte. Punt-, lyn- en

vlakprobleme, probleme waarby rigting en/of hoeke gevind moet word (waarby geen rotasie was nie), probleme waarby afstande gevind moet word. Verskuiwingsprobleme (sonder rotasie) (B. 421-491).

Identifikasie en beskrywing van fossiele.

Studie van topografiese kaarte (T. 523-533).

### Kursus III

(Drie 3-uur vraestelle en twee 6-uur praktika)

#### *Petrologie*

*Voorgeskrewe boeke :*

*Vraestel 1*

#### *Stollingspetrologie*

Samestelling en struktuur van die aarde, oorsprong van magmas, primêre en afgeleide magmas (T.V. 50-54, 431-449, B. 5-8, 12-18, 131). Samestelling van magmas : vaste bestanddele, vlugtige bestanddele (T.V. 58-62, S. 34-51). Kristallisasie van stollingsgesteenteminerale (T.V. 90-132, B. 80-104). Versoembare en onversoembare fases (S. 118-127). Reaksiebeginsel (T.V. 144-146, B. 109-111). Magmatiese toestande (T.V. 54-55, B. 136-141). Kristallisasie van basaltiese en granitiese magmas assimilasië (B. 112-121, T.V. 85-87, 146-160). Magmatiese differensiasie (T.V. 81-85, B. 160-163). Magmatiese residua, pegmatiete (T.V. 423-430, B. 121-125). Stollingsgesteenteassosiasies, topografiese provinsies, variasiedigramme (T.V. 75-80, B. 164-173).

Vernaamste kenmerke en oorsprong van stollingsgesteente-assosiasies (B. 173-226) : Alkaliese olivien-basalte (T.V. 164-166, 191-202). Tholeiitiese basalte en kwarts-doleriete (T.V. 203-217, 226-234). Kaliumryke vulkaniese gesteentes en lamprofiere (T.V. 235-240, 244-256). Orogeniese vulkaniese assosiasies (T.V. 257-263, 266-272, 282-288). Basiese en ultra-basiese plutoniese assosiasies (T.V. 289-308, 313-328). Graniet-granodioriet plutoniese assosiasie (T.V. 329-335, 338-367, 375-388). Alkaliese gesteentes en karbonatiete (T.V. 389-390, 394-401).

Klassifikasie van stollingsgesteentes, Beginsels (T.V. 62-74, 1-3, S. 206-224). Voorbeeld : Klassifikasie van Shand (S. 225-245).

#### *Metamorfe petrologie*

Soorte metamorfose klassifikasie van metamorfe gesteentes (T.V. 450-455). Instelling van ewewig en faktore wat metamorfiese reaksies beheer (T.V. 456-487). Metamorfose sones en fasies (T.V. 488-507). Algemene kenmerke van kontak en regionale metamorfiese fasies (slegs opsommend) (T.V. 508-561, B. 261-271, 303-337). Metasomatose (T.V. 561-581). Metamorfose differensiasie (T.V. 581-586, B. 294-303). Magmatisasie, granitiasie, fenitiasie (T.V. 370-375, 376-378, 382-388, 400, B. 349-364). Maaksel van metamorfe gesteentes (T.V. 587-607, B. 271-280). Verhouding van metamorfose tot magma en orogenie (T.V. 655-672).

*Vraestel 2*

#### *Sedimentêre petrologie*

Sedimentêre differensiasie en fisiese chemie van sedimentasie (B. 21-30). Sedimentêre prosesse en omgewings van afsetting (D.R. 3-97). Benaming van sedimentêre gesteentes, oorsprong en kenmerke van vernaamste sedimentêre rotstipes (D.R. 159-256). Verspreiding van sedimentêre gesteentes (D.R. 308-317).

#### *Stratigrafie*

Algemene beginsels (D.R. 97-110, St. 48-67). Onderbrekings in die stratigrafiese rekord (D.R. 116-134, St. 48-57). Fasies en fasiesveranderinge (D.R. 135-158, St. 104). Plaaslike opeenvolging van strata (D.R. 257-270). Korrelasie (D.R. 271-288, St. 92-107). Stratigrafiese sisteem (D.R. 289-308). Relatiewe en absolute tydsbepaling (St. 10-29). Geologie, paleontologie van voor-en na-Kambriese tydperke van die aarde se geskiedenis in hooftrekke (St. 168-352).

### Vraestel 3

#### Die Geologie van Suid-Afrika

##### Voorgeskrewe boeke :

Stratigrafiese kolom en geologiese geskiedenis van Suid-Afrika (Du Toit, hoofstukke 2 en 21; Hamilton en Cooke, hoofstuk IV; Visser, bl. xiii-1; Gevers). Primitiewe Sisteeme, Argeïse graniete en gneise, Sisteem Dominiumrif en moontlike ekwivalente, Sisteem Witwatersrand en moontlike ekwivalente, Sisteem Ventersdorp, Sisteem Transvaal, Sisteem Loskop, Sisteem Waterberg, Sisteem Nama, Sisteem Kaap, Sisteem Karoo, Sisteem Kryt, Tersiere formasies, Kwarternêre formasies, Bosveldkompleks, Grootgang van Suid-Rhodesië, Pilanesberg gesteentes, Kaapse graniete, Karoo doleriete, NAKaroo stollingsgesteentes (Kimberliet, melilietbasalt en breksie pype). (Du Toit, hoofstukke 3-17; Hamilton en Cooke, hoofstukke 12-16). Die betekenis en belangrikheid van ouderdomsbepalings van gesteentes en minerale in Suidelike Afrika (Nicolaysen).

##### Ekonomiese Geologie

##### Teksboeke :

##### Boeke en artikels vir verdere leeswerk :

Boardman, L.G., Manganese in the Union of South Africa; Keep, F.E., Amphibole Asbestos in the Union of South Africa; Tsumeb Corporation Staff, Geology, Mining Methods and Metallurgical Practice at Tsumeb, (1961). *Comptes Rendu VIIth Commonwealth Mining and Metallurgical Congress, Johannesburg.*

Some Ore deposits of Southern Africa (1964). Volumes I en II. Spec. publ. Geol. Soc. S. Afr.

Ontwikkeling van die vak **Ekonomiese Geologie**. Samestelling van oorsprong van erts-en mineraalafsettings. (Bateman, hoofstukke 1, 2 en 3.) Die verband tussen magmas en mineraal afsettings. Voorkoms van sekere minerale saam met sekere gesteentes (Bateman, hoofstuk 4). Vormingsprosesse in mineraalafsettings: Magmatiese konsentrasie, sublimering, kontak metasomatose, hidrotemale prosesse, opvulling van holtes, verplasing, sedimentasie, residuële en meganiese konsentrasie, oksidasie en supergene verryking, metamorfose (Bateman, hoofstuk 5). in *Beheerende faktore in mineraal lokaliserings, metalogenetiese periodes en provinsies* (Bateman, hoofstuk 6; Du Toit, hoofstuk 20, bl. 491-494). Klassifikasie van erts-en mineraalafsettings (Bateman, hoofstuk 8).

Die voorkoms, oorsprong en klassifikasie van die volgende Suid-Afrikaanse erts-en mineraalafsettings :

Diamante, goud, platinum, koper, chroom, yster, mangaan, tin, lood, nikkel, aluminium, pegmatiet minerale, chrisotielasbes, andalusiet, sillimaniet, kianiet, fluoriet, klei, korund, grafiet, gips kalksteen, sout, padbou materiale (Du Toit, hoofstuk 20; Delfstowwe van die Unie van Suid-Afrika; Geol. Soc. S. Afr., *Some Ore Deposits of Southern Africa*).

##### Praktiese werk :

##### Vraestel 1

Petrochemiese berekeninge: Norm, Niggli-waardes, standaard sel (Barth, 62-71, 337-343). Petrografiese studie van rotsmonsters en slypplaatjies van die vernaamste stollingsmetamorfe en sedimentêre gesteentetipes. (Handboek: Williams, Turner en Gilbert: *Petrography*-W. H. Freeman & Co., 1954.)

##### Vraestel 2

Identifikasie van tipiese Suid-Afrikaanse gesteentes. Interpretasie en beskrywing van geologiese kaarte van Suid-Afrika. Beskrywing moet toegelig word met behulp van seksies. (Studente word aangeraai om geologiese kaarte wat al die vernaamste geologiese sisteme in Suid-Afrika dek, te bestudeer.)

Identifikasie van ekonomiese minerale in hand monster. Dit word ook verwag dat studente kennis sal dra van die samestelling, die gemiddelde metaalgehalte (in die geval van erts) en die voorkoms van die minerale in Suid-Afrika.

## KURSUSSE EN LEERPLANNE

### Departement Afrikaans-Nederlands

#### Kursus I

*Vraestel 1* (3 uur, 100 punte).

1. Inleiding tot die Fonetiek.
2. Sintaksis.
3. Hoofverskilpunte tussen Afrikaans en Nederlands aan die hand van 'n teks.
4. Historiese grammatika van Afrikaans aan die hand van tekste tussen 1652 en 1900.
5. Enige taalkundige begrippe en taalverskynsels

*Vraestel 2* (3 uur, 100 punte).

1. Inleiding tot die literatuurstudie in die algemeen.
2. 'n Oorsig in hooftrekke van die Afrikaanse en Nederlandse literatuurgeskiedenis
3. Afrikaanse en Nederlandse voorgeskrewe werke.

#### Kursus II

*Vraestel 1* (3 uur, 100 punte).

1. Fonetiek en Fonologie van Afrikaans.
2. Morfologie van Afrikaans.
3. Sintaksis van Afrikaans.

*Vraestel 2* (3 uur, 100 punte).

1. Die Ontwikkelingsgeskiedenis van Nederlands tot by Afrikaans.
2. Historiese grammatika van Afrikaans aan die hand van tekste uit die 17de-eeuse en Middel-Nederlands.
3. Die Ontstaan van Afrikaans

*Vraestel 3* (2½ uur, 100 punte).

1. Literatuurteorie oor poësie.
2. Uit die Afrikaanse literatuurgeskiedenis :
  - (a) Poësie : Die tydperk 1900 tot en met die Twintigers ;
  - (b) Prosa : Tien belangrike outeurs uit die tydperk 1900 tot hede ;
  - (c) Drama : Vyf belangrike outeurs uit die tydperk 1900 tot hede.
3. Afrikaanse voorgeskrewe werke.

*Vraestel 4* (2½ uur, 100 punte).

1. Uit die Nederlandse letterkunde : Die Sewentiende Eeu.
2. Nederlandse voorgeskrewe werke

#### Kursus III

*Vraestel 1* (3 uur, 100 punte).

1. Morfologie.
2. Sintaksis.
3. Semantiek.
4. Die Opkoms van die Taalwetenskap, met toespitsing op die moderne rigtings.

*Vraestel 2* (3 uur, 100 punte ; 35 vir vertaling, 65 vir taalkundige vrae).

'n Inleiding tot die studie van die 17de-eeuse en Middel-Nederlandse grammatika aan die hand van voorgeskrewe tekste.

*Vraestel 3* (3 uur, 100 punte).

1. Literatuurteorie : Drama en Prosa.
2. Die Afrikaanse Poësie van die Dertigers af tot vandag.
3. Afrikaanse voorgeskrewe werke.

*Vraestel 4* (3 uur, 100 punte).

1. Uit die Nederlandse letterkunde :
  - (a) Die Beweging van Tagtig.
  - (b) Die Nederlandse letterkunde na 1880 tot en met Aafjes en Vasalis, De Korte en Heusen.
2. Nederlandse voorgeskrewe werke.

#### Honneurskursus

Vir besonderhede aangaande hierdie kursus moet die hoof van die departement geraadpleeg word.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

## DEPARTEMENT VOLKEKUNDE

### Kursus I

(Een Vraestel)

Afdeling A (50 Persent)

1. Inleiding :

- (a) Die gebied en taak van die vak.
- (b) Die begrippe kultuur, ras en volk.

2. Oorsigtelike behandeling van die basiese volkekundige verskynsels en begrippe t.o.v. ekonomiese en maatskaplike organisasie, religieuse stelsels, regerings en regstelsels.

3. Oorsigtelike studie van fisiese antropologie en rassekunde en die verspreiding en raseindeling van die volke van die wêreld.

Afdeling B (50 Persent)

1. Etniese samestelling, geskiedenis en indeling van die volke van Afrika, met spesiale verwysing na S.A.

2. 'n Intensiewe etnografiese studie van *een* Nguni- en *een* Sothovolksgroep, en 'n oorsigtelike etnografiese studie van die Boesmans en Hottentotte.

3. Die studie van aanraking tussen Europeane en Bantoe in Suid-Afrika en volkekundige probleme in verband daarmee.

### Kursus II

(Twee Vraestelle)

Vraestel 1.

Intensiewe studie van die aard en **eienskappe** van kultuur.

Vraestel 2.

Etnografiese studie van uitgesoekte volke van Afrika, met besondere verwysing na 'n patrilineêre Noord-Bantoesam (Bakitara), 'n matrilineêre stam (Bemba), 'n Nilotiese stam, (Lango), 'n Negerstam (Ashanti), en wel meer bepaald ten opsigte van staatsorganisasie, religieuse stelsels, sosiale organisasie en ekonomiese stelsels.

### Kursus III

(Drie Vraestelle)

Vraestel 1.

Intensiewe studie van die verskillende volkekundige rigtings, hulle opvattinge, metodes en teorieë, veral die van dié twintigste eeu.

Vraestel 2.

(1) Intensiewe studie van kultuurleer en die prosesse van kultuurvermenging in die algemeen met besondere verwysing na sekere gebiede of sekere bevolkingsgroepe.

(2) Die waarde en gebruik van volkekunde t.o.v. praktiese probleme in verband met naturelle-administrasie, sending, opvoeding en ekonomiese ontwikkeling in Afrika.

Vraestel 3.

(1) 'n Kort oorsig van verskillende benaderings tot die indeling van die volke en kulture van Afrika.

(2) 'n Vergelykende studie van 'n gekose aspek van kultuur onder verskillende volke van Afrika.

(3) Gekose studies van volke en kulture uit twee of meer van die volgende gebiede :

- (a) Noord- en Suid-Amerika ;
- (b) Oseanië en aangrensende gebiede ;
- (c) Asië ;
- (d) Europa.

L.W. Keuses in 2 en 3 word deur die betrokke Departementshoof aan die Universiteit in oorleg met die Universiteits-Kollegas bepaal.

## Honneurs kursus

(Vyf vraestelle)

(a) *Vraestel 1*

- (1) Geskiedenis, grondslae en gebied van die algemene antropologie.
- (2) Volkekundige denkrigtings.

(b) *Vraestel 2*

- (1) Biblioteeknavorsing.
- (2) Veldwerk.
- (3) Die akademiese verhandeling.

(c) *Vraestel 3*

Een van die volgende, t.w. (1) of (2) of (3) :

- (1) Suid-Afrikaanse Etnografie, omfattende :
  - (i) 'n Vergelykende studie van die vernaamste kenmerke van die verskillende Bantoe-groepe in Suid-Afrika.
  - (ii) 'n Uitvoerige studie van die kultuur van 'n inboorlingvolk of groep inboorlingvolke van Suid-Afrika of 'n aangrensende gebied.
  - (iii) Vergelyking van 'n besondere aspek van die kultuur in (ii) genoem met dieselfde aspek van die kultuur van 'n ander inboorlingvolk van bedoelde gebied.
- (2) Suid-Afrikaanse Oudheidkunde, omfattende minstens drie uitgesoekte onderwerpe.
- (3) S.A. Bantoe- en Naturellereg, omfattende minstens drie *Capita Selecta*.
- (d) 'n Artikel van minstens 20 en hoogstens 30 getikte folio-bladsye wat—
  - (i) 'n onderwerp behandel uit die vakgebied vir Vraestel 3 gekies en deur die Voorsitter van die Studiekomitee vir Volkekunde goedgekeur ;
  - (ii) opgestel word onder toesig van die betrokke dosent ;
  - (iii) gebaseer word op gepubliseerde literatuur ;
  - (iv) voldoen aan die vereistes van Reglement G43-G52 ;
  - (v) in triplo ingedien word onderworpe aan die bepalinge van Reglement G36 en G46 ;
  - (vi) beoordeel word deur die toesighoudende dosent en 'n ander eksaminator of ander eksaminatore luidens Reglement G8(2), met dien verstande dat die bepalinge van Reglement A18 van toepassing is ;
  - (vii) onderworpe is aan die bepalinge van Reglement G52 en nie 'n slaagsyfer verwerf tensy vir publikasie geskik geag nie.

'n Kandidaat wat die honneurseksamen druipe, behou krediet vir die artikel vir 'n tweede poging, mits hy minstens 50 persent daarvoor behaal het. Indien die kandidaat die eksamen as geheel vir die tweede keer druipe, moet spesiale toestemming van die Senaat verkry word om die eksamen nogeens te herhaal, asook om krediet vir die artikel te behou. Soos vir die skriftelike vraestelle is daar 'n subminimum van 40 persent vir die artikel.

### Naturelle-administrasie

*L.W.*—Kandidate moet bekend wees met die beginsels en algemene inhoud van die statute wat op naturelle van toepassing is. Proklamasies en regulasies hoef nie bestudeer te word nie ; maar van die bestek en aard daarvan, vir sover dit betrekking het op 'n beleid of 'n stelsel van administrasie wat in die hoofwet nie duidelik omskryf is nie, moet kennis geneem word, mits sodanige statute, proklamasies en regulasies voor 31 Mei van die betrokke eksamenjaar verskyn.

### Kursus I

(Een vraestel)

1. Naturelle-administrasie en die inhoud daarvan :—
  - (a) Gebied en omvang van die vak.
  - (b) Bevolkingstatistiek van die Republiek.

2. Ontwikkeling van naturrelebeleid en -administrasie : Inleidende bestudering van historiese ontwikkeling van naturrelebeleid en -administrasie in die Suid-Afrikaanse kolonies en republieke vòòr unifikasie, met besondere verwysing na beleidsrigtings en/of administrasiestelsels wat na 1910 navolging gevind het.

3. Struktuur en funksies van die hedendaagse administrasie in die algemeen : Oorsig van die ontwikkeling van naturrelebeleid en -administrasie in Suid-Afrika sedert unifikasie met spesiale verwysing na die administrasiestelsel ; naturrele-belasting en -onderwys ; algemene ekonomiese posisie van die naturrel ; grondreservering vir en die regte van naturrele op grond ; stedelike naturrele-administrasie ; politieke status van en verteenwoordiging vir die naturrele ; en tendense in die hedendaagse naturrelebeleid van die Republiek.

4. Die administrasiestelsel :—

- (a) Zuid-Afrika Wet, 1909, en die parlement.
- (b) Magte van die Goewerneur-generaal.
- (c) Die samestelling, funksies en magte van die Departemente van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, en Bantoe-onderwys met besondere verwysing na :—
  - (i) Naturrele-administrasie Wet, 1927.
  - (ii) Departementele organisasie : Hoofkantoor, streeks-, regs- en distriks-organisasie.
- (d) Die Kabinetskomitee vir Naturrele-aangeleenthede.
- (e) Die Naturrelesakekommissie.

5. Naturrelebelasting :—

- (a) Algemene beginsels van die belasting.
- (b) Naturrelebelasting voor unifikasie.
- (c) Ontwikkeling sedert unifikasie : die wetgewing van 1925 en 1958, en die toepassing daarvan.
- (d) Die aanwending van stam-, plaaslike en algemene belasting—die Bantoe-onderwysrekening.

6. Beheer oor en finansiering van naturrele-onderwys :—

- (a) Histories.
- (b) Beheer oor en finansiering van naturrele-onderwys sedert 1910, met besondere verwysing na die wette van 1925, 1945, 1953 en 1955.
- (c) Onderwys- en opleidingsfasiliteite.
- (d) Metodes, doelstellinge en uitwerking van Naturrele-Onderwys. Die verslae van die Naturrele-Onderwyskommissies, U.G. Nr. 29/1936 en U.G. Nr. 53/1951.

## Kursus II

### Vraestel 1.

1. Naturrellegebiede :—

- (a) Die ontstaan, met besondere verwysing na :—
  - (i) Toestande voor Unie.
  - (ii) Naturrele en Grond Wet, 1913.
  - (iii) Verslag van die Beaumontskommissie en daaropvolgende ontwikkeling.
  - (iv) Naturreletrust en -grond Wet, 1936, en die toepassing daarvan.
- (b) Die Suid-Afrikaanse Naturreletrust.
- (c) Verskillende stelsels van grondbesit.
- (d) Die herwinning en ontwikkeling van naturrellegebiede.

2. Regte van naturelle op grond in Suid-Afrika. 'n Gevorderde studie van die regte van naturelle op grond in Suid-Afrika met verwysing na verbandhoudende wetgewing uitgevaardig voor en na die totstandkoming van die Republiek :

(a) Regte van naturelle op grond in die naturellegebiede :—

- (i) Die verkryging van eiendomsregte.
- (ii) Verskillende stelsels van grondbesit.

(b) Regte van naturelle op grond in die nie-naturellegebiede :—

- (i) In nie-naturelle landelike gebiede : die verkryging van eiendomsregte, en okkupasieregte op kroongrond en partikuliere eiendom—met verwysing in die laasgenoemde geval na die plakkerstelsel.
- (ii) In nie-naturelle stedelike gebiede : die verkryging van eiendomsregte en okkupasieregte op grond deur naturelle en nie-naturelle.


3. Wetgewing rakende die naturellebevolking : 'n Studie van wetgewing rakende die volgende aspekte van die lewe van die naturellebevolking : drank ; besit van vuurwapens ; gemengde huwelike en bloedvermenging ; openbare veiligheid en oproerige byeenkomste ; prospektering in die naturellegebiede ; handel en verblyf van nie-naturelle in die naturellegebiede : bevolkingsregister van die Republiek en persoonskaarte ; onderdrukking van Kommunisme ; onderdrukking van toordery ; aparte geriewe.

Die volgende wetgewing is van belang : Naturelle-administrasie Wet, 1927 ; Drankwet, 1928 ; Wapens- en Ammunisiewet, 1937, Natureltrust en -grond Wet, 1936 ; Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949 ; Wet op Onderdrukking van Kommunisme, 1950 ; Bevolkingsregistrasiewet, 1950 ; Strafrekwysigingswet, 1953 ; Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe, 1953 ; Wet op Openbare Veiligheid, 1953 ; Wet op Oproerige byeenkomste, 1956 ; Wet op Naturelle (verbod op Interdikte), 1956 ; Wet op onderdrukking van Toorkuns, 1957 ; Wet op Ontug, 1957 ; Verslag van die Kommissie op Gemengde Huwelike, U.G. Nr. 30/1939, ens.

4. Die politieke status van die naturellebevolking in Suid-Afrika :—

- (a) Algemene burgerregte wat naturelle in Suid-Afrika geniet ; die Universele Deklarasie van Mensregte van die V.V.O.
- (b) Politieke regte : verteenwoordiging in wetgewende liggame :
  - (i) Die toestand voor Unie.
  - (ii) Zuid-Afrika Wet, 1909 ; Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1961.
  - (iii) Naturelle-Verteenwoordigingswet, 1936, soos gewysig ; Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946.
  - (iv) Die Naturelle Verteenwoordigende Raad.
  - (v) Huidige posisie t.o.v. naturelle en nie-blankes.
- (c) Die Raadstelsel :—
  - (i) Die beginsel van indirekte bewind : die erkenning al dan nie van inheemse regs- en staatsinstellinge in Suid-Afrika.
  - (ii) Instelling en ontwikkeling van naturellerade in naturellegebiede :—
    - (1) Glen Grey Wet, 1894.
    - (2) Ontwikkeling van die naturelleraad- en Bantoeowerheidstelsel in die Transkei ; samestelling, funksies en bevoegdhede van die Transkeise Gebiedsoowerheid.
    - (3) Naturellezaken Wet, 1920, en die ontwikkeling van die raadstelsel in die Ciskei en in ander dele van die Unie.
    - (4) Wet op Bantoe-oowerhede, 1951.

*Vraestel 2.*

5. **Naturelle-arbeid : Beleid ten opsigte van beheer oor en gebruik van Naturelle-arbeid in Suid-Afrikaanse Nywerheidslewe :—**
- (a) Die bepalings van die Naturelle-arbeid Regelingswet, 1911 en die toepassing daarvan.
  - (b) Rekrutering vir die Witwatersrandse goudmyne ; werksaamhede en metode van die N.R.C., W.N.L.A. ; en die Mosambiek-konvensie. Voorskotte aan naturelle-arbeiders ; Wet Nr. 18/1921.
  - (c) Indiensneming van naturelle in nywerheidsentrums en die stelsel van trekarbeid ; die oorsake, omvang, stimulering en beheer daarvan ; die Internasionale Arbeidorganisasie teen gedwonge arbeid.
  - (d) Naturellevakunies met verwysing, onder andere, na die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, en die verslae van die Kommissies insake Nywerheidswetgewing, U.G. Nr. 37/1935 en U.G. Nr. 62/1951.
  - (e) Wet op Naturellebouwerkers, 1951 ; en Wet op Naturelle-arbeid (Beslegting van Geskille), 1953.
  - (f) Naturelle-arbeid in landelike gebiede ; naturelle-arbeidsburo's.
  - (g) Naturelle-arbeidsburo's in Suid-Afrika : ontstaan, oogmerke, funksies en werksaamhede.
  - (h) Ander wetgewing rakende naturelle-arbeid : Loonwet, 1957 ; Ongevallewet, 1941 ; Silikosewet, 1946 ; heer en diensbodewette ; Wet op Myne en Bedrywe, 1956 ; Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerke, 1941 ; Wet op Vakleerlinge, 1944 ; Oorlogsmaatreeël Nr. 145/1942 ; Wet op Loonsversekering van Werksmense, 1956 ; Wet op Winkels en Kantore, 1939.
  - (i) Algemene ekonomiese toestand van naturelle in Suid-Afrika ; die beskaafde arbeidsbeleid.
6. **Stedelike Naturelle-administrasie : Intensiewe studie van die oogmerke, masjinerie en vernaamste probleme in verband met naturelle-administrasie in stedelike gebiede met verwysing na :—**
-   
University of Fort Hare  
*Together in Excellence.*
- (a) Verstedeliking van naturelle : Historiese agtergrond ; omvang ; beweegredes ; algemene gevolge.
  - (b) Gedetailleerde bestudering van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, met spesiale verwysing na die administrasiestelsel : Woonbuurt-skeiding ; instromingsbeheer ; drankerverskaffing ; finansiering van die administrasie t.o.v. stedelike naturelle ; aandeel van die naturelle in stedelike plaaslike bestuur.
  - (c) Naturellebehuising in stedelike gebiede : Omvang en aard van die probleem ; stedelike naturellebehuisingbeleid van die staat ; finansiering van stedelike naturellebehuisingkemas ; wetgewing betreffende en rakende stedelike naturellebehuising.
  - (d) Raad vir die Hervestiging van Naturelle : Aanleidende oorsake tot die instelling van die Raad ; samestelling, oogmerke, algemene bevoegdhede en werksaamhede van die Raad ; verhouding tussen die Stadsraad van Johannesburg en die Raad vir die Hervestiging van Naturelle..
  - (e) Die buitestedelike naturelle vraagstuk in die Republiek.
7. **Beheer oor beweging.**—Die onderliggende beginsels, oogmerke en uitwerkinge van die Naturellepasstelsel :—
- (a) Paswette van krag in die verskillende gebiede voor Unie.
  - (b) Paswette van krag sedert 1927 ; artikel 28 van die Naturelle-administrasie Wet, 1927, en Proklamasie Nr. 150/1934.
  - (c) Vereenvoudiging van die passtelsel : Naturelle (Afskaffing van Passe en Koördinerings van Dokumente) Wet, 1952.

### Kursus III

#### Vraestel 1.

1. Suidwes-Afrika : Bestudering van naturellebeleid en administrasie ; konstitusionele ontwikkeling met besondere verwysing na die Mandaatstelsel en die vyfdeprovinsie-vraagstuk ; 'n vergelyking van die naturellebeleid en -administrasie in Suid-Wes-Afrika met diè van die Republiek.

2. Hoë Kommissarisgebiede : bestudering van naturellebeleid en -administrasie in hierdie gebiede met besondere verwysing na die historiese ontwikkeling van die stelsel van naturelle-administrasie, en die hervormings ingestel ten opsigte van Native Authorities, Native Councils Treasuries ; ekonomie en finansies ; en die grondvraagstuk. Konstitusionele ontwikkeling, en moontlike toekomstige ontwikkelinge : selfregering vir en/of inlywing van die Hoë Kommissaris-gebiede by die Republiek van Suid-Afrika. Vergelyking van naturellebeleid en -administrasie in die Hoë Kommissarisgebiede met die van die Republiek, vergelyking en kontrastering van direkte en indirekte bewind (local government).

3. Rhodesië en Njassaland : Bestudering van naturellebeleid en -administrasie ; konstitusionele ontwikkeling ; vergelyking van naturellebeleid- en -administrasie van die Federasie met diè van die Republiek.

#### Vraestel 2.

4. Afrika agtergrond.

5. Belangemoondhede se beleidsrigtings in Afrika : Bestudering van die Britse Franse, Portugese, Spaanse en Belgiese beleidsrigtings t.o.v. die inboorling soos toegepas in hul Afrika-gebiede, met verwysing na die ontwikkeling van internasionale beheer insluitende konvensies wat koloniale administrasie raak ; die Volkebond en die Mandaatstelsel ; die Organisasie van Verenigde Nasies en die Trusteeskapstelsel. 'n Onderlinge vergelyking van hierdie beleidsrigtings, en met die naturellebeleid van die Republiek van Suid-Afrika.

#### Vraestel 3.

6. Rasseverhoudings : 'n Vergelykende studie van teorieë in verband met rasseverhoudings en die toepassing daarvan in Afrika (insluitende Suid-Afrika) en in ander dele van die wêreld. Internasionale gedagterigtings betreffende rasseverhoudings.

7. Probleme van meer-rassige gemeenskappe : Ontleding van beleids- en administrasieprobleme in meer-rassige gemeenskappe in die wêreld met besondere verwysing na toestande in Suid-Afrika. Aandag moet gewy word aan :—

- (a) Onderskeidende faktore ten opsigte van beleidsrigtings en probleme.
- (c) Teorie en praktyk betreffende status en plek van verskillende rasse-groepe.
- (b) Oorsake van en beleid in verband met die ontwaking van nasionalisme.
- (d) Vraagstukke betreffende staatkundige uitlewing : selfregering.
- (e) Verpligtings van die staat betreffende welsyn en ontwikkeling van alle mense.

8. Gevorderde studie van Suid-Afrikaanse Naturellebeleidsrigtings : alternatiewe beleidsrigtings ; afsonderlike ontwikkeling of integrasie ; historiese agtegrond van die beleidsrigtings, hulle oogmerke, praktiese programme en implikasie, 'n onderlinge vergelyking.

## DEPARTEMENT VAN BANTOETALE

*L.W.*—Kandidate moet daarop let dat hierdie kursus slegs gevolg mag word deur kandidate wat die Matriekeksamen (Hoër of Laer Graad) in die taal wat hulle aanbied met sukses afgelê het.

### Kursus I

#### Vraestel 1.

*Afdeling A.*—(a) Die grondbeginsels van die fonetiek (insluitende prosodiese elemente) en die fonetiek van die taal in die besonder. Fonetiese transkripsie kan ook gevra word.

(b) Die fonologie (o.a. die onderlinge klankbeïnvloeding en ander klankveranderinge) van die taal. (40%)

*Afdeling B.*—Inleiding tot die vorms en sinsleer van die taal. Let daarop dat in hierdie kursus die klem op die vormleer val. Grammatiese verklarings kan ook gevra word. (60%)

#### Vraestel 2.

*Afdeling A.*—'n Letterkundige studie van die voorgeskrewe boeke. (55%)

*Afdeling B.*—Vertaling op sig in die taal. (15%)

*Afdeling C.*—'n Opstel van ongeveer twee bladsye in die taal. (30%)

### Kursus II

#### Vraestel 1.

(a).—'n Gevorderde studie van die fonetiek, fonologie, morfologie, sintaksis en semantiek van die taal. (100%)

(b) Inleiding tot die fonetiek, fonologie, morfologie en sintaksis van 'n ander taal, by voorkeur een uit dieselfde groep as die waaraan die hooftaal behoort. Hierdie tweede taal is die een waaruit die voorgeskrewe boek uit 'n ander taal as die hooftaal in die afdeling vir voorgeskrewe boeke aangegee, geneem is. Aandag moet ook geskenk word aan vergelykings met die hooftaal. (50%)

#### Vraestel 2.

*Afdeling A.*—Inleiding tot die studie van vergelykende Bantoetaalkunde met besondere verwysing na—

- (i) die beginsels van taalindeling en die terminologie daaraan verbonde, b.v. taalfamilie, sone ;
- (ii) algemene beginsels van die rekonstrueer van oertale ; die wese en funksie van Oerbantoe ; 'n kennis van die Oerbantoe-klanke en die eenvoudige klankver-skuiwings (insluitende nasaalverbindinge) na die hooftaal, d.w.s. die taal waarmee in die eerstejaar begin is ;
- (iii) die klasvoorvoegsels van die Oerbantoe selfstandige naamwoord en hul inhoud, asook hul ooreenstemmende vorme en inhoud in die hooftaal en die tweede taal ;
- (iv) die klassifikasie van die dialekte en die eienskappe van die groep waaraan die hooftaal behoort ;
- (v) die algemene beginsels van die studie van foneme en 'n inleding tot 'n studie van die foneme van die hooftaal. (50%)

*Afdeling B.*—Volksoorleweringe en publikasies (50%)

#### Vraestel 3.

Letterkunde 100%.

### Kursus III

#### Vraestel 1.

*Afdeling A.*—'n Vergelykende studie van die fonetiek, fonologie, morfologie, sintaksis en semantiek van 'n hooftaal en twee ander nabyverwante tale soos in die volgende skedule uiteengesit :—

<i>Hooftaal.</i>	<i>Tale vir vergelyking</i>
Xhosa.	Swazi en Zulu.
Zulu.	Swazi en Xhosa.
Rhodesiese Ndebele.	Zulu en Xhosa.
Tsonga.	Zulu en Tshwa.
Suid-Sotho.	Noord-Sotho en Tswana.
Noord-Sotho	Suid-Sotho en Tswana.
Tswana.	Noord-Sotho en Suid-Sotho.
Venda.	Suid-Sotho en Noord-Sotho.
Shona (Zezuru)	Kalanga en Karanga
Nyanja.	Cewa en Nsenga.
Swahili (Zanzibar)	Mvita (Mombasa) en Amu. (60%)

*Afdeling B.*—Met betrekking tot elke hooftaal en sy bytale soos in Afdeling A uiteengesit : Betekenis en gevoelswaarde van woorde ; neologismes ; verskil tussen die geskrewe en gesproke taal ; spreekwoorde ; gesegdes ; idiome ; beeldspraak, ens., m.a.w. stilistiek in die algemeen en meer bepaald met verwysing na die skrywers van die voorgeskrewe boeke onder Vraestel 3 behandel. (40%)

### *Vraestel 2.*

*Afdeling A* —Vergelykende taalkunde met verwysing na-

- (i) kenmerke van die Bantoetaalfamilie ;
- (ii) die klassifikasie van die tale van die sone en die eienskappe van die sone waartoe die hooftaal behoort, insluitende die eienskappe van die groepe van die sone;
- (iii) die ontwikkeling van die taalwetenskap van die bepaalde sone ;
- (iv) gevorderde klankverskuiwing uit Oerbantoe na die hooftaal ;
- (v) bepaalde aspekte van die vergelykende Bantoetaalstudie met betrekking tot die bepaalde sone, bv. fonologiese wette, die skakelsistiem ;
- (vi) die invloed van vreemde tale op die bepaalde sone ;
- (vii) 'n inleiding tot die foneemstudie van die groep waaraan die hooftaal behoort. (100%)

University of Fort Hare  
Together in Excellence

### *Vraestel 3.*

*Taal en Letterkunde :*

- (a) Vir die B.A.-Honneurskursus is 'n hooftaal sowel as 'n taal van 'n ander groep nodig.
  - (b) Die hoofkursus moet voorafgegaan word deur 'n derdejaarkursus in die B.A.-graad.
  - (c) Vir die tweede Bantoetaal word minstens die eerstejaar B.A. kursus vereis (groepering verskyn onder Reël A3.)
- L.W.*—Die eerstejaarskursus moet afgelê word voor toelating tot die Honneurseksamen.
- (d) Volkekunde I is 'n voorvereiste en mag voor of gelyktydig met die Honneurs-eksamen aangebied word.
  - (e) Kandidate word verwag om 'n leeskenis te hê van Frans en/of Duits.
  - (f) 'n Kandidaat het 'n keuse van vier vraestelle uit ses, maar moet 'n artikel in-handig van 25-30 lyne in dubbelspasiëring getik en oor 'n goedgekeurde onderwerp, voordat hy die geskrewe deel van die eksamen doen. Hierdie artikel neem die plek van 'n vyfde vraestel en punte sal toegeken word asof dit 'n eksamenvraestel is. Die eksamen behels die volgende geskrewe vraestelle :— Vir vraestelle uit die ses moet gekies word :

*Vraestel 1 :* Algemene Fonetiek.

*Vraestel 2 :* (a) Rangskikking van die tale van Afrika.

(b) Bantoetaalwetenskap.

*Vraestel 3 :* Vergelykende studie van Bantoe Morfologie, Sintaksis, Semantiek.

*Vraestel 4 :* Tradisionele Bantoe Letterkunde.

*Vraestel 5 :* Geskiedenis van Bantoe Letterkunde.

*Vraestel 6 :* Moderne Bantoe Letterkunde.

Vir voorgeskrewe werke sien Hoof van Departement.

## BIBLIOTEEKKUNDE

### Kursus I

(Twee 3-uur vraestelle en een 3-uur praktikum)

#### Vraestel 1

- (a) Algemene Inleiding tot die Biblioteekkunde.
- (b) Historiese Bibliografie : Geskiedenis van skrif en boek voor en na die drukkuns.
- (c) Organisasie.

#### Vraestel 2

Katalografie (Teoreties).

#### Vraestel 3

Katalografie (Prakties).

### Kursus II

(Twee 3-uur vraestelle, een 2-uur vraestel en twee 3-uur praktika)

#### Vraestel 1

- (a) Algemene geskiedenis van die biblioteek.
- (b) Biblioteekadministrasie en geskiedenis van die Biblioteekwese in Suid-Afrika.

#### Vraestel 2 (2 uur)

Boekekunde.

#### Vraestel 3

Katalografie (Teorie).

#### Vraestel 4

Praktikum : Katalogisering.

#### Vraestel 5

Praktikum : Klassifikasie.



### Kursus III

(3 vraestelle van drie uur elk)

University of Fort Hare

Together in Excellence

#### Vraestel 1

Ensiklopedie van die biblioteekkunde met inbegrip van

- (a) Die ensiklopedie van die biblioteekgeskiedenis ;
- (b) Geskiedenis van die Biblioteekwese sedert die Franse Rewolusie.

#### Vraestel 2

- (a) Bibliografiese Sismatiek.
- (b) Organisasieleer.

#### Vraestel 3

- (a) Leserkunde.
- (b) Inleiding tot ontsluiting van inligtingsbronne en inleiding tot die museums en argiefkunde.

### Kursus IV

(3 vraestelle van drie uur elk)

#### Vraestel 1

- (a) Pligteleer of deontologie.
- (b) Besondere vraagstukke uit die (i) historiese ;  
(ii) sistematiese biblioteekkunde

#### Vraestel 2

- (a) Bibliografiese Sismatiek.
- (b) Organisasieleer.

#### Vraestel 3

Leserkunde

of

Gevorderde ontsluiting van inligtingsbronne.

Die volgende kursus word aangebied aan al die studente in die Fakulteit van Lettere

## WETENSKAPLIKE DOKUMENTASIE EN TEGNIEK

### *Inleiding*

Die hipotese.

### *Afdeling I*

Die bibliografie en sy onderdele.

### *Afdeling II*

Die dokumentasie en sy hulpmiddele.

### *Afdeling III*

Die aanlé van 'n persoonlike dokumentasie.

### *Afdeling IV*

Die opmaak van 'n wetenskaplike geskrif.

## BIBLIOTEEKKUNDE

### Honneurs-Baccalaureuseksamen

*Vraestel 1* : Grondige studie van spesiale vraagstukke uit die gebied van Dokumentasie en Bibliografie.

By wyse van voorbeeld : (a) Dokumentasiefunksie in wetenskaplike en openbare biblioteke ; (b) spesiale bibliografiese beskrywings, soos bv. handskrifte, inkunabula ; (c) die tegniek van die nasionale biblioteek en die nasionale katalogus op nasionale biblioteke of daarmee assimileerbare instellinge ; (d) wese, funksie, geskiedenis, funksionering van die nasionale biblioteek of daarmee assimileerbare instellinge ; (e) argiefkunde ; (f) museografie ; (g) die outeursreg-vraagstuk.

*Vraestel 2* : Grondige studie van spesiale vraagstukke uit die gebied van Boek- en Biblioteekwese.

By wyse van voorbeeld : (a) Grondige ensiklopedie, metodologie en bibliografie van die biblioteekgeskiedenis ; (b) grondige historiese en tegniese studie van een biblioteekvorm ; (c) grondige geskiedenis van die skrif ; (d) beginsels van Latynse paleografie ; (e) beginsels van moderne paleografie ; (f) beginsels van diplomatiek of oorkondeleer ; (g) teorie en ontwikkeling van die abbreviatiek ; (h) beginsels van chronologie

*Vraestel 3* : Katalografie.

Grondige studie van katalografiese en klassifikasie-probleme soos byvoorbeeld : (a) ontstaan en ontwikkeling van die katalogus in die algemeen en die besonder (naams katalogus, sistematise katalogus, ens.) ; (b) opname van moderne katalogiseermodes ; (c) besondere studie van die Dewey-stelsel, die U.D.K. en ander klassifikasiestelsels soos die L.C., Bliss ; (d) spesiale klassifikasieprobleme en katalogiseerreëls (bv. vir fonografiese opnames, kaarte en dgl.) ; (e) teorie van klassifikasie.

*Vraestel 4* : Biblioteek-ekonomie

By wyse van voorbeeld : Grondige studie van biblioteekkundige vraagstukke met spesiale verwysing na verskillende soort biblioteke en biblioteekstelsels : (a) algemene biblioteekbeheer ; (b) departementalisasie en spesialisering ; (c) moderne biblioteektegnieke, bv. fotografie, mikrofotografie en ander bibliografiese reproduksiemodes.

*Vraestel 5* : Leserkunde

By wyse van voorbeeld : (a) die openbare biblioteek en die leserfunksie ; (b) nasionale en internasionale eksperimentele ondersoek na die leesvermoë, (c) sosiale, psigologiese, pedagogiese agtergrondstudie van die biblioteekpubliek ; (d) leserkundige toetse en hulle kritiese beoordeling i.v.m. volwassenes en jeugdiges ; (e) lees higiëne ; (f) teorie van boekekeuse en boekeverskaffing.

## DEPARTEMENT VAN ENGELS

### Kursusse en Leerplanne

(Sien Engelse teks)

## DEPARTEMENT VAN GESKIEDENIS

### Kursus I

(Een vraestel)

1. Europese Geskiedenis, 476-1555 n.C.
2. Geskiedenis van Suid-Afrika, van die Portugese ontdekkings tot die einde van die bestuur van die Kompanjie (1795).

### Kursus II

*Vraestel 1.*—Europese Geskiedenis, 1556-1815.

*Vraestel 2.*—Geskiedenis van Suid-Afrika, 1795-1881, met insluiting van die Britse koloniale beleid in dié tydperk.

*Let wel.*—Studente wat voornemens is om verder as Kursus I te gaan, word sterk aangeraai om 'n leeskennis van Afrikaans te bekom voordat hulle met Kursus II begin.

### Kursus III

*Vraestel 1.*—Europese Geskiedenis na 1815.

*Vraestel 2.*—Die Nuwe Imperialisme na 1870 en die opkoms van Anti-kolonialisme, met spesiale verwysing na die geskiedenis van Afrika (Suid-Afrika uitgesluit) en die opkoms van die V.S.A. en Rusland as wêreldmoondhede.

*Vraestel 3.*—Geskiedenis van Suid-Afrika na 1881, met inbegrip van die plek van Suid-Afrika in die Statebond (tot 1961).

Daar word van studente verwag om ekstensief in die gedrukte bronne te lees, veral m.b.t. vraestel 3. Nadere inligting sal gedurende die loop van die jaar verstrekk word.

### Honneurs-Baccalaureuseksamen

Die eksamen bestaan uit:—

1. Teoretiese geskiedenis: 'n Oorsig van die historiese metode en teorie en van die historiografie van die begin van die 19de eeu af.
2. 'n Vraestel uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat bestudeer moet word aan die hand van gedrukte dokumente. Een van die volgende tydperke moet gekies word:—
  - (a) Die Kaap onder Van Riebeeck en die Van der Stels, 1652-1707.
  - (b) Die Kaap gedurende 1778-1806.
  - (c) Suid-Afrika gedurende die Groot Trek, 1834-1854.
3. 'n Periode uit die moderne geskiedenis wat bestudeer moet word met behulp van gedrukte dokumente. Een van die volgende:—
  - (a) Die Amerikaanse Rewolusie en die samestelling van die federale grondwet, 1760-1788.
  - (b) Die stryd om parlementêre oppergesag in Engeland tydens die Stuart-tydperk (1603-1714).
  - (c) 'n Vergelykende studie van die grondwette van Kanada, Australië en Suid-Afrika.

4. 'n Intensiewe studie van een van die volgende :—

- (a) Die middeleeuse ryk en die opkoms van die nasionale staat in Europa tydens die middeleeue.
- (b) Die Renaissance, Hervorming en ontdekkingsreise van die helfte van die 15de eeu tot die helfte van die 17de eeu.
- (c) Nasionalisme en internasionalisme in Europa in die 19de en 20ste eeu.
- (d) Die plek van Afrika in die Wêreldgeskiedenis in die 19de en 20ste eeu.
- (e) Die opkoms van die V.S.A. in die 19de en 20ste eeu.

*L.W.*—Alle opsies word nie doseer nie en die Departementshoof moet vooraf geraadpleeg word.

Dit word aanvaar dat voornemende studente op hoogte is met die taalvereistes soos in Kursus II uiteengesit.

### Magistereksamen

Die eksamen bestaan uit :

'n *Verhandeling*, waarvan die onderwerp deur die Senaat goedgekeur moet word minstens ses maande voordat dit ingelewer word. Dit moet vergesel word van 'n verklaring dat dit die kandidaat se eie werk is. Dit moet bewys lewer van oorspronklike navorsing deur die kandidaat, moet getik wees (dubbele spasiëring) en behoorlik gebind.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

## DEPARTEMENT GRIEKS

Die minimum persentasie om te slaag in die eksamen as 'n geheel is 50. 'n Subminimum van 33 persent word gestel in elke vraestel van Grieks I, en II en III, en Hellenistiese Grieks I en II en in die vertalingsafdeling van Voorbereidende Grieks.

### Grieks : Voorbereidende kursus

(Een vraestel)

- (a) Vrae oor die sintaksis en vormleer van Attiese Grieks, met uitsluiting van die optatief en gebruike daarvan.
- (b) Afrikaanse/Engelse sinne vir vertaling in Grieks.
- (c) Eenvoudige Grieks vir vertaling in Afrikaans/Engels.

### Kursus I

(2 Vraestelle)

*Vraestel I* (100 punte).

(a) Twee voorgeskrewe boeke, albei vir noukeurige studie. Die vrae sluit in passasies vir vertaling, taalkundige kommentaar, kommentaar op die inhoud en verband, en vrae van 'n literêre aard oor die betrokke outeurs en in die algemeen en met besondere verwysing na hulle voorgeskrewe werke.

Studente moet vertrou wees met die iambiese trimeter soos 'dit in die tragedie voorkom.

(Vertaling  $\pm$  33 persent, aantekeninge  $\pm$  25 persent, algemene vrae  $\pm$  10 persent, skandering  $\pm$  4 persent).

(b) Onvoorbereide vertaling van een passasie uit Grieks (25 persent).

*Vraestel 2* (100 punte).

(a) Onvoorbereide vertaling van twee passasies uit Grieks (40 persent), en vertaling in Grieks van 'n aantal losstaande sinne (30 persent).

(b) Oorsig van die Griekse geskiedenis van  $\pm$  1,000 tot 323 v.C. (30 persent).

### Kursus II

(3 Vraestelle)

*Vraestel I* (100 punte).

Vier voorgeskrewe boeke, almal vir noukeurige studie, meesal gekies uit die werke van Euripides, Homeros (Odysseia), Herodotos, Plato of Demosthenes. Die vrae sluit in passasies vir vertaling, taalkundige kommentaar, kommentaar op die inhoud en verband, en vrae van 'n literêre aard oor die betrokke outeurs en in die algemeen en met besondere verwysing na hulle voorgeskrewe werke.

Studente moet vertrou wees met die heksameter en ook met die dialoogversmaat en die meer reëlmatige liriese sisteme in die voorgeskrewe tragedie. (Die vrae oor een van die boeke en 'n gedeelte van die literêre vrae sal in vraestel 2 gestel word.)

*Vraestel 2* (100 punte).

*Afdeling A.*—Voortsetting van die vrae oor die voorgeskrewe werke (sien vraestel I) —(35 punte).

*Afdeling B.*—(i) 'n Oorsig van die Griekse Godsdiens of van die Griekse konstitusionele geskiedenis (50 punte); (ii) 'n Oorsig van die Griekse oudhede (15 punte).

*Vraestel 3* (100 punte).

Vertaling op sig (60 punte) en stelwerk (temas) (40 punte).

### Kursus III

(4 Vraestelle)

*Vraestel 1* (100 punte).

Vier voorgeskrewe boeke, almal vir noukeurige studie, meesal gekies uit die werke van Sophokles, Aristophanes, Thukydidies en Plato of Demosthenes. Die vrae sluit in passasies vir vertaling, taalkundige en tekskritiese kommentaar, kommentaar op die verband en inhoud en vrae van 'n literêre aard; studente moet vertrou wees met die dialoogversmaat van die tragedie en die komedie en met die meer reëlmatige liriese sisteme in die voorgeskrewe tragedie. (Die vrae oor een van die boeke sal in vraestel 2 gestel word).

*Vraestel 2* (100 punte).

*Afdeling A.*—Voortsetting van die vrae oor die voorgeskrewe werke (sien vraestel 1) (30 punte).

*Afdeling B.*—Die *Ilias* van Homeros met besondere studie van die boeke daaruit voorgeskryf. Uit die voorgeskrewe boeke sal passasies vir vertaling gestel word, terwyl literêre vrae oor die gehele *Ilias* met besondere verwysing na die voorgeskrewe boeke gestel sal word (50 punte).

*Afdeling C.*—Een passasie vir vertaling op sig (20 punte).

*Vraestel 3* (100 punte).

*Afdeling A.*—'n Oorsig van die Griekse letterkunde met besondere verwysing na die voorgeskrewe outeurs.

*Afdeling B.*—'n Spesiale periode uit die Griekse geskiedenis, insluitende die bestudering van die epigrafiese bronne—479 v.C. —404 v.C.

*Vraestel 4* (100 punte).

Vertaling op sig (40 punte) en stelwerk (temas) (60 punte).

### Hellenistiese Grieks :

#### Voorbereidende kursus

(Een vraestel)

Die grammatika (vormleer en sintaksis) van Hellenistiese Grieks soos dit gebruik is in die Nuwe Testament (formele vrae  $\pm$  33 punte).

Vertaling op sig uit die Nuwe Testament ( $\pm$  40 punte). Vertaling in Grieks van sinne gebaseer op die Nuwe Testament ( $\pm$  27 punte).

### Kursus I

(2 Vraestelle)

*Vraestel 1* (100 punte).

Die grammatika (vormleer en sintaksis) van Hellenistiese Grieks soos dit gebruik is in die Nuwe Testament (formele vrae :  $\pm$  33 punte).

Vertaling op sig uit die Nuwe Testament en die Septuaginta ( $\pm$  40 punte).

Vertaling in Grieks van sinne gebaseer op die Nuwe Testament ( $\pm$  27 punte).

*Vraestel 2* (100 punte).

(a) Studie van voorgeskrewe tekste geneem uit die Nuwe Testament en vroeë Christelike skrywers, insluitende vertalings (48 punte), grammatiese verklarings (22 punte), vrae oor die inhoud en agtergrond (10 punte).

- (b) 'n Oorsig van die Griekse geskiedenis van die Hellenistiese tydvak (336-31 v.C.), die politieke geskiedenis slegs in breë trekke, maar met besondere verwysing na die Hellenistiese Staatsvorm en na kulturele strominge van die tyd (20 punte).

## Kursus II

(3 Vraestelle)

*Vraestel 1* (100 punte).

Vier voorgeskrewe werke, almal vir noukeurige studie, meestal gekies uit *Handelinge van die Apostels* (of 'n Sendbrief), die Apostoliese Vaders, 'n Kerkvader, 'n dialoog van Plato. Die vrae sluit in passasies vir vertaling, taalkundige kommentaar, kommentaar op die inhoud en verband, vrae van 'n literêre en inhoudelike aard oor die betrokke outeurs en in die algemeen en met besondere verwysing na hulle voorgeskrewe werke, en ook oor die literatuurgeskiedenis van die Griekse patristiek.

(Die vrae oor een van die werke en 'n gedeelte van die literatuurvrae sal in vraestel 2 gestel word).

*Vraestel 2* (100 punte).

- A. Voortsetting van die vrae oor die voorgeskrewe werke (sien vraestel 1)—(35 punte)  
B. 'n Oorsig van die Griekse geskiedenis van ongeveer 1100 tot 323 v.C., met besondere verwysing na die *polis*, die godsdiens en die denke. (65 punte).

*Vraestel 3* (100 punte).

- A. 'n Studie van Koine Grieks, sistematies en in verband met die geskiedenis van die Griekse taal, en toegelig deur vertaling van sinne in Grieks. (40 punte).  
B. Onvoorbereide Vertaling. (60 punte).

## Beginnels van die Griekse Kultuur

(Verpligtend vir studente wat Latyn as hoofvak neem)

*Vraestel 1.*

Griekse geskiedenis en letterkunde met spesiale studie van 'n gespesifiseerde vertakking van die letterkunde.

Geskiedenis.—Voorhistoriese tye tot 323 v.C. (in hooftrekke).

Letterkunde.—Euripides en Sophokles.

*Vraestel 2.*

- (1) Oorsig van die Griekse godsdiens.
- (2) Griekse beeldhoukuns.

## DEPARTEMENT LATYN

### Voorbereidende Kursus

(Een vraestel)

- (a) Vrae oor Latynse sintaksis en vormleer.
- (b) Afrikaanse/Engelse sinne vir vertaling in Latyn.
- (c) Eenvoudige sinne vir vertaling in Afrikaans/Engels, waarvan ten minste een passasie geneem sal word uit 'n voorgeskrewe aantal Latynse passasies.

### Kursus I

*Vraestel 1* (100 punte).

Afdeling A.—Drie voorgeskrewe boeke, almal vir noukeurige studie. Die vrae sluit in passasies vir vertaling, taalkundige kommentaar, kommentaar op die inhoud en verband en vrae van 'n literêre aard oor die betrokke outeurs en in die algemeen en met besondere verwysing na die voorgeskrewe werke.

Wat die versmaat betref, moet studente die elegiese koeplet ken, (Vertaling +33 persent, aantekeninge +28 persent, algemene vrae +10 persent, skandering +4 persent).

Afdeling B.—Onvoorbereide vertaling van een passasie uit Latyn (25 persent).

*Vraestel 2* (100 punte).

Afdeling A.—Onvoorbereide vertaling van twee passasies uit Latyn (40 persent), en vertaling in Latyn van vyf tot agt losstaande sinne (30 persent).

Afdeling B.—Oorsig van die Romeinse Geskiedenis van 510 v.C. af tot die dood van Julius Caesar (30 persent).



### Kursus II

*Vraestel 1* (100 punte).

Vier voorgeskrewe boeke, almal vir noukeurige studie, meestal gekies uit die werke van Horatius, Livius, Terentius en Sallustius of Cicero. Die vrae sluit in passasies vir vertaling, taalkundige kommentaar, kommentaar op die inhoud en verband, en vrae van 'n literêre aard oor die betrokke outeurs en in die algemeen en met besondere verwysing na die voorgeskrewe werke. Wat die versmaat betref, moet studente slegs van Horatius die Sapphiese en Alcaïese stansas bestudeer. (Die vrae oor een van die boeke en 'n gedeelte van die literêre vrae sal in vraestel 2 gestel word.)

*Vraestel 2* (100 punte).

Afdeling A.—Voortsetting van die vrae oor die voorgeskrewe werke—sien vraestel 1 (35 punte).

Afdeling B.—(i) 'n Oorsig van die Romeinse konstitusionele geskiedenis tot 42 v.C. (45 punte). (ii) 'n Oorsig van die Romeinse godsdiens (20 punte).

*Vraestel 3* (100 punte).

Vertaling op sig (60 punte) en stelwerk (temas) (40 punte). Daar is 'n subminimum van 33 persent in hierdie vraestel.

### Kursus III

*Vraestel 1* (100 punte).

Vier voorgeskrewe boeke, almal vir noukeurige studie, meestal gekies uit die werke van Plautus, Lucretius, Tacitus en nog 'n prosaskrywer (bv. Cicero, Quintilianus, Plinius Sallustius). Die vrae sluit in passasies vir vertaling, taalkundige en tekskritiese kommentaar, kommentaar op die inhoud en verband, en vrae van 'n literêre aard; studente moet ook vertrou wees met die versmaat in die dialoog-gedeeltes van Plautus. (Die vrae oor een van die boeke sal in vraestel 2 gestel word.)

**Vraestel 2 (100 punte).**

Afdeling A.—Voortsetting van die vrae oor die voorgeskrewe werke (sien vraestel 1)—(30 punte).

Afdeling B.—Of (1) Die Aeneïs van Vergilius met besondere bestudering van die boeke daaruit voorgeskryf. Passasies vir vertaling sal uit die voorgeskrewe boeke gestel word, terwyl literêre vrae oor die gehele Aeneïs, met besondere verwysing na die voorgeskrewe boeke, gestel sal word. Studente moet dus die gehele Aeneis ten minste in vertaling deurlees (50 punte); of (2) 'n Aantal titels voorgeskryf uit die Digesta vir noukeurige studie, tesame met 'n besondere studie van Justinianus se bewind en 'n algemene oriëntering in sy tydperk. Passasies uit die Digesta sal vir vertaling en vir kommentaar op die taal en inhoud gestel word (50 punte).

*L.W.*—Hierdie alternatief is bedoel vir aspirant LL.B.-studente wat hulle voorneme daartoe by registrasie te kenne moet gee.

Afdeling C.—Een passasie vir vertaling op sig (20 punte).


**Vraestel 3 (100 punte).**

Afdeling A.—'n Oorsig van die Latynse letterkunde met besondere verwysing na die voorgeskrewe outeurs.

Afdeling B.—'n Spesiale periode uit die Romeinse geskiedenis insluitende bestudering van die epigrafiese bronne : 70 v.C. tot 14 n.C.

**Vraestel 4 (100 punte).**

Vertaling op sig (40 punte) en stelwerk (temas) (60 punte). Daar is 'n subminimum van 33 persent in vraestel 4 en 2 (Afdeling C) gesamentlik.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

## DEPARTMENTSIELKUNDE

Die teoretiese werk van elke kursus sal met gepaste praktiese werk aangevul word.

### Kursus I

(Een Vraestel)

1. (a) Die geskiedenis en betekenis van die sielkunde.  
(b) Die sielkunde as prinsipiële wetenskap.  
(c) Enkele rigtings in die sielkunde.  
(d) Toepassingsvelde van die sielkunde.
2. Psigofisiologie.
3. Individuele- en groepsverskille en die invloed van oorerwing en omgewing.
4. Intelligensie.
5. Persoonlikheid.
6. Emosie, motivering, frustrasie en konflik.
7. Ryping en die leerproses, geheue en denke.
8. Aandag, waarneming, visie en die ander sintuie.

### Kursus II

Vraestel 1.—Ontwikkelingsielkunde.

- A. 1. (a) *Algemene Inleiding*.—Groei, ontwikkeling, leer.  
(b) *Historiese Oorsig*.—Oorsprong en ontwikkeling van die ontwikkeling-sielkunde, moderne uitgangspunt.  
(c) (i) Onderhoud, gevallestudies en opnametegnieke.  
(ii) Bepaalde sielkundige toetse.
2. Vorgeboortelike ontwikkeling.
3. Vroeë kinderleef tyd.
4. Kleuterjare.
5. Later kinderjare.
6. Pre-adolessensie en adolessensie.

B. Persoonlikheid, tipologie, persoonlikheidsteorieë en -determinante.

Vraestel 2 :— Sosiale Sielkunde

- A. *Basiese Meganismes van Sosiale gedrag*.
  - (a) Motivering : Teorieë en navorsing oor ; kognisie en motivering.
  - (b) Houdinge : Aard, ontwikkeling, verandering meting, vooroordeel.
  - (c) Groepe, organisasies, leiers en leierskap.
  - (d) Taal en kommunikasie, massamedia van kommunikaasie.
  - (e) Die openbare mening en propaganda.
  - (f) Die individu in die groep : die maatskaplike- en kulturele omgewing.
- B. *Differensiële Sielkunde*.
  1. Individuele verskille.
  2. Geslagsverskille.
  3. Etniese verskille.
- C. *Spesifieke Aanpassingsprobleme*.
  1. Jeugmisdaad : Sosiaal-kulturele agtergrond ; die persoonlikheid van die jeugmisdadiger ; metodes om die probleem te behandel.
  2. Die Huwelik en Egskeiding : Faktore van belang voor die huwelik ; aanpassing van die huwelikspaar ; faktore wat 'n huwelik laat slaag ; oorsake en gevolge van huweliksontbinding ; huweliksvoorligting.

3. Die Sielkunde van die Moderne Vrou ; Historiese agtergrond ; onlangse kulutrele veranderinge ; die twee rolle wat die vrou moet speel ; die aanpassing van die ongehude vrou.
4. Sielkundige Probleme wat met die Beroepslewe in verband staan : Die aard van die moderne nywerheids- en sakelewe ; die uitwerking daarvan op die individu; eentonigheid en vervelendheid ; persoonlike verhoudinge ; die wanaangepaste werker.
5. Die latere rypheidsjare en die Bejaarde : Bejaardheid soos dit onder verskillende maatskaplike toestande voorkom ; veranderende toestande in ons samelewing ; die liggaamlike en geestesveranderinge wat 'n gevorderde leeftyd kenmerk ; aanpassing by gevorderde leeftyd ; metodes waarvolgens bejaardes gehelp kan word om aan te pas.

### Kursus III

#### Vraestel 1.—Psigopatologie.

1. Historiese oorsig ; oorsprong en ontwikkeling van die Psigopatologie ; verskillende benaderings.
2. Aanpassingsprobleme, groeiprobleme, afhanklikheid en psigologiese ontbering, seksuele ontwikkeling, aggressie.
3. Integrasie van die persoonlikheid : konsep van selfbekwaamheid en selfagtung, gewete en ideale, fantasie en drome.
4. Die rol van genetiese, konstitusionele, rypings- en fisiologies-funksionele faktore in die psigopatologie.
5. Neurotiese konflik, angs, vrees, verdedigingsmeganismes, oorsprong van neurotiese neiginge gedurende kinderjare, faktore wat neurotiese instorting veroorsaak.
6. Sindrome van neurose : angineurose, lobbies, obsessies, dissosiasie, histerie, simptoomvorming.
7. Psigomatiese verstourings : emosie en liggaamlike veranderinge, ingewandsmoeilikhede, essensiële hipertensie, bronchiale asma, simptoomvorming.
8. Sindrome van serebrale verstouring, swaksinnigheid, epilepsie, algemene paresis, geestesveranderinge en verstouring by gevorderde leeftyd, die psigopatiasies afwykende, encefalitis, en ander siektes met hul naslepe.
9. Manies-depressiewe toestande : psigologiese betekenis en die probleem aangaande psigosomatiese interaksie.
10. Skisofrenie.
11. Paranoia.
12. Alkoholisme.

### AFDELING A

#### Vraestel 2

#### A

#### Fundamentele aspekte van Sielkundige voorligting en Psigoterapi.

1. Oorsprong van Sielkundige voorligting met nadruk op die Psigoterapeutiese aspekte van Sielkunde ; huidige status en sekere aktuele probleme.
2. Verskillende benaderings en kort beskrywings van gesigspunte ten opsigte van die aard en funksionering van die persoonlikheid.
3. Die aard en doelstellings van die voorligtings en psigoterapeutiese prosesse.

## B

### *Tegnieke.*

1. Voorbereiding vir voorligting en psigoterapie.
  - (a) Die onderhoud.
  - (b) Gevallestudie.
  - (c) Toetse.
  - (d) Psigodiagnose.
2. Die aard van die terapeutise verhouding en die persoonlikheidstrekke van die terapeutise Sielkunde. Spesifieke probleme.
3. Verhoudings tegnieke en spesiale probleme soos oordrag, teenoordrag en weerstand.
4. Tegnieke van interpretatiewe aard, tipes en gebruike daarvan.
5. Advies en informasie in voorligting en psigoterapie.
6. Groepstegnieke.

## C

### *Spesiale toepassinggebiede*

1. Huweliksvoorligting.
2. Voorligting vir kinders en ouers.
3. Voorligting in opvoeding, industrie en rehabilitasie.



### AFDELING B

### *Industriële Sielkunde :*

1. Historiese agtergrond en huidige toestand van die Industriële Sielkunde.
2. Personeelsielkunde : Keuring, opleiding, motivering en menslike verhoudings.
3. Inleiding tot die ergonomika : die aard en meting van doeltreffendheid ; outomatisasie ; beroepsveiligheid.
4. Sielkundige ontleding van koops- en verkoopsprosesse.

### *Vraestel 3.—Inleiding tot Navorsingsmetodes in die Sielkunde.*

#### *A. Wetenskaplike metode in Sielkundige Navorsing.*

- (i) Die doel en veld van Sielkundige navorsing.
- (ii) Die beginsels van wetenskaplike navorsings.
- (iii) Die beplanning van Sielkundige navorsing.
- (iv) Die Ontleding en interpretasie van navorsingsgegewens.

#### *B. Navorsingstegnieke.*

- (i) Veld- en laboratoriumeksperimentasie.
- (ii) Basiese begrippe in toetskonstruksie en standaardisering.
- (iii) Dokumentasie en navorsing.

#### *C. Statistiese metodes in Sielkundige navorsing.*

- (i) Die funksie van statistiese metodes in Sielkundige navorsing.
- (ii) Die keuse van statistiese hulpmiddels.
- (iii) Basiese statistiese verwerkings : Sentrale en verspreidingswaardes, korrelasie en die beduidenheid van verskille.

### Honneurs-Baccalaureuseksamen

Die kursus is saamgestel uit vier studiebane ; die student moet *een* kies. Die studiebane is :

- Baan H1 : Fisiologiese Sielkunde.
- Baan H2 : Voorligtings Sielkunde.
- Baan H3 : Kliniese Sielkunde.
- Baan H4 : Industriële Sielkunde.


Elke studiebaan bestaan uit *vyf* vraestelle waarvan *vier* verpligtend is en word soos volg uit onderstaande lys gekies :

- Baan H1 : Vraestelle 1, 2, 3, 4, 5.
- Baan H2 : Vraestelle 1, 2, 3, 4, 6.
- Baan H3 : Vraestelle 1, 2, 3, 4, 7.
- Baan H4 : Vraestelle 1, 2, 3, 4, 8.

Die vraestelle behels die volgende :

- Vraestel 1 : Psigopatologie en Sosiale Patologie.
- Vraestel 2 : Navorsingsmetodiek.
- Vraestel 3 : Persoonlikheids- en Ontwikkelingsielkunde.
- Vraestel 4 : Sosiale Sielkunde.
- Vraestel 5 : Fisiologiese Sielkunde.
- Vraestel 6 : Voorligtings Sielkunde.
- Vraestel 7 : Kliniese Sielkunde.
- Vraestel 8 : Industriële Sielkunde.

Die kursus sal met gepaste praktiese werk aangevul word.



University of Fort Hare  
Together in Excellence

# DEPARTEMENT SOSIOLOGIE EN MAATSKAPLIKE WERK

## Sosiologie

### Kursus I

(Een vraestel)

1. Terrein van die Sosiologie ; verhouding tot die verwante vakwetenskappe.
2. Die biologiese, psigologiese en kulturele grondslae van die samelewing. Geografiese en tegniese invloede op die samelewing.
3. Die bestudering van grondbegrippe : Samelewing, gemeenskap, sosiale groepe status-rol, assosiasies.
4. Sosiale beheer en sosiale prosesse :—
  - (s) Wat is sosiale beheer en hoe vind dit plaas.
  - (b) Sosiale norme en sanksies.
  - (c) Vorms van sosiale interaksie.
  - (d) Stratifikasie, differensiasie en mobiliteit.

### Kursus II

(Twee vraestelle)

*Vraestel 1.*

1. Basiese uitgangspunt in die ontleding van die samelewingstruktuur. Ontleding van die burokrasie en ekonomiese instellings.
2. Die gesin, die skool, die staat, godsdiens, vryetydsbesteding en ouderdomsgroepe in die hedendaagse samelewing.
3. Die demografiese grondslag en rasse en rasseverhoudings in die hedendaagse samelewing.

*Vraestel 2.*

1. Die platteland en die stad as samelewingsvorme.
2. Die prosesse van sosiale verandering en ontwikkeling en vraagstukke in verband daarmee.
3. Sosiale patologie : Die bestudering van ontstaan van die sosiaal patologiese verskynsels met besondere verwysing na toestande in Suid-Afrika.

### Kursus III

(Drie vraestelle)

*Vraestel 1.*

Metodologie, prosedures en tegnieke in sosiale navorsing.

*Vraestel 2.*

1. Die geskiedenis van die sosiale denke.
2. Die belangrikste teorieë en hedendaagse strominge in die sosiologie.

*Vraestel 3.*

1. Groepsdinamika.
2. Industriële sosiologie.

## Honneurs-Baccalaureuseksamen

Die eksamen bestaan uit :—

*Vraestel 1.*

Algemene of sistematiese sosiologie.

*Vraestel 2.*

Die geskiedenis van die sosiologie vanaf Auguste Comte, met besondere verwysing na standpunte, metodes en strominge in die hedendaagse sosiologie.

*Vraestel 3.*

Metodes van die sosiologie en sosiale navorsing.

**Vraestel 4 en vraestel 5.**

Twee van die volgende :—

Industriële sosiologie. Groepsdinamika. Opvoedkundige sosiologie. Godsdienssosiologie. Regssosiologie. Sosiale Sielkunde. Misdaadsosiologie. Sosiale filosofie. Landelike en stedelike sosiologie. Sosiale organisasie.

Rasseverhoudings. Bevolkingsvraagstukke. Die gesin.

**Magistereksamen**

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling oor 'n selfgekose onderwerp, goedkeuring waarvan verkry moet word ten minste ses maande voor inlewering en ; 'n mondelinge eksamen oor die algemene beginsels van die sosiologie.

**Maatskaplike werk**

**Kursus I**

(Een vraestel)

**Afdeling A.**

Algemene inleiding tot die maatskaplike werk.

**Afdeling B.**

'n Oorsig oor die geskiedenis van die maatskaplike werk en van welsynsaktiwiteite in Suid-Afrika.

**Kursus II**

(Twee vraestelle)

**Vraestel 1.**

Die gevallestudiemetode.

**Vraestel 2.**

1. Die groepwerkmetode.
2. Maatskaplike werkadministrasie.
3. Maatskaplike beleid in Suid-Afrika.



University of Port Hare  
Together in Excellence

**Kursus III**  
(Drie vraestelle)

**Vraestel 1.**

1. Die filosofie van maatskaplike werk en aandag aan spesiale aspekte van gevallestudiemetode.

2. Aandag aan die volgende studiegebiede met besondere verwysing na die toepassing van die metodes van die maatskaplike werk :—

- (a) Gesinsorg.
- (b) Kindersorg in intensiewe bestudering van die Kinderwet (Wet No. 33 van 1960, soos gewysig).
- (c) Jeugsorg.

**Vraestel 2.**

1. Besondere bestudering van die rol en taak van die maatskaplike werker t.o.v. die volgende :—

- (a) Die ongehude moeder en haar kind.
- (b) Die bejaarde.
- (c) Die alkoholis en intensiewe bestudering van die Wet op Werkkolonies.
- (d) Die werkskuwe.
- (e) Die oortreder.

2. Aandag aan die volgende studiegebiede met besondere verwysing na die toepassing van die metodes van maatskaplike werk op elk :—

- (a) Mediese maatskaplike werk of beginsels van higiëne.
- (b) Psigiatriese maatskaplike werk.
- (c) Industriële maatskaplike werk.
- (d) Skool maatskaplike werk.
- (e) Maatskaplike werk met gestremdes.

**Vraestel 3.**

1. Gemeenskapsorganisasie.
2. Maatskaplike beleid in Suid-Afrika, met intensiewe bestudering van die Wet op Welsynsorganisasies (Wet No. 40 van 1947, soos gewysig deur Wet No. 75 van 1961).
3. Maatskaplike Navorsing.

**Prakties**

**Kursus I**

(a) Studente moet by 'n welsynsorganisasie wat deur die Senaat goedgekeur is, of by 'n streekskantoor van die Departemente Volkswelsyn en Pensioene en Bantoe Administrasie en Ontwikkeling, wat opgeleide maatskaplike werkers in diens het, registreer.

(b) Studente moet een week ononderbroke, of oor 'n langer tydperk, deelyds, in totaal 40 uur, by hierdie organisasie deurbring om die funksionering, administrasie professionele werksaamhede waar te neem. 'n Volledige verslag oor die organisasie moet daarna ingedien word.

(c) Studente moet besoeke aflê aan drie van die volgende inrigtings: 'n Plek van veiligheid, 'n kinderinrigting, 'n werkkolonie, 'n toevlug vir dranksugtiges, 'n tehuis vir bejaardes, 'n behuisingskema. Een verslag oor elk van die drie besoeke moet ingedien word.

**Kursus II**

(a) Studente moet by 'n ander plaaslike welsynsliggaam, deur die Senaat goedgekeur, aansluit.

(b) Drie gevallestudies van eenvoudige aard moet onder leiding van 'n opgeleide maatskaplike werker/ster van die organisasie onderneem word en gereelde besoeke moet afgelê word. Tien verslae oor elk van die drie gevalle moet ingedien word.

(c) Gedurende die tweede jaar moet studente drie weke lank voltydse werk by die organisasie by wie hulle geregistreer is, verrig en 'n verslag oor die werk wat gedurende hierdie drie weke verrig word, indien.

**Kursus III**

(a) Soos in vorige jare moet studente by 'n welsynsorganisasie waar hulle nog nie tevore was nie, registreer.

(b) Gevallestudies oor drie probleem-gesinne of sorgbehoewende kinders moet gedurende die jaar onderneem word en moet 'n duidelike diagnose, terapie en prognose bevat.

(c) Die student moet drie weke voltydse praktiese werk by die organisasie by wie hulle geregistreer is, onderneem, en 'n volledige verslag oor die werksaamhede van sodanige organisasie en oor die praktiese werk wat verrig is, indien.

(d) Studente moet gedurende die jaar ses besoeke aflê by organisasies wat groep-werk verrig, en 'n verslag oor elke besoek moet ingehandig word.

(e) Nadat aan al die vereistes vir praktiese werk voldoen is, word 'n mondelinge eksamen oor die drie jaar se praktiese werk gedoen.

**Honneurs-Baccalaureurseksamen**

Die eksamen bestaan uit:

**Vraestel 1.**

Teorie van maatskaplike werk en die gevallestudiemetode.

**Vraestel 2.**

Groepwerk en gemeenskapsorganisasie.

**Vraestel 3.**

- (a) Maatskaplike werknavoring.
- (b) Maatskaplike werkadministrasie.
- (c) Maatskaplike werk beleid.

**Vraestel 4.**

Gesinsorg en kindersorg.

**Vraestel 5.**

Een van die volgende :—

- (a) Sorg vir gestremdes.
- (b) Jeugsorg.
- (c) Industriële maatskaplike sorg.
- (d) Mediese maatskaplike werk.
- (e) Psigiatriese maatskaplike werk.
- (f) Huweliksvoorligting en -beraad.
- (g) Sorg en nasorg vir die misdadiger en jeugmisdadiger.

**Magisterseksamen**

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp uit die gebied van die maatskaplike werk, en 'n mondelinge eksamen oor die algemene beginsels van die vak.

**Universiteitsdiploma in Maatskaplike Werk**

**Kursus**

**Eerste Jaar :**

1. Maatskaplike Werk A (3 vraestelle).
2. Sosiologie 1) of 11, soos die geval mag wees.
3. Sielkunde 1) maar ten minste een van die twee as tweedejaarsvak.
4. Een van die volgende :
  - (a) Volkekunde 1
  - (b) Privaatreg 1
  - (c) S.A. Bantoreg
  - (d) Kriminologie 1
  - (e) Statistiese Metodes A en B
  - (f) Wysbegeerte



**Tweede Jaar :**

1. Maatskaplike Werk B (3 vraestelle) of Fort Hare
2. Sosiologie II) of III, soos die geval mag wees,
3. Sielkunde II) maar ten minste een van die twee as derdejaarsvak
4. Huweliksvoorligting en-beraad of Kreupelsorg (3 vraestelle elk) of Kriminologie

II.

**Kollege diploma in Maatskaplike Werk**

**Kursus**

Die kursusse vir die Diploma is dieselfde as die vir die graadkursus.

# DEPARTEMENT STAATSLEER EN STAATSADMINISTRASIE

## STAATSLEER

### Kursus I

(Twee vraestelle)

#### Vraestel 1

*Eerste capita selecta uit die grondbeginsels, strominge, tydperke en denkers op die gebied van die Staatsleer.*

1. *Algemene inleiding tot die studie van die vak Staatsleer.*

- (a) Die verskil in inhoud, en gevolglik in studiemetodes, tussen die sosiale wetenskappe en die natuurwetenskappe.
- (b) Die studieveld van die Staatsleer; omskrywing van 'n staat; politieke idees, instellings en praktyke *binne* state en *tussen* state; bepaalde samelewingsverbande; Staatsleer: die alomvattende samelewingsverbande: mags- en bestuursassosiasievorme binne 'n gemeenskap; ander samelewingsverbande binne die mags- en bestuursassosiasievorme; die wisselwerking tussen Staatsleer en die ander sosiale wetenskappe.

2. *Eerste seleksie van basiese begrippe in die Staatsleer :*

- (a) Die oorsprong van die staat en teorieë daaromtrent; klassieke teorieë; kontrakteorieë, magsteorie; Goddelike reg van konings; die patriargale teorie.
- (b) Die doelstellings, funksies en pligte van die moderne staat; sosiale of maatskaplike doelstellings; ekonomiese doelstellings; politieke doelstellings; politieke gesag en politieke mag: betekenis en rol; politieke onderhorigheid: betekenis en rol.

3. *Eerste seleksie van bepaalde tydperke en strominge in die Staatsleer met besondere verwysing na die betrokke denkers :*

- (a) Die klassieke Grieke; instellings van die Grieke; Sokrates; Plato; Aristoteles.
- (b) Die klassieke Romeine; instellings van die Romeine; Polybius; Cicero; Stoisyne; verskille tussen die Grieke en Romeinse staatsopvattinge.
- (c) Die verhouding tussen kerk en staat gedurende die middeleeue; kort historiese agtergrond; die opkoms van die christelike kerk as magsfaktor in die politiek; die investituurstryd; die standpunt van die kerk; die standpunt van die staatkundiges; kontemporêre standpunte oor die verhoudings tussen die kerk en die staat.

4. *Feodalisme en die invloed daarvan op die middeleeuse Staatsleer.*

#### Vraestel 2

##### *Staatsinstellings en Staatspraktyke*

1. *Eerste seleksie van bepaalde staatsinstellings en -opvattinge asook die betrokke denkers :*

- (a) Die Germaanse staatsopvattinge en -instellings; die Renaissance en die Hervorming; die opkoms van die moderne gesentraliseerde nasionale state en verbandhoudende politieke denke.

2. *'n Volledige ontleding en evaluering van moderne Westerse staatsinstellings en -praktyke met besondere verwysing na hedendaagse Suid-Afrika (en voorbeeldverwysings na die Suid-Afrikaanse Boererepublieke en die voormalige Britse kolonies waar gepas) :*

- (a) 'n Studie van verskillende regeringsvorme; die begripsverskille tussen staat en regering; die klassifikasie van regeringsvorme en die probleme daaraan verbonde; aanvaarde moderne klassifikasie.
- (b) Konstitusies: betekenis en belangrikheid van konstitusies; die klassifikasie van konstitusies (geskrewe of ongeskrewe en buigsaam of onbuigsaam); kenmerke en verskille van uniale en federale state.
- (c) Die indeling van staatsgesag: (Filosofiese en teoretiese grondslae, waarde en betekenis (Montesquieu), moderne gebruike).

- (d) Ontleding van die wetgewende gesag ; stemreg en verteenwoordiging ; die rol van politieke partye ; metodes van verteenwoordiging, regstreekse deelname van die volk aan die regeringsproses ; argumente vir en teen beroepsverteenvoordinging ; die tweekamerstelsel (oorsprong en betekenis) ; wetgewende liggame in enkele lande (ontleding en vergelyking).
- (e) Die uitvoerende gesag ; die soorte staatshoofde (oorsprong en betekenis) ; stelsels van uitvoerende gesag ; die kabinet- of parlementêre stelsel van uitvoerende gesag ; die buite-parlementêre stelsel van uitvoerende gesag : Die Amerikaanse stelsel en die Switserse stelsel ; vergelykende evaluering en samevatting.
- (f) Die regsprekende gesag ; die funksies van die regbank ; die samestelling van die regbank.

## Kursus II

(Twee vraestelle)

### Vraestel 1

*Tweede capita selecta uit die grondbeginsels, strominge, tydperke en denkers op die gebied van die Staatsleer.*

1. Tweede seleksie van basiese begrippe in die Staatsleer : nasie en nasionalisme ; individualisme, regte en pligte van die mens ; regsowereiniteit ; vryheid en gelykheid in die moderne staat—staatkundig sowel as ekonomies.

2. Tweede seleksie van bepaalde tydperke en strominge in die Staatsleer met besondere verwysing na die betrokke denkers :

- (a) *Die Konsilibeweging* : Die prinsipiële opvattinge van Marsilius van Padua, Willem van Ockham, Cusanus, Gerson, ens., en die uitwerking daarvan op die staatkundige terrein.
- (b) *Agtiende- en negentiende-eeuse strominge* : Liberalisme, Utilisme, Konstitusionalisme en Konserwatisme.

3. *Prinsipiële aspekte in die studie van die Staatsleer :*

- (a) Die belangrikheid en rol van beginsels in die studie van die staat en sy verskynsels.
- (b) Die ontwikkeling van enkele uitgangspunte en benaderings in die Staatsleer :  
 Natuurregtelike beskouings (empiries-rasionalistiese benadering) :  
 Die Griekse benadering ; Thomas van Aquinas ; Locke ; Kant en Hegel (idealisme).  
 Teokratiese benadering : Calvin, Kuyper en Dooyeweerd ; Cathrein, Maritain en Hallowell.  
 Reaksie teen die natuurreg : Die waardeprobleem—Die Suid-wes-Duitse Skool : Jellinek, Radbruch ; Die Marburgerskool : Stammler, Kelsen, Sander ; Die V.S.A. : McIver ; Objektiewe idealisme—Binder, T. H. Green en Bosanquet ; Fenomonologie : Husserl, Reinach.

### Vraestel 2

*Derde capita selecta uit die grondbeginsels, strominge, tydperke en denkers op die gebied van die Staatsleer.*

1. Tweede seleksie van bepaalde staatsinstellings en -opvattinge asook die betrokke denkers :

- (a) Marxisme.
- (b) Anargisme.
- (c) Gilde-sosialisme.
- (d) Sindikalisme.
- (e) Kollektiwisme.

2. *Moderne totalitariese staatsopvattinge.*

- (a) Ideologiese grondslae en algemene kenmerke van : Duitse Nasionaal-Sosialisme ; Italiaanse Fascisme ; Salazarisme ; Kommunisme.

3. *Die Westerse demokrasie en sy filosofiese grondslae :*
  - (a) Historiese verloop.
  - (b) Moderne praktyke en tendense.
  - (c) Vryheid van meningsuiting, van beweging, van vergadering en van die pers.

### Kursus III

(Drie vraestelle)

#### Vraestel 1.

1. Die staat in die internasionale samelewing. Sy ontstaan en sy beëindiging. Die verkryging van staatsgebied en die verlies daarvan.
2. (a) Die gemeenskap van Nasies—ontstaan en ontwikkeling van die begrip.  
(b) Die standpunte van die Positiviste en Naturaliste.
3. Internasionale reëlings vir samewerking van die klassieke tye af tot die end van die 19e eeu, insluitende die Heilige Alliansie, die Monroeleer en die Europese Konsert.
4. Nasionalisme, internasionalisme en imperialisme. Die minderheidsvraagstuk in Europa.

#### Vraestel 2.

1. Die Volkebond en die Bond van die Verenigde Nasies en al hulle hooforgane. Die beginsel van soewereiniteit ooreenkomstig die verskillende konstitusies.
2. Diplomatie : oorsprong en ontwikkeling van die verskillende soorte gesante en konsuls en hulle funksies en voorregte.
3. Oorlog en Vrede—oorsake van oorlog en voorwaardes vir vrede.
4. Magpolitiek en nasionale mag. Die magsewig.
5. Arbitrasie in die 19de en 20ste eeue.
6. Definisie van Volkereg. Bronne van die Volkereg.

#### Vraestel 3.

1. Koloniasie as 'n internasionale vraagstuk. Beweegredes vir die besit van kolonies. Die stadia waardeur kolonies ontwikkel tot selfregering.
2. Vraagstukke van oorbevolking, voedseltekorte en grondstowwe.
3. Die Mandaatstelsel en Trusteeskapstelsel.
4. Die internasionale vraagstukke van Afrika, suid van die Sahara.
5. Die ontwikkeling van die internasionale status van die Dominiums sedert 1919.
6. Die Geopolitiek.

*Bibliografie : Sal op versoek verstrek word.*

### Honneurs-Baccalaureuseksamen

Die eksamen bestaan uit vyf vraestelle ooreenkomstig die volgende besonderhede :—

1. 'n Spesiale tydperk of aspek van die Staatsleer wat van tyd tot tyd voorgeskryf word.
2. 'n Spesiale onderwerp uit die staatkundig-regtelike ontwikkelingsgeskiedenis, wat van tyd tot tyd voorgeskryf word.
3. Die ontwikkeling van selfbestuur in die Suid-Afrikaanse gebiede tot 1909 : Kaapkolonie vanaf 1806 ; Natal vanaf 1845 ; Transvaal en die Oranje-Vrystaat vanaf 1900. (Hierdie studie moet gedoen word met behulp van gepubliseerde dokumente en ander beskikbare bronne.)
4. 'n Vergelykende studie van enige drie konstitusies (nie insluitende die konstitusie van Suid-Afrika of van die Verenigde Koninkryk nie), wat van tyd tot tyd voorgeskryf word.
5. 'n Gevorderde studie van die samestelling en funksionering van die Veiligheidsraad van die Bond van Verenigde Volke. (Een vraestel oor elke hoof van (1) tot (5).)
6. 'n Leeskennis van Duits en/of Frans word sterk aanbeveel.

## Spesiale Onderwerpe

- (1) Kontraktheorie.
- (2) Soewereiniteitsleer.
- (3) Switserland, Rusland en die Verenigde State van Amerika.

*Bibliografie* : Sal op versoek verstrek word.

## Magistereksamen

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling, wat oor 'n onderwerp uit die Staatsleer of 'n aanverwante vak moet gaan en blyk moet gee van oorspronklike ondersoek. So 'n onderwerp moet goedgekeur word deur die Senaat minstens ses maande voor die indiening van die verhandeling.

## Staatsadministrasie

### Kursus I

(Twee vraestelle)

#### Vraestel 1.

1. Die Aard, Omvang en Ontwikkeling van Publieke Administrasie.
2. Die Moderne Dienende Staat en sy Instellings :—
  - (i) 'n Beskrywing van die samestelling van die administratiewe hiërargie : sentraal, regionaal en plaaslik.
  - (ii) Die verhoudings van die administratiewe instellings tot die wetgewende organe, die howe, die publiek en onderling tot mekaar.
3. Die Staatsdiens met besondere verwysing na Suid-Afrika :—
  - (i) Organisasie :—
    - (a) Algemene beginsels.
    - (b) Statutêre grondslae van die S.A. Staatsdiens.
    - (c) Indeling van die Staatsdiens in departemente en ander eenhede.
    - (d) Interne organisasie van staatsdepartemente en ander eenhede.
    - (e) Organisatoriese aspekte van die postestruktuur van die staatsdepartemente en ander eenhede.



University of Fort Hare  
Together in Excellence

#### Vraestel 2.

Die Staatsdiens met besondere verwysing na Suid-Afrika (vervolg) :—

- (ii) Administratiewe prosedure :—
  - (a) Beleidbepaling.
  - (b) Beplanning vir die uitvoering van beleid.
  - (c) Werkprosesse.
  - (d) Beheer oor administratiewe bedrywighede.
  - (e) Herorganisasie en aanpassing.
- (iii) Finansies :—
  - (a) Die finansiële instellings.
  - (b) Die begrotingstelsel en begrotingsprosedure.
  - (c) Die stelsel van die vasstelling, berekening, invordering en bewaring van belastinge en ander openbare fondse.
  - (d) Die besteding van openbare fondse.
  - (e) Openbare rekeninge, ouditering en verslaggewing.
  - (f) Openbare voorrade.

### Kursus II

(Drie vraestelle)

#### Vraestel 1.

1. Personeeladministrasie in die Staatsdiens met besondere verwysing na Suid-Afrika :—
  - (a) Grondslae van personeeladministrasie in die Staatsdiens.
  - (b) Diensvoorwaardes.
  - (c) Aanwerwing en plasing

- (d) Opleiding.
- (e) Bevordering.
- (f) Uitdienstredingsreëls.
- (g) Personeelverhoudings in die Staatsdiens met besondere verwysing na toesig-houding, onderlinge beraadslaging en personeeldienste.

*Vraestel 2.*

1. Die verhouding tussen sentrale, regionale en plaaslike regeringsinstellings en die vraagstukke wat daaruit ontstaan.
2. Staatshandelsondernemings met besondere verwysing na Suid-Afrika.

*Vraestel 3.*

Die verhouding van die wetgewende gesag, die regterlike gesag en die publiek tot administratiewe instellings (veral in Suid-Afrika) met besondere verwysing na :—

- (i) administratiewe wetgewing ;
- (ii) administratiewe regspraak ;
- (iii) beheer oor administratiewe bevoegdhede ; en
- (iv) die inskakeling van belangegroepes in die administratiewe hiërargie deur middel van rade en kommissies.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

**DEPARTEMENT VAN WYSBEGEERTE**  
**Geskiedenis van die Wysbegeerte : Kursus I**

(Een vraestel)

*Geskiedenis van die Griekse Wysbegeerte.*

1. Inleiding.—Verhouding van die Griekse filosofie tot die Griekse kultuur in die algemeen.
2. Die voorbereiding van die Griekse filosofie : Homeros, Hesiodos, die Orphisme
3. Die naturalisme van die Milesiërs ; die politieke teologisme van die area Samos-Ephese ; die ontologiese bespieëling in die Magna Graecia.
4. Die Attiese tydvak : (a) Anaxagoras ; (b) die sokratiese kwessie ; (c) Plato ; (d) Aristoteles.
5. Die groot etiese skole : (a) Stoïsisme ; (b) die Epikurisme ; (c) die nawerking van die Attiese skole ; (d) die skeptiese rigtings.
6. Die Hellenistiese filosofie ; (a) die Sinkretisme ; (b) die neo-Platonisme ; (c) die antieke en Christelike gnosis ; (d) die Christelike apologetika en teologie ; (e) die Romeinse perkussies van die Griekse denke.

**Kursus II**

(Twee vraestelle)

*Vraestel 1.—Geskiedenis van die Middeleeuse Wysbegeerte.*

1. Inleiding : (a) Latynse Patristiek ; (b) die Laat-Griekse neo-Platonisme.
2. Die Vroeg-Skolastiek V-XIIde eeu ; (a) die ontstaan V-VIIIste eeu ; (b) die Karolingiese Renaissance ; (c) die simbolies-feodale periode.
3. Die Hoog-Skolastiek : XIIIde eeu.
4. Die Laat-Middeleeue : (a) die Laat-Skolastiek ; (b) die Mistiek ; (c) die Renaissance.

*Vraestel 2.—Die Thomisme en sy geskiedenis.*

Die historiese agtergrond. Die ontwikkelingsgang van Thomas Aquino, sy stryd en die literêre neerslag daarvan teen (a) die sekulêre, (b) die Averroïsme, (c) die anti-Aristotelici. Die *Summa contra Gentiles* en die *Summa Theologiae*. Die Thomisme as leerstelsel. Die stryd om die Thomisme in die 13-15de eeu. Die eerste neo-Thomisme in die 16de eeu. Die herlewing van Thomisme in die 19de eeu en sy aktuele rigtings.

**Kursus III**

(Drie vraestelle)

*Vraestel 1.—Geskiedenis van die moderne wysbegeerte tot Kant.*

1. Die Skool- en wêreldfilosofie : (a) opbou van die gereformeerde skoolfilosofie ; (b) die Kontra-Reformatoriese Skolastiek ; (c) die Skeptisisme en die Libertinisme.
2. Die stryd om die metode : (a) oorsprong en opbou van die empiriese metode ; Bacon, Kepler, Galilei, (b) oorsprong en konstitusie van die rasionalitiese metode ; Italiaanse logika, Descartes, Spinoza, die Okkasionalisme : Malebranche, Geulincx.
3. Die stryd om die metode : Descartes-Newton, Huyghens-Leibniz, Leibiz-Locke
4. Die Verligtingsdenke : (a) in Engeland (b) in Frankryk (c) in Duitsland.

*Vraestel 2.—Geskiedenis van die wysbegeerte van Kant tot Hegel.*

*Deel 1 :*

*Die kritisisme : I. Kant.*

*Deel 2.*

*Die Romantiek :*

- (a) die geloofsfilosofie ;
- (b) Fichte ;
- (c) Schelling ;
- (d) Restourasiefilosofie ;
- (e) Hegel.

*Vraestel 3—Geskiedenis van die moderne wysbegeerte van die 19de eeu.*

Die realistiese anti-Hegelianisme : die materialisme ; die Frans-Engelse positivisme ; die neo-Kantisme. Eerste restourasiepogings van die metafisika ; die Franse wetenskapskritiek ; die aanvang van die lewensfilosofie.

Honnours-studente en Magisterstudente word aangeraai om met die Hoof van die Departement in verbinding te tree.

**Sistematiese Wysbegeerte : Kursus I**

(Een vraestel)

*Sistematiese inleiding tot die wysbegeerte.*

1. Aard, metode en voorwerp van die wysbegeerte.
2. Die agtergrond en ontstaan van wysgerige probleme (ontleding van die suiwer teoretiese problematiek, sowel as nie-wysgerige faktore wat die vorming van 'n wysgerige standpunt bepaal, bv. sosiale en politieke toestande).
3. Die verband tussen die vakwetenskappe en die wysbegeerte (hieronder probleme in verband met die ontwerp van teorieë oor totaliteit, universaliteit, algemeenheid, die ideaal van wetenskaplikheid waaronder metodologiese vraagstukke van objektiwiteit, aanvaarbaarheid, sekerheid, metodiese gegrondheid, grense van wysgerige kenning).
4. Die verband tussen wysgerige denke en lewenshouding (ontleding van standpunte en vrae oor die behoorlike menslike gedrag).
5. Die verband tussen wysgerige denke en wêreldbeskouing (uiteensetting van probleme en oplossings in verband met die begryp van die werklikheid, faktore wat die vorming van 'n wêreldbeskouing bepaal, individualiteit en gemeenskaplikheid van wêreldbeskouings).
6. Die probleemgebiede van die wysbegeerte : werklikheidsleer, waardeleer, kennisleer.
7. Probleem-geskiedkundige oorsig van die wysbegeerte.

University of Fort Hare  
**Kursus II**  
Together in Excellence  
(Twee vraestelle.)

*Vraestel 1.—Logika.*

1. *Formele logika.*

- (a) Die voorwerp van die logika (die struktuurbegrip) ; die eise vir die logika.
- (b) Deduktiewe prosedure : elementêre begrippe, logiessintaktiese reëls, definisies, postulate, omvormingsreëls, logiese bewys, stellings.
- (c) Logiese betrekkings :
  - (i) Afeidings opgebou uit samegestelde proposisies (proposisies, verbindingsimbole, elementêre geldige vorme, geldigheidsbewyse)
  - (ii) Logiese betrekkings tussen predikate : Logiese eiename, versamelings, predikate, elementêre betrekkings tussen versamelings, middelike en onmiddellike afeidings, Euler- en Venn-diagramme, proposionele funksies, binding van veranderlikes, natuurlike deduksie.
  - (iii) Die logika van betrekkings : Geformaliseerde betrekkings.
- (d) Praedicabilia, Praedicamenta, en klassifikasie.
- (e) Russell se "Theory of Descriptions."

2. *Metodologie.*

Ontleding van die begrippe „wetenskap” en „metode.” Deduksie (logiese bewysvoering), verifikasie, induksie (reduktiewe ontleding), beskrywing, verklaring, ontleding, konstruksie, Uniformiteit van die Natuur, oorsaaklikheid, determinisme en indeterminisme.

*Vraestel 2.—Etiek.*

1. Die taak van die etiek ; plek van die etiek in die wysbegeerte, die etiek as 'n wetenskap en die toepassing van die etiek.

2. Die metode van die etiek.
3. Ontleding van grondbegrippe in die etiek : handeling, gedrag, intensie, motief, wil, vryheid, karakter, gewete en straf.
4. Sedelike beoordeling : die ontleding van etiese taalgebruik : goed, reg, en behoort

### Kursus III

(Drie vraestelle)

#### Vraestel 1.—*Kennisleer.*

1. Die omvang, funksie en metode van die kennisleer. Kennisleer en waardefilosofie. Kennisleer en metafisika.
2. Kenteoretiese ontleding van die volgende begrippe : *Waarneming* (die gegewens ; die gevolgtrekkings uit illusies ; die aard van waarneming) ; *oordele* (proposisies, bewerings, feite) ; *algemene begrippe* (algemeenheid, benaming, universaliala-probleem) ; *herinnering* ; *waarheid* (ooreenstemmingsteorie en koherensieteorie, waarheid as begrip van die tweede orde) ; *ken en glo*.
3. Kenteoretiese probleme en hulle oplossings :—
  - (a) Die gronde van kennis : Ontleding van kengronde en bewysvoering ; Rasionalisme, empirisme en transendentalisme.
  - (b) Die voorwerp van kennis : *Verskeidenheid* van voorwerpe ; realisme, idealisme, fenomenalisme.
  - (c) Die moontlikheid van kennis. Ontleding van die begrippe : Objektiviteit, universaliteit ; dogmatisme en skeptisisme.
4. Kennisleer en Betekenisleer. Ontleding van die begrippe *betekenis* en *verwoysing*.
5. Kritiese ontleding van die aard en funksie van begrippeskemas.

#### Vraestel 2.—*Metafisika.*

1. Prolegomena : Wese van die metafisika ; historiese oorsig van die metafisika ; moontlikheid van die metafisika ; metodes en indeling van die metafisika.
2. Ontologie : Die algemene synsbegrip (syn, analogie, ideële syn, moontlike syn, werklike syn) ; die transendentale bepalinge van die syn (eenheid, goedheid) ; die individuasie ; die synskategorieë, substansie en aksidente ; die synsbeginsels (identiteit, teenpraak, voldoende grond) ; die werkende oorsaaklikheid (wesensoorte), oorsaakbeginsel, oorsaakwet ; die doelloorsaak.
3. Kosmologie : Historiese oorsig ; stof en uitgebreidheid. Kontinuumdeelbaarheid ; ruimte en plek ; die sintuiglike kwaliteit ; tyd en beweging ; die verandering ; die atoomteorie ; natuurfeit en natuurwet ; wese van die liggame.
4. Psigologie : Inleiding : (a) plant, dier, mens ; (b) wese, oorsprong, ewolusie van die lewe ; die kennispsigologie ; sintuiglike kenning, verstandelike kenning ; die irrasionele kenning ; die beheersvermoë : die wil (wese, wilsvryheid, gemoed en gemoedsbewegings) ; die siel, substansialiteit, geestelikheid, onsterflikheid ; die menslike kompositum : liggaam en siel, lokalisasie, oorsprong.
5. Teodisea : Die begrip van God ; die bestaan van God (die Godsbewyse) ; die wese van God (attribute) ; die ateïsme en die panteïsme ; goddelike kenning en wil ; God as Skepper van die heelal ; God as bestemming van die heelal ; orde, voorsienigheid ; optimisme-pessimisme ; kwaad en disharmonie.

*Vraestel 3.—Etiek en Staatsfilosofie.*

*Deel 1 : Etiek.—Waardefilosofie.*

Transendentale goed en waarde ; doel en waarde ; tipes en waardebeplanning ; historiese oorsig van die waardeopvatting ; wese van die waarde ; kenmerk van die waardes die waardebewussyn ; emosionele, affektiewe, voluntêre, verstandskennis ; die waardegevoel ; die waardebeleving ; waarde as die aangename en die behoorlike ; waarde as interesse ; waarde en verpligting ; die waardes van syn en doen ; die sedelike waarde.

*Deel 2 : Staatsfilosofie.*

1. Regverdiging van die staat : (a) samelewing in sy hoër en laer grondvorme ; (b) die volk, sentrale en sosiale entiteit ; (c) staatsoorsprong : *droit divin*, sosiale kontrak ; die staat as uitvoerende orgaan van die volk.

2. Interne opbou van die staat : (a) organisasievorme van die staat ; (b) individuele regte binne volk en staat ; (c) kollektiewe regte van volk en staat op die enkelinge ; (d) die soewereiniteit ; (e) die rewolusie en rewolusiereg.

3. Volke en staat in die internasionale orde : (a) internasionale reg en internasionale organisasie ; (b) verhouding van volk en staat tot daardie organisasie ; (c) oorlog en vrede ; (d) ras- en koloniale verhoudings.

Honneurs-studente en Magisterstudente word aangeraai om met die Hoof van die Departement in verbinding te tree.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

# FAKULTEIT VAN NATUURWETENSAPPE REGLEMENTE

## Grade in die Natuurwetenskappe

Die Statutêre Algemene en Gemeenskaplike Regulasies is ook van krag waar hulle van toepassing is.

### Grade in die Fakulteit van Natuurwetenskappe

Sc1. In die Fakulteit Natuurwetenskap word die volgende vier grade uitgereik, in die Suiwere Natuurwetenskap :—

Baccalaureus Scientiae	.	..	..	B.Sc.
Honneurs-Baccalaureus Scientiae		..	..	Hons.-B.Sc.
Magister Scientiae	..	..	..	M.Sc.
Doctor Philosophiae	..	..	..	Ph.D.

Sc2. Kandidate vir die B.Sc.-graad kan hulle vir eksamen in die volgende vakke aanmeld :—

#### Groep I

Wiskunde	Sielkunde
Toegepaste Wiskunde	Plantkunde
Natuurkunde	Dierkunde
Skeikunde	Aardrykskunde
Geologie	

#### Groep II

Latyn	Grieks
Engels	Afrikaans-Nederlands

L.W.—Studeute word tot die eerste kursus in Natuurkunde toegelaat slegs as hulle ten minste 33½ persent vir Wiskunde by die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen behaal het.

Sc3. 'n Kandidate moet slaag in s'n byvak of byvakke voor of ten tyde van die eindeksamen in die verwante hoofvak. Met dien verstande dat 'n kandidate wat die eindeksamen gelyktydig in twee hoofvakke deurgekom het maar wat in een of meer verwante byvakke gedruip het, nie weer eksamen in sodanige hoofvakke hoef af te lê nie, maar vir die B.Sc.-graad vir hierdie hoofvakke gekrediteer word sodra hy in die verwante byvak of byvakke geslaag het.

*Beperkinge op keuse van kursusse.*

Sc.4(1) (a) As gevolg van die ingewikkeldheid van die rooster en die regulasies vir die graad kan geen student by Fort Hare registreer in die B.Sc.-graad nie tensy hy Matrikulasie-Wiskunde geslaag het.

(b) 'n Student kan Toegepaste Wiskunde II slegs na Wiskunde I neem ; en Toegepaste Wiskunde III slegs na Wiskunde II.

(c) Om tot die eksamen in Skeikunde II en Natuurkunde II toegelaat te word, moet 'n student Wiskunde I afgelê het of minstens tot die eksamen daarin toegelaat wees; met dien verstande dat geen erkenning vir 'n slaag in Skeikunde II en Natuurkunde II gegee sal word voordat Wiskunde I afgelê is nie.

Sc.4(2) (a) 'n Student ontvang vir die graad nie vir meer as een kursus uit groep II erkenning nie.

(b) 'n Student ontvang nie vir Biologie en óf Plantkunde óf Dierkunde erkenning in die graad nie.

*Hoofvakke :*

Sc.5. Elke leergang moet minstens twee hoofvakke bevat.

Sc.6. Die eindeksamen in 'n hoofvak word nie voor die derde studiejaar afgelê nie.

Sc.7. Die hoofvakke word uit die volgende gekies :

(a) Hoofvakke met drie kursusse :

Aardrykskunde	Skeikunde
Dierkunde	Sielkunde
Geologie	Toegepaste Wiskunde
Natuurkunde	Wiskunde
Plantkunde	

Sc.8. 'n Student wat een van die onderstaande hoofvakke neem, moet die kursusse daarteenoor vermeld, neem :

Dierkunde	.. ..	Minstens een kursus in Skeikunde.
Geologie	.. ..	Minstens een kursus in Skeikunde.
Natuurkunde	.. ..	Minstens twee kursusse in Wiskunde.
Plantkunde	.. ..	Minstens een kursus in Skeikunde.
Skeikunde	.. ..	Minstens een kursus in elk Natuurkunde en Wiskunde
Toegepaste Wiskunde		Minstens twee kursusse in Wiskunde.
Wiskunde	.. ..	Minstens een kursus in Toegepaste Wiskunde of twee in Natuurkunde.

Sc.9. 'n Student moet voor of gelyktydig met die eksamen in 'n hoofvak slaag in die byvak of byvakke in Sc.8 vermeld ; met dien verstande dat indien hy in die eindeksamen gelyktydig in twee hoofvakke geslaag het maar in een of meer van die verpligte byvakke gedruip het, hy in daardie hoofvakke nie weer eksamen hoef te doen nie dog vir die graad erkenning vir die hoofvakke ontvang wanneer hy in die byvak of byvakke geslaag het.

### Die graad ~~Honneurs~~-Baccalaureus Scientiae

Sc.10. Elke kandidaat vir die graad ~~Honneurs~~-Baccalaureus Scientiae moet die graad Baccalaureus Scientiae van die Universiteitskollege behaal het of moet tot die status van daardie graad aan die Universiteitskollege toegelaat gewees het. As die graad Baccalaureus verwerf is (a) aan die Universiteitskollege sonder dat die betrokke vak een van sy hoofvakke was of (b) aan 'n ander universiteit, moet hy die Senaat aangaande sy kwalifikasies in daardie vak bevredig voordat hy tot die eksamen vir die graad Honneurs-Baccalaureus toegelaat kan word.

Sc.11. Die Hons.-B.Sc.-graad word in die volgende departemente verleen :—

Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Natuurkunde, Skeikunde, Plantkunde, Dierkunde, Aardrykskunde, Sielkunde.

Sc.12. Die Hons.-B.Sc.-eksamen word afgeneem deur middel van eksamenvraestelle en/of praktika, plus sodanige mondelinge of vertaaltoets as wat in 'n afsonderlike departement voorgeskryf word, wat gewoonlike almal gedurende die tydperk November-Desember van elke jaar afgeneem word.

Sc.13. Kandidate vir die Honneurs-B.Sc.-eksamens in Natuurkunde, Skeikunde, Plantkunde en Dierkunde, moet 'n aantekeningboek van praktiese werk bevattende 'n rekord van die praktiese werk uitgevoer, by die praktiese eksamen inlewer. Die rekord moet deur die persoon onder wie se toesig hulle gewerk het, onderteken word.

Sc.14. (a) Die eksamen in Toegepaste Wiskunde word in twee dele gedoen en bestaande uit twee vraestelle per jaar. 'n Kandidaat moet in al die vraestelle wat by dieselfde eksamen afgelê word, slaag.

(b) 'n Goeie slaagsyfer in Wiskunde III is 'n verpligte voorvereiste vir toelating tot die honneursstudie in Toegepaste Wiskunde.

### Die graad Magister Scientiae

Sc.15. Die departemente waarin die graad M.Sc toegeken kan word, is dieselfde as die soos in regulasie B8 uiteengesit.

Sc.16. Elke kandidaat vir die graad Magister Scientiae moet eers die graad Honneurs-Baccalaureus Scientiae van die Universiteitskollege in die betrokke departement behaal het of moet tot die status van die graad Honneurs-Baccalaureus Scientiae aan die Universiteitskollege toegelaat gewees het en die Senaat tevrede gestel het aangaande sy kwalifikasies in die betrokke vak voordat hy tot die eksamen vir die Magistergraad toegelaat word.

Sc.17. Die eksamen vir die graad bestaan uit twee of meer eksamenvraestelle of 'n verhandeling; of 'n samestelling van eksamenvraestelle en 'n verhandeling, na gelang afsonderlike departemente voorskryf; eksamenvraestelle word in November-Desember geskryf.

Sc.18. Elke verhandeling moet vergesel wees van 'n verklaring oor die mate waarin dit, sowel in opvatting as in uitvoering, die student se eie werk verteenwoordig.

Sc.19. Die verhandeling mag nie ingedien word voordat die kandidaat die eksamen vir die Honneurs-Baccalaureusgraad suksesvol afgelê het nie, en ook nie in 'n korter tydperk as twee jaar nadat die Baccalaureusgraad suksesvol afgelê is nie. (Kyk ook regulasies G19 tot G21 en A30 in die Jaarboek van die Universiteit van S.A.)



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

## DEPARTEMENT VAN DIERKUNDE

Dierkunde is 'n driejarige hoofvak.

Dit word nie van studente wat in die eerste kursus inskrywe verag dat hulle Dierkunde of Biologie op skool geleer het nie. 'n Eerste jaar kursus in Fisika en Wiskunde is wenslik maar nie verpligtend nie.

Vir besonderhede van die leerplanne raadpleeg die jaarboek van die Universiteit van Suid-Afrika.

*Handboeke.*—Studente sal aan die begin van die akademiese jaar ingelig word aangaande die benodigde handboeke.

### Kursus I

Een vraestel van 3 uur, en een praktikum van 6 uur.

Die beginsels van vergelykende anatomie en morfologie na aanleiding van 'n elementêre studie van sekere hoofgroepe van die diereryk. Ontleding van tiperende voorbeelde van hierdie groepe. Die grondbeginsels van histologie, embriologie, fisiologie, ekologie en genetika. Bewyse vir organiese evolusie en 'n oorsig oor die teorie van evolusionêre verwikkelinge.

Elementêre studie van plaaslike fauna.

### Kursus II

Twee Teorie vraestelle van 3 uur elk; twee praktika van 4 uur elk op dieselfde dag.

Die vergelykende morfologie, anatomie, ontwikkeling en onderlinge verwantskappe van die Nie-Chordata.

Ontleding van tiperende voorbeelde van hierdie groepe, makroskopies of mikroskopies.

Die grondbeginsels van klassifikasie.

Die grondfeite vir sitologie en selfsfisiologie.

Die beginsels van die fisiologie van die Nie-Chordata: Ekologie; parasitisme; kleur by diere; mimiek (nabootsing); sosiale gedrag van diere: partenogenese en geslagsbepaling.

### Kursus III

Drie vraestelle en twee praktika; Teorie 3 uur; elk praktika 5 uur en 3 uur op dieselfde dag.

Die vergelykende morfologie, anatomie, ontwikkeling en onderlinge verwantskappe van die Chordata.

Fisiologie van die Chordata met betrekking tot een enkele sisteem.

Die vroeë embriologiese ontwikkeling van die Chordata met klem op die morfogenetiese prosesse van orgaanvorming; eksperimentele embriologie.

Paleontologiese en ander bewyse van evolusie; algemene hipoteses van hereditêre variasie, aanpassing en degenerasie.

Soögeografie.

'n Ondersoek van tipiese voorbeelde van die klasse van die Vertebrata, en waar moontlik ontledings van hierdie voorbeelde, asook, deursneë deur die verskillende liggaamswyke van die Hemichordata, Urochordata en Cephalochordata.

Mikroskopiese ondersoek van weefsels en organe.

Die bestudering van verteenwoordigende deursneë deur verskillende embryos om die heel vroeë differensiasie van die mesoderm te illustreer.

'n Studie van ekstra-embrionale vliese van die Amniota sowel as die plasenta van Soogdiere.

Vergelykende studie van die skelet van die werweldierklasse met spesiale verwysing na die skedel.

Eksperimentele werk in verband met die vergelykende studie van een verkose, fisiologiese aspek van die Werweldier.

### Honneurs

Drie vraestelle, twee praktika, 'n mondelinge toets en 'n vertaling uit Frans of Duits. Meer uitgebreide studie van Dierkunde, met nadruk op sekere vraagstukke soos weergee is in die jaarboek van die Universiteit van Suid-Afrika.

*L.W.*—Elke student moet 'n volledige rekord van alle praktiese werk wat hy gedurende die jaar doen, opstel. Hierdie praktiese boek(e) saam met die verslag oor die projek, sal as die ekwivalent van een ses-uur praktikum-vraestel beskou word, en moet saam met die skrifte en 'n verslag oor die mondeling eksamen aan die eksterne eksaminator gestuur word.

### Meestergraad

Navorsing onder toesig oor een of ander spesiale vraagstuk word vereis en 'n tesis in tienvoud moet ingehandig word. Sien die Jaarboek van die Universiteit van Suid Afrika, Regulasie G.49.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

## DEPARTEMENT LANDBOU

### 1. Die Een-Jaar Diploma : Landbou

(Vir diensdoende onderwysers alleenlik)

Die minimum vereistes vir hierdie kursus is Senior Sertifikaat (of ekwivalent) en 'n professioneel Onderwysers Sertifikaat.

Die leerplan is as volg :—

Plantproduksie I

Diereproduksie—seksies van I en II, Plumvee en Suiwelproduksie (sien leerplan vir Gevorderde Diploma in Landbou).

Grond en Veldbewing

Gewasseproduksie

Metodiek van Landbou-onderwys.

### GEVORDERDE DIPLOMA IN LANDBOU

Sc. 20 Die leerplan vir die Diploma in Landbou strek oor drie jaar en die toelatingsvereistes is Senior Sertifikaat of die ekwivalent van hierdie sertifikaat.

#### *Eerste Jaar*

Sc.21. Die eerste jaar volg die kandidaat die volgende vakke wat deur die Fakulteit van Natuurwetenskappe waargeneem word. Plantkunde I, Skeikunde I, Dierkunde I en Aardrykskunde I.

#### *Tweede Jaar*

Sc.22. Vanaf die tweede studiejaar volg kandidate die kursusse soos voorgeskryf deur die Landbou Departement, nl.—

Plantproduksie I : 4 lesings en 1 prakties.

Diereproduksie I : 4 lesings en 1 prakties.

Agro-ekologie en Landbou potensiaal : 2 lesings.

Grondbewaring : 2 lesings.

#### *Derde Jaar*

Sc.23. Plantproduksie II : 3 lesings en 1 prakties.

Diereproduksie II : 6 lesings en 1 prakties.

Landbou Ekonomie en Bemaking : 2 lesings.

Metodiek van Landbou-onderwys : 1 lesing.

#### *Onderwysopleiding.*

Sc.24. Kandidate volg ook die volgende vakke soos deur die Fakulteit van Opvoedkunde voorgeskryf :—

Beginsels van Opvoeding.

Empiriese Opvoedkunde.

Skoolorganisasie.

Metodiek van Algemene Wetenskap.

Bordwerk.

Onderwys hulpmiddels.

Praktiese Onderwys.

### GEVORDERDE DIPLOMA : LEERPLAN.

#### Plantproduksie I

(Vier lesings en drie uur prakties)

I. Rol van oesverbouing ; bydrae tot die nasionale inkomste, voeding van mens en dier Gewasse in S.A., statistieke in verband met die belangrikste gewasse. Ekologiese distribusie van natuurlike plantegroei en gesaides.

2. Grondkunde ; plantvoedersels ; organiese materiaal en grondorganismes. Grondwater ; grondkolloide en grondreaksies. Grondlug en grondtemperatuur. Stikstof en koolstof kringlope in die grond.

3. Natuurlike grondvrugbaarheid. Misstowwe en kunsmatige bemestingstowwe en hulle gebruike in S.A. Bemestingsproewe—pot en veldproewe.

4. Praktiese werk op plaas ; demonstrasies en besoek aan Landbou-inrigtings.

## Plantproduksie II

(Drie lesings en drie uur prakties)

1. Produksiepraktyke—Landbousaad en saadbehandeling, onkruid en onkruidbestryding. Saadbedvoorbereiding, droëlandproduksie, besproeiingsboerdery, wisselbou en rusoste. Grondbemesting. Algemene beginsels in verband met ploeg, eg, rol, en disk van grond. Landbou implemente.

2. Plantsiekteleer en peste ; kort oorsig en bestrydingsmetodes.

3. Studie van afsonderlike gewasse :—

(a) Voedselgewasse ;

(b) groentegewasse ;

(c) voergewasse ;

Laboratoriumstudies, demonstrasies, plaasbesoeke in verband met die vernaamste gewasse.

4. Weidingsleer : veldtipes van S.A., samestelling en voedingswaarde van die verskillende soorte veld. Weidingsbeheer en beheerstelsel vir die Transkei en ander Bantoe-gebiede. Veldhooi en die kweek van spesiale weidingsgewasse.

## Agro-ekologie en Landboupotensiaal

University of Port Hare  
(Twee lesings)  
Together in Excellence

1. Agro-klimatologie ; die klimaat van S.A. en die invloed van die klimaat op landbouproduksie.

2. Landboustruktuur van S.A.

3. Agro-ekonomiese indeling van S.A. Volledige studie van die landboupotensiaal van die verskillende streke. Gewas- en diereproduksie in die somer, winter en oorgangsreënvalstreke. Landbou in die gebied oos van die Drakensberg reeks.

4. Rol van die besproeiingsboerdery. Waterbewaring en die watersiklus in S.A.

5. Studie van die afsonderlike gewasse wat hoofsaaklik vir industriële gebruik gekweek word, byvoorbeeld sisal, katoen, hout, suikerriet ens.

## Landbou-ekonomie en -bemarking.

(Twee lesings)

1. Ekonomiese ontwikkeling van landbou. Die struktuur van die Landbou in Suid-Afrika. Waarde van landbougrond en grondgebruik in Suid-Afrika.

2. Produksiefaktore : Grond, arbeid, kapitaal en die ondernemer.

3. Produksiekoste : Faktore wat die koste van produksie beïnvloed. Wet van dalende meeropbrengste. Waardering van kunsmiste.

4. Plaasboekhou : Waardering van lewende hawe, depresiasie van kapitaalgoedere. Noodsaaklike boeke en boekhouding.

5. Bemarking : Die mark en sy funksies. Wette van vraag en aanbod. Ko-operatiewe bemarking in die landbou. Beginsels van ko-operatiewe bemarking. Bemarking van lewende hawe, graan en groente.

## Metodiek van Landbou.

(Een lesing)

1. Die geskiedenis van Landbou-onderwys.
2. Die doelstelling van die vak.
3. Die plek van die vak in die skoolleerplan.
4. Die leerplan van die vak.
5. Die metode van onderwys.
6. Die onderwyser van die vak.

## Grondbewaring

(Twee lesings)

Oorsig van erosie in die vernaamste lande van die wêreld; verskillende vorms van erosie in S.A. Oorsake van erosie; klimaat en erosie; reënval indringverhoudings en affoop. Grondverspoeling op saaiplase en op veeplase. Verhouding van erosie tot oes opbrengste en veranderings in die natuurlike plantegroei. Algemene nadele van erosie. Grondverspoelingsprobleme in blanke en Bantoegebiede.

Bewaringsboerdery: beginsels van veld en grondbewaring in akkerbou en veeteelt. Die gebruik van kontoerboerdery, strookverbouing, terrasse en damme in grondbewaring. Sloot en dongha erosie bestryding.

Die rol van die Departement van Landbou in die bestryding van erosie. Gebruik van instrumente en masjiene en die invloed van plante in grondbewaring.

## Diereproduksie I

1. *Inleiding tot veeteelt*: Die belangrikheid en groei van die veeteelt nywerheid in S.A. Bydrae tot die nasionale inkomste.
2. *Verskillende rasse*: inleiding, **evolusie**, oorsprong, eienskappe en gebruike van:
  - (a) Beersrasse: uithouens en tykheims; University of Port Hare Together in Excellence.
  - (b) varkrasse: spek- en vleisvarkproduksie;
  - (c) skaap en bokrasse: wol- vleis- en melkproduksie;
  - (d) perde: trek- en ryperde, muile.
3. *Grondbeginsels van voeding*.
  - (a) Inleiding en belangrikheid van regte voedingsmetodes.
  - (b) Vergelyking van die plant- en dierekoningryke en die onderlinge afhanklikheid van die twee groepe.
  - (c) Voedingstowwe deur diere benodig: die chemiese en fisiese eienskappe en die funksies van eiwitte, koolhidrate, vette, vitamieene, minerale en water.
  - (d) Vertering by herkouende en nie-herkouende diere. Voedselopname en metabolisme.
  - (e) Sagte vette, vitamien sintese. Rol van antibiotikas in diervoeding.
  - (f) Verteerbaarheid, voedingsverhoudings, verteerbare eiwitte ens.
  - (g) Faktore wat die voedingwaarde van voersoorte beïnvloed.
  - (h) Onderhoud van plaasdiere: onderhoudrantsone, faktore wat onderhoud beïnvloed.
  - (i) Voedingsvereistes vir groei, vetmaak, teel en produksie van melk, eiers, werk, wol ens.
  - (j) Ekonomiese verbruik van voedsel deur diere—vergelykende studie.
  - (k) Opstel van gebalanseerde rantsone; voedingsstandaarde, koste van voersoorte ens.

4. *Voedselsoorte.*

- (a) Ruvoere—weiding, groenvoer en hooi.
- (b) Sappige voere—kuilvoer, wortelgewasse, ander voere.
- (c) Voerbome en struik—inheems en uitheems.
- (d) Kragvoere—(i) plantaardig, (ii) dierlike, (iii) diverse oorsprong.
- (e) Voedsel wat melkbysmake en spysverterings ongesteldhede veroorsaak.

5. *Reproduksie* : Die bul en koei ; vrugbaarheid en onvrugbaarheid ; kunsmatige bevrugting.

6. *Algemene veesiektes* en eenvoudige veearsenykundige behandeling. Inwendige en uitwendige parasiete. Dip van vee. Spuit en spuitstowwe. Wondbehandeling.

7. *Pluimveeboerdery.* Voedingsvereistes ; grootmaak ; voeding, behuising en bestuur ; seleksie en teel, bemarking. Pluimveesiektes.

## Diereproduksie II

### A.—Voeding en Versorging van Plaasdiere.

1. *Suiwelboerdery.*

- (a) Algemeen : samestelling van melk en die produksie van melk ; rantsone ; gebruik van weidings. Voeding en versorging van melkkoeie voor en na kalwing. Versorging van die melkkudde ; koeistal roetine. Produksie en hantering van skoon melk. Faktore wat melkproduksie beïnvloed. Hou van melkrekords. Suiwelgeboue.
- (b) Handgrootmaak van kalwers behuising.
- (c) Voeding en versorging van die melkbul.
- (d) Die behandeling van dubbeldoel rasse.
- (e) Die toets van melk.

2. *Vleisbeesboerdery.*

- (a) Intensiewe en semi-intensiewe produksie.
- (b) Ekstensiewe produksie : grootbeesboerdery.

3. *Varkboerdery* : teel voeding en versorging. Behuising en bemarking.

4. *Perde-boerdery* : teel, voeding en versorging.

5. *Skaapboerdery* : teel, voeding en versorging.

### B.—*Veeteelt*, en die teel van vee.

1. *Algemene oorsig* van genetiese veld. Teelstelsel : inteling, lynteling, kruisteling.

2. *Groei en ontwikkeling* : kort oorsig van die fisiologiese prosesse van groei en ontwikkeling.

3. *Veeteeltprodukte* :

- (a) Velle en huide : afslag van diere, behandeling van velle en huide Bemarking.
- (b) Plaasmis.
- (c) Wol.

4. Die voorbereiding en tentoonstelling van lewende hawe.

5. *Plaasgeboue* vir die opberg van voer.

## DEPARTMENT VAN FISIKA

*L.W.*—Kandidate moet bewyse van die praktiese werk wat hulle uitgevoer het voorle. (Kyk paragraaf G13 van die Regulasies.)

### Kursus I

*Meganika.*—Vektore en skalare. Samestelling van vektore. Linière beweging met konstante versnelling. Uniforme beweging in 'n sirkelbaan. Eenvoudige behandeling van enkelvoudige harmoniese beweging. Wette van beweging, werk en energie. Behoud van energie en momentum. Swaartekragswette. Planeet-beweging.

*Eienskappe van Materie.*—Elastisiteit. Hidrostatika. Oppervlaktespanning. Viskositeit.

*Warmteleer.*—Temperatuurskale. Termometers. Kalorimetrie. Uitsetting. Toestandsverandering. Elementêre kinetiese teorie en die gaswette. Damp: Hidrometrie. Voortplanting van warmte. Eerste wet van termodinamika.

*Optika.*—Aard van lig. Weerkaatsing, breking, dispersie. Spieëls en lense. Optiese instrumente. Fotometrie. Snelheid van lig. Elementêre beginsels van interferensie. Polarisasie van lig. Foto-elektriese effek. Spektra.

*Klank.*—Aard van klank. Snelheid van golwe. Pype en snare. Intensiteit, luidheid, toonhoogte, kwaliteit. Doppler effek.

*Elektrisiteit en Magnetisme.*

*Elektrostatika.*—Kragwette, velde en induksie. Kondensatore en diëlektrikums. Energie van gestoorde ladings.

*Magnetostatika.*—Kragwette, velde. **Koppel op magneet in 'n veld.** Magnetometrie. Aardmagnetisme. Ferromagnetisme.

*Stroomelektrisiteit.*—Wet van Ohm. **Verhittingsverskynsels.** Stroombane en wette van Kirchoff. Elektroliese. Magnetiese effekte van strome. Elektriese meetinstrumente. Elektromagnetiese induksie. **Elektriese masjien—Dinamo—Motor—Transformator.**

*Elektronika en Kernfisika.*

*Elementêre en beskrywende behandeling (waar nodig) van.*—Krag op 'n bewegende lading. Elektron lading en Avogadro se wet. Termioniese buise. X-strale. Radioaktiwiteit en die vervaldeeltjies. Atoomkerne. Isotope.  $E=mc^2$  en toepassings.

### Kursus II

*Meganika.*—Roterende liggame. Enkelvoudige harmoniese beweging. Botsings. Skalaar en vektor produkte, gradiënt.

*Eienskappe van Materie.*—Elastisiteit. Oppervlakte Spanning. Viskositeit.

*Warmteleer.*—Termometrie. Geleiding. Straling. Eerste Wet van Termodinamika. Elementêre inleiding tot die Tweede Wet van Termodinamika. Kinetiese teorie van gase. Gelykverdelingswet van Energie.

*Optika.*—Golfteorie. Doppler-effek. Interferensie. Snelheid van lig. Geometriese Optika.

*Elektrisiteit en Magnetisme.*

*Elektrostatika en Magnetostatika.*—Die wet van Gauss en toepassings. Diëlektrikums. Beelde—elementêre behandeling. Dipole.

*Stroom-elektrisiteit.*—Strome en magnetiese velde. Kragte op ladings in magnetiese en elektriese velde. Stroombane wat induktansies, kapasiteite en weerstande bevat. Galvanometers. Stromingsmeters. Elementêre Dia-, Para- en Ferromagnetisme. Curie se wet. Wisselstroom-teorie. Eenvoudige wisselstroom-brûe.

*Atoom- en Kernfisika.*—Vervaldeeltjies en hulle identifikasie. Botsings. Verstrooiing van deeltjies. Eksperimentele tegnieke in Kernfisika.

*Klank.*—Snelheid van golwe. Resonansie en gedwonge vibrasies.

### Kursus III

*Warmteleer.*—Tweede wet van Termodinamika en toepassings. Carnot-siklus. Entropie. Die Maxwell-vergelykings en toepassings. Poreuse prop-eksperiment. Die vergelyking van Gibbs-Helmholtz. Termo-elektrisiteit. Kinetiese gas-teorie. Gemiddelde vrye pad-verskynsels. Brown se beweging. Toestandvergelykings. Teorie van Soortlike Warmtes. Stralingswette.

*Meganika.*—Sentrale kragte. Verdere vektor teorie. Lagrange se vergelykings.

*Lig.*—Interferensieverskynsels—toepassings. Diffraksie. Polarisasie.

*Elektrisiteit en Magnetisme.*—Elektrostatika—Poisson se vergelykings. Elektromagnetiese vergelykings van Maxwell en sommige toepassings. Teorie van elektriese geleiding in metale. Verdere wisselstroomteorie. Termioniese emissie. Elektroniese buis stroombane, gelykrichting en versterking, ossilator en tel-stroombane.

*Atoom- en Kernfisika.*—Atoomspektra. X-strale. Kern-oorgang. Inleiding tot Kwantum-meganika. Vaste-toestand-Fisika. Statistiese Termodinamika.

#### Honneurskursus

1. Termodinamika. Statistiese Meganika.
2. Elektromagnetisme en toepassings. Relatiwiteit en toepassings. Gevorderde Optika en X-strale.
3. Magnetisme (Dia-, Para-, Ferro, Ferri, Kernmagnetisme). Vaste toestand.
4. Gevorderde Meganika. Kwantummeganika en Spektra.
5. Kernfisika en teorie van die eksperimentele tegnieke vir die bepaling van die spin, kwadрупoolmoment en magnetiese moment van kerne.

University of Fort Hare  
Together in Excellence

## DEPARTEMENT VAN PLANTKUNDE

### Kursus I

Eksamen : Twee vraestelle en een praktiese eksamen.

1. Die uitwendige morfologie van die saadplante met spesiale nadruk op die modifikasies wat belangrik is.
2. Die plantsel, selbou en vermenigvuldiging van vegetatiewe selle (mitose); reduksiedeling (meiose), verskillende tipes van plantselle.
3. Die uitwendige bou van stingels, wortels en blare van saadplante; primêre en sekondêre bou van die Dikotielestingel en wortel; sekondêre verdikking; die monokotielstingel en wortel.
4. Die grondbeginsel van plantfisiologie; die vernaamste bestanddele van die plantliggaam, transpirasie, assimilasie, asemhaling; groei en vernaamste beweginge by plante.
5. Die ekologie en biologie van Suid-Afrikaanse saadplante.
6. Bou, voortplanting en lewensgeskiedenis van uitgesoekte tipes van die Thallophyta, Bryophyta, Pteridophyta, Gymnospermae.
7. Die algemene kenmerke van uitgesoekte families van die Blomplante.
8. Ekonomiese plantkunde toegelig aan die hand van plante wat tot die bestudeerde families behoort.

### Praktiese werk

Die praktiese eksamen sal oor al die afdelings gaan met inbegrip van die verklaring van die eksperimente in afdeling 4.

Bowendien moet die kandidaat in staat wees om met behulp van 'n sleutel enige plant behorende tot die families in afdeling 7 te identifiseer (alleen familie en geslag).

### Kursus II en III

Die kursus sal oor al die belangrikste afdelings van plante gaan en behandel die uitwendige en inwendige bou, fisiologie, sitologie, ekologie, klassifikasie van blomplante en erflikheidsleer.

### Bibliografieë/Bibliographies—1965

Alle Kursusse : Studente word aangeraai om Marloth : *The Flora of South Africa* (Kaapstad, Darter) herhaaldelik te raadpleeg. Die werk is uit druk, maar kan in baie openbare biblioteke geraadpleeg word.

All Courses : Students are advised to consult Marloth : *The Flora of South Africa* (Cape Town, Darter) as often as possible. This work is out of print but can be found in many public libraries.

## DEPARTEMENT VAN CHEMIE

### Kursus I

#### Teorie

##### A.—Algemene en Fisiese Chemie.

Gaswette, die kinetiese-molekulêre teorie, gravimetriese wette van chemiese samestelling, atoom-, en molekulêre teorie, atoom-en molekulêre gewigte en hulle bepaling, die periodieke tabel, atoomstruktuur, elektroniese teorie van valensie, vloeistowwe en die wette van oplossing, vaste stowwe en hulle eienskappe, chemiese energie en termochemie, die wet van Hess, oksidasie en reduksie, die ioniese teorie, sure, basiese, soute, elektrolise, reaksie snelhede, die wet van massawerking, die beginsel van Le Chatelier, oppervlaktechemie, katalise.

##### B.—Anorganiese Chemie.

Bereiding van elemente; die chemie van die volgende elemente uit die standpunt van die periodieke indeling: waterstof, natrium, kalium, magnesium, kalsium, die halogene, suurstof, swawel, stikstof, fosfor, koolstof, aluminium, chroom, mangaan, yster.

##### C.—Organiese Chemie.

Die struktuur, benaming, bereiding en eienskappe van die volgende klasse van organiese verbindings:

Alifatiese verbindings—Die alkane, alkene, alkyne, die alkielhalogeniede, alkohole, eters, aldehiede, ketone, die karboksiesure en hulle derivate;

Aromatiese verbindings—Benseen en sy homoloë asook hulle monohidroksi-, amino-, karboniel- en karboksiel-substitusieprodukte.

Die bereiding van eenvoudige organiese en anorganiese verbindings; kwalitatiewe organiese analise; die identifikasie van soute; die bepaling van ekwivalentgewigte; gravimetriese analise; titrimetriese analise.

### Kursus II

#### Teorie

##### Vraestel 1.—Anorganiese en Analitiese Chemie.

Die beginsels van analitiese chemie; 'n meer omvattende studie van die chemie van die elemente in die hoofgroepe van die periodieke stelsel; 'n vergelykende studie van die elemente van die volgende Groepe: 1a en 1b, 2a en 2b.

##### Vraestel 2.—Fisiese Chemie.

Atoomstruktuur en chemiese bindings; die gas-, vaste, en vloeistofoestande; termodinamika en termochemie; elektrochemie.

##### Vraestel 3.—Organiese Chemie.

'n Verdere studie van alifatiese en aromatiese verbindings.

#### Prakties

Kwalitatiewe en volumetriese analise; fisiese chemie; organiese bereidings.

### Kursus III

#### Teorie

##### Vraestel 1.—Anorganiese en Analitiese Chemie.

Die elektroniese struktuur van atome; kristalstrukture; komplekse verbindings; die oorgangselemente; radio-aktiwiteit en kernchemie; teorie van gravimetriese analise; instrumentele analise.

*Vraestel 2.—Fisiese Chemie.*

Die derde wet van termodinamika ; ideale en nie-ideale oplossings ; fase-ewewig ; oppervlakte-verskynsels ; elektrochemie ; chemiese kinetika.

*Vraestel 3.—Organiese Chemie.*

'n Verdere studie van aromatiese verbindings, meerkernige aromatiese verbindings en kleurstowwe, waaronder ingesluit : furaan, tiofeen, pirrool, piridien, kinolien, isokinolien, met verwysing na eenvoudige alkalofiede ; alisikliese verbindings ; eenvoudige terpene ; toepassing van fisiese metodes vir die bepaling van organiese strukture ; reaksieme-ganismes.

**Prakties**

*A.—Anorganiese Chemie.*

Semi-mikro kwalitatiewe analise van anione ; die analitiese toepassing van EDTA ; gravimetriese analise.


*B.—Fisiese Chemie.*

Oppervlaktespanning ; parachor, brekingsindeks van organiese vloeistowwe ; fase-ewewigsdiagramme ; distribusie-koëffisiënte ; elektrochemie ; polarimetric ; reaksiesnelhede ; kolorimetrie.

*C.—Organiese Chemie.*

Die analitiese en bereidingsmetodes van organiese chemie.

Aspirantkandidate vir die **Honneurs-Baccalaureusgraad in Chemie** moet die Departementshoof raadpleeg.



University of Fort Hare  
Together in Excellence

# DEPARTEMENT VAN WISKUNDE

## WISKUNDE

### Kursus I

*Driehoeksmeting.*—Trigonometriese funksies van enige hoek; optellingsteoremas; inverse trigonometriese funksies; maklik identiteite; oplossing van trigonometriese vergelykings.

*Algebra.*—Kwadratiese vergelykings, nulpunte en veelterms (algemene teorie sonder bewyse); permutasies en kombinasies; binomiaalstelling vir positiewe, reële, eksponente; volledige induksie; die somme  $\Sigma r$ ,  $\Sigma r^2$ ,  $\Sigma r^3$ . Parsieelbreuke (geen bewyse van eksistensiestellings). Rekenkundige en meetkundige reekse. Determinante van die tweede en derde orde. Elementêre Vektoralgebra.

*Meetkunde.*—Reguit lyn en sirkel; raaklyn aan sirkel. Eenvoudige eienskappe van die kegelsnede; pool en poollyn; toegevoegde middellyne; translasië van asse in reghoekige kartesiese koördinate.

*Differensiaal- en Integraalrekening.*—Limiete en konvergensie van die meetkundige reekse. Boogmaat. Differensiasie en integrasie van die elementêre funksies (die eksponensieël, logaritmiëse, trigonometriëse funksies en hul inverses en die hiperboliese funksies). Parsiële integrasie en integrasie met behulp van substitusies. Afgeleides van hoër orde. Maksima, minima en buigpunte. Teken van krommes. Leibniz se formule. Differensiasie van implisiete en parametriëse funksies. Die integraal as limiet van 'n som en toepassing op oppervlaktes, booglangtes. Volumens en oppervlaktes van omwentelingsliggame. Afgeleide as tempo van verandering. Elementêre partiële differensiasie. Differensiasie en integrasie van vektore.

*L.W.*—Laat poolkoördinate en reduksie-formules uit.

#### Vraestel 1.

*Lineêre Algebra.*—Vektore in die  $n$ -dimensionale ruimte; lineêre afhanklikheid en onafhanklikheid van vektore; lineêre deelruimtes; lineêre afbeeldings; lineêre vergelykings; matrikse, determinante.

*Meetkunde.*—Homogene koördinate in die platvlak; algemene vergelyking van die tweede graad; translasië en rotasie van asse. Platvlak, lyn en bol in die ruimte. Homogene koördinate in die ruimte. Pool en Poolvlak.

*Kompleks-getalle.*—Definisie en meetkundige voorstelling. Stelling van de Moivre Funksies van 'n kompleks veranderlike; limiete en kontinuiteit. Hoofstelling van die algebra (intuïtiewe behandeling). Rye en reekse met komplekse terme. Die eksponensiaal, trigonometriëse, hiperboliese funksies en hulle inverse funksies. Veralgemeende mag.

#### Vraestel 2.

*Konvergensie.*—Konvergensie van monotoon begrensde rye (sonder bewys). Reekse, konvergensie, divergensie, absolute konvergensie. Die konvergensietoetse van D'Alembert, Cauchy en Raabe.

*Differensiaalrekening.*—Rolle se stelling en eerste middelwaardestelling, Taylor se stelling met bespreking van die res-term. Die ontwikkeling van elementêre funksies in magreeke:  $e^x$ ,  $\sin x$ ,  $\cos x$  (met bespreking van res-term) en  $(1+x)^m$ . Onbepaalde vorms. Kromming. Elementêre Vektor Analise.

*Parsiële Differensiasie.*—Definisies en omruiling van die volgorde van differensiasie. Invoering van nuwe veranderlikes. Die totale differensiaal. Omhullendes. Jacobiane.

Taylor se stelling vir twee reële veranderlikes, maksima en minima van funksies van twee veranderlikes, Lagrange multiplikatore. Euler se stelling vir homogene funksies.

*Integrasie.*—Hersiening van die werk van kursus I. Oppervlaktes, booglangtes, volumes en die oppervlakte en volume van omwentelingsliggame in reghoekige en poolkoördinate. Meervoudige integrale, invoering van nuwe veranderlikes. Lyn integrale.

*Differensiaalvergelykinge.*—Die ontstaan en aard van die oplossinge van gewone en partiële differensiaal vergelykinge met verwysing na eksistensieteoremas (lg. sonder bewyse). Die oplossing van vergelykinge van die eerste orde en eertse graad insluitende die gebruik van integreerders. Die teorie van lineêre vergelykinge en die oplossing van lineêre vergelykinge met konstante koëffisiënte en homogene vergelykinge.

### Kursus III

#### *Vraestel 1.*

Transformasie van basis-vektore van 'n n-dimensionale vektorruimte; eiewaards en eievektore van lineêre afbeeldings; bilineêre en kwadratiese vorme; kongruensie van matrikse; n-dimensionale euklidiese ruimte; polinome; g.g.d. en k.g.v. van polinome; elementêre delers van 'n polinoommatriks. Invariante deelruimtes van 'n lineêre afbeelding; karakteristieke polinoom minimaalpolinoom en elementêre delers van 'n lineêre afbeelding; gelykvormigheid van matrikse en 'n volledige stelsel kanoniese vorms. Elementêre teorie van groepe, ringe en liggame. -Meetkunde: Die tweede-graad-soppervlak in 3-dimensionale ruimte.

#### *Vraestel 2.*

*Analise.*—'n Streng behandeling van die volgende onderwerpe met die aanname van die volledigheid van die sisteem van reële getalle.

Boonste en onderste grense, verdigtingspunte. Die stelling van Bolzano-Weierstrass en Heine-Borel. Limes superior en limes inferior van rye en funksies. Cauchy se konvergensieprinsipe. Differensieërbaarheid, kontinuïteit en gelykmatige kontinuïteit. Die Riemannintegraal, oneintlike integrale o.a. Beta- en Gammafunksies. Differensiasie onder die integraalteken. Taylor se stelling vir twee reële veranderlikes, maksima en minima van funksies van twee veranderlikes. Lagrange se vermenigvuldigers. Euler se stelling vir homogene funksies. Jacobiane. Meervoudige integrale, oppervlaktes en volumes deur middel van meervoudige integrale. Gewone differensiaalvergelykinge: singuliere oplossinge, oplossing deur middel van reekse.

#### *Vraestel 3.*

Konvergensie van reekse, gelykmatige konvergensie en voldoende voorwaardes vir die termgewyse intergrasie en differensiasie van 'n reeks van funksies van 'n reële of komplekse veranderlike. Eienskappe van magreekse. Die logaritmiëse, eksponensiële en trigonometriëse funksies van reële en komplekse veranderlikes. Lynintergrale in die reële en komplekse vlak. Differensieërbaarheid van funksies van 'n komplekse veranderlike, analitiese funksies en die Cauchy-Riemann-vergelykinge. Die stelling van Cauchy. Taylor en Laurent se ontwikkelinge, residue, kontoer-integrasie.

## DEPARTEMENT VAN TOEGEPASTE WISKUNDE

### Kursus I

Inleiding tot die dinamika. Spoed, snelheid en versnelling. Momentum en Newton se bewegingswette. Enkelvoudige harmoniese beweging. Starre liggaam wat om 'n vaste as draai.

Inleiding tot die statika. Kragte, ewewydige kragte, momente en koppels. Massamiddelpunte. Masjiene. Hooke se wet en elastisiteit. Inleiding tot die hidrostatika.

### Kursus II

#### *Vraestel 1.*

Tweedimensionale beweging van 'n massapunt, 'n starre liggaam en stelsel. Veralgemeneerde Koördinate.

#### *Vraestel 2.*

Driedimensionale vektor algebra en analise. Kragte in die ruimte. Virtuele arbeid. Stabiliteit van ewewig.

### Kursus III

#### *Vraestel 1.*

Driedimensionale beweging van 'n massapunt en 'n starre liggaam. Hamilton-Jacobi teorie. Lagrange se vergelykings.

#### *Vraestel 2.*

Elektrostatika en elektrodinamika met gebruik van spesiale funksies. Spesiale relatiwiteitsteorie.



### B.Sc. (Honns.)

Die kursus strek oor twee jaar en bestaan uit vier vraestelle, twee waarvan aan die end van die eerste jaar moet afgelê word.

Alleen kandidate wat 'n goeie slaagsyfer in Wiskunde III behaal het sal tot die studie toegelaat word. Voornemende kandidate moet die Hoof van die Departement spreek.

### M.Sc.

Die kursus bestaan uit drie vraestelle en/of 'n verhandeling. Voornemende kandidate moet die Hoof van die Departement spreek.

## REGLEMENT VIR DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

### Grade en Diplomas

- E1. Die volgende grade word in die Fakulteit uitgereik :—
- |                          |    |    |    |       |
|--------------------------|----|----|----|-------|
| Baccalaureus Educationis | .. | .. | .. | B.Ed. |
| Magister Educationis     | .. | .. | .. | M.Ed. |
| Doctor Educationis       | .. | .. | .. | D.Ed. |
- E2. Die volgende diplomas word in die Fakulteit uitgereik :—
- |  |    |    |          |
|--|----|----|----------|
| Die Universiteitsonderwysdiploma         | .. | .. | U.O.D.   |
| Die Universiteitskollege-Onderwysdiploma | .. | .. | U.K.O.D. |
- (Nie-gegradueerd)
- Die Suid-Afrikaanse Onderwysdiploma (Junior Sekondêr) S.A.O.D.

### Die Graad Baccalaureus Educationis

(Vir B.Ed.-kandidate is 'n *deeglike* leeskenis van Afrikaans verpligtend)

#### *Toelating tot studie.*

E3. 'n Student moet die graad Baccalaureus en die Universiteitsonderwysdiploma besit, of hy moet die graad B.P.Ed. besit; met dien verstande dat 'n gediplomeerde onderwyser wat nie die U.O.D. besit nie, op die volgende voorwaardes tot die studie toegelaat kan word :—

- (a) indien hy na-matrikulasië-opleiding gehad het, moet hy of
- bewys lewer van vyf jaar bevreëdigende onderwys; of
  - by een en dieselfde eksamen in 'n toets in die vier vakke Filosofie van die Opvoeding, Empiriese Opvoedkunde, Historiese Opvoedkunde en Didaktiek en Administrasie slaag:
- (b) indien hy voor-matrikulasië-opleiding gehad het, moet hy
- bewys lewer van vyf jaar bevreëdigende onderwys; en
  - by een en dieselfde eksamen in 'n toets in die vier vakke Filosofie van die Opvoeding, Empiriese Opvoedkunde, Historiese Opvoedkunde en Didaktiek en Administrasie slaag:

Met dien verstande dat die toets telkens in (ii) hierbo vermeld bestaan uit die vraestelle van die eksamen vir die Universiteitsonderwysdiploma, en dat daarvoor geen aanvullende eksamen toegelaat word nie.

#### *Duur en leergang.*

- E4. Die leergang duur minstens een jaar en bestaan uit die volgende vakke :—
- Filosofie van die Opvoeding.
  - Algemene Empiriese Opvoedkunde.
  - Spesiale Empiriese Opvoedkunde.
  - Historiese Opvoedkunde.
  - Didaktiek.
  - Onderwysadministrasie

### Die Graad Magister Educationis

#### *Eksamen.*

E5. Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling.

### Die Graad Doctor Educationis

#### *Duur van studie.*

E6. Die graad word nie aan 'n student toegeken nie, tensy hy—

- minstens vier jaar in besit is van die graad Magister Educationis of
- minstens drie jaar in besit is van die graad Magister Educationis en minstens een jaar daarvan uitsluitlik aan goedgekeurde navorsing gewy het:

Met dien verstande dat die graad in besondere omstandighede en met spesiale toestemming van die Senaat toegeken kan word aan 'n kandidaat wat twee jaar in besit van die graad Magister Educationis is.

*Proefskrif.*

E7. 'n Proefskrif wat handel oor 'n onderwerp in verband met die Opvoedkunde. (Kyk ook Algemene Reëls.)

**Die Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.)**

*Toeiating tot studie.*

E8. 'n Student moet—

- (a) 'n graad besit;
- (b) graadkursusse voltooi het, hetsy ter behaling van 'n graad, hetsy nie vir graad-doeleindes nie, ooreenkomstig die bepalinge van E9 hieronder.

*Graadkursusse.*

E9. Die graadkursusse waarin 'n voornemende student moet geslaag het is, soos volg, waarby die vak onder (d) gekies en die ander vak onder (c) gekies beskou word as hoofonderwysvakke:—

- (a) Eerste kursusse in drie van die volgende vakke:—  
Afrikaans-Nederlands.

of Praktiese Afrikaans	Wiskunde.
Engels of Praktiese Engels	Toegepaste Wiskunde.
Enige derde taal.	Chemie.
Gekiedenis.	Natuurkunde.
Aardrykskunde of Geologie	Plantkunde } of Biologie.
Opvoedkunde.	Dierkunde }
Liggaamlike Opvoeding.	Rekeningkunde.
Bybelkunde.	Ekonomie.
Sielkunde.	Bedryfs ekonomie.
Bibliografie.	Huishoudkunde.
Kunsgeskiedenis.	Wysbegeerte (Inleiding tot die
Skilderkuns.	Wysbegeerte/Geskiedenis van
Musiekgeskiedenis.	die Wysbegeerte/Sistematiese
	Wysbegeerte).
	Volkekunde.

Natuurlike-administrasie ðf  
enige ander skoolvak;

Met dien verstande dat volgens goeddunke van die Dekaan erkenning vir enige twee tale behalwe amptelike tale gegee kan word.

- (b) 'n Eerste kursus in 'n vierde vak wat uit (a) of uit die volgende lys gekies word :  
Duits (spesiale kursus)      Beginsels van die Griekse  
Frans (spesiale kursus).      Kultuur.  
Ekonomiese Aardrykskunde.      Ekonomie en Ekonomiese  
Sosiologie.      Geskiedenis.  
Sistematiese Teologie.
- (c) Tweede kursusse in enige twee van die vier vakke gekies uit (a) en (b) hierbo ; met dien verstande dat Sistematiese Teologie I aangebied kan word in plaas van een tweede kursus indien Bybelkunde I uit (a) hierbo gekies is, maar dat geeneen van Ekonomiese Geskiedenis II, Naturelle-administrasie II, Wysbegeerte II, Bibliografie II en Sosiologie II as 'n tweede kursus kragtens hierdie paragraaf beskou word nie.
- (d) 'n Derde kursus in minstens een van die twee vakke wat onder (c) hierbo gekies is, of, as alternatief, of Bybelkunde II ðf Sistematiese Teologie II indien Bybelkunde I sowel as Sistematiese Teologie I onderskeidelik onder (a) en (b) hierbo gekies is. (Wiskunde en Toegepaste Wiskunde III vir B.Sc. (Ing.) word beskou as Wiskunde III).
- (e) Behoudens die bepalinge van (c) hierbo mag 'n student in plaas van een derde kursus, een tweede kursus en twee eerste kursusse, een derde kursus en twee tweede kursusse kies.

Met dien verstande dat—

- (i) 'n student wat Geologie as 'n hoofvak en minstens een graadkursus in Aardrykskunde geneem het, Aardrykskunde as 'n hoofonderwysvak mag kies ;
- (ii) 'n student wat Biologie nie as 'n hoofvak geneem het nie, dit wel as 'n hoofonderwysvak mag kies indien sy vaksamestelling soos volg was : Plantkunde of Dierkunde as hoofvak saam met minstens twee graadkurse in die ander een van hierdie twee vakke :

Met dien verstande voorts dat geen student wat Biologie as 'n hoofonderwysvak kies, of Plantkunde of Dierkunde as 'n verdere hoofonderwysvak neem nie.

#### *Duur en leergang.*

E10. Die leergang duur minstens een jaar en die kursusse is soos volg :—

#### *Hoofvakke :*

- (i) Filosofie van Opvoeding.
- (ii) Empiriese Opvoedkunde.
- (iii) Historiese Opvoedkunde.
- (iv) Didaktiek en Administrasie.
- (v) en (vi) Metodiek van die twee hoofonderwysvakke vir die middelbare skool. (Twee vraestelle.)
- (vii) en (viii) Praktiese Onderwys ('n toets in elkeen van die twee hoofonderwysvakke)

E11. (1) Verdere verpligte vakke :—

#### *Verpligte Byvakke :*

- (ix) Bordwerk.
- (x) Skoolhigiëne.
- (xi) Skoolbiblioteekkunde of **Godsdiensonderwys.**
- (xii) Konstruksie van Onderwys**hulp**middele.
- (xiii) en (xiv) 'n Skriftelike, mondelinge en praktiese onderwystoets in, of albei die amptelike tale, of een daarvan en die moedertaal. Hiervan *moet* minstens een in die hoër graad aangebied word.

'n Kandidaat kan vrygestel word van die praktiese vereistes in Skoolhigiëne indien hy in besit is van 'n erkende sertifikaat van die Rooikruis of " St. John's Ambulance " beweging.

#### *Addisionele Byvakke :—*

- (xv) Liggaamlike Opvoeding.
- (xvi) Musiek en Skoolsang.

(2) Kandidate moet in elke afsonderlike vak van die eksamen slaag met die volgende uitsonderings :—

Kandidate wat in besit is van die Onderwysdiploma van die voormalige Suid-Afrikaanse Naturelle-Kollege, word vrygestel van die vraestelle in (v) en (vi), Metodiek van die twee hoofvakke, en as bewys van twee jaar bevredigende ervaring as onderwyser ingedien word, ook van (vii) en (viii), (Praktiese Onderwys).

Enige kandidaat word vrygestel van vakke (vii) en (viii), Praktiese Onderwys, as bewys van vyf jaar bevredigende ervaring as onderwyser ingedien word.

#### *Afsluiting van kursus.*

E12. Ten einde erkenning te ontvang vir die vakke waarin hy geslaag het, moet 'n student—

- (a) in minstens vier van die hoofvakke onder E10 (i) tot (vi) by een en dieselfde eksamen slaag ; 'n student wat in vyf geslaag het, kan, behoudens die Algemene Regulasies, in die vak waarin hy gedruip het, hereksamen doen by die aanvullende eksamens in Maart of by enige daaropvolgende gewone eksamens ;

- (b) in die geval van die byvakke onder E11 (1) (ix tot xii), die subminimum in die skriftelike deel van minstens drie uit die vier by een en dieselfde eksamen behaal; 'n student wat in drie geslaag het, kan, behoudens die Algemene Regulasies, in die vak waarin hy gedruip het, hereksamen doen by die aanvullende eksamens in Maart of by enige daaropvolgende gewone eksamen.

**Eksamen.**

E13. (1) 'n Student wat 'n graad besit maar een of twee van die onderwysvakke kort, kan die eksamen vir die Diploma aflê, maar die Diploma word nie aan hom toegeken voordat hy aan al die akademiese en professionele vereistes voldoen het nie.

(2) *Subminima.*—Ten einde in die vier byvakke onder E11 (1) (ix tot xii) te slaag, moet 'n student in elkeen 'n gemiddelde van 50 persent in die skriftelike en die praktiese eksamen behaal, met 'n subminimum van 40 persent in elkeen van die twee afdelings; en in elkeen van die twee taaltoetse onder E11 (1) (xiii tot xiv) 'n gemiddelde van 50 persent in die skriftelike, die mondelinge en die praktiese eksamen, met 'n subminimum van 40 persent in elkeen van die drie afdelings vir die Laer Medium; en 'n gemiddelde van 60 persent, met 'n subminimum van 50 persent in elkeen van die drie afdelings vir die Hoër Medium.

(3) As kandidate in een van die twee onderwystoetse druipe, moet 'n hereksamen in albei toetse gedoen word afgesien van die gemiddelde aantal punte wat behaal is. 'n Hereksamen in die onderwystoetse asook in die taaltoetse mag nie voor Meimaand van die volgende jaar afgelê word nie.

**Onderskeiding.**

E14. 'n Kandidaat kan onderskeiding in elkeen van die hoofvakke onder E10 (i) tot (vi) behaal, en hy verwerf die Diploma met onderskeiding deur in vier van genoemde hoofvakke onderskeiding te behaal.

**Die Universiteitskollege-onderwysdiploma (Nie-gegradueerd)**

E15. 'n Geregistreerde student wat 'n volle tweejarige studiekursus vir 'n Baccalaureusgraad op so 'n wyse voltooi het dat deur een verdere studiejaar aan alle vereistes vir 'n graad voldoen kan word, kan tot 'n finale jaar van professionele opleiding toegelaat word en na geslaagde voltooiing daarvan tot 'n diploma wat die Universiteitskollege-onderwysdiploma (Nie-gegradueerd) genoem sal word, en wel op die volgende voorwaardes:—

(a) Dat die aantal voltooidde kursusse vir die Baccalaureusgraad soos volg is:

Vir B.A.	..	..	..	..	8
vir B.Sc.	..	..	..	..	6
vir B.Com.	..	..	..	..	10

(b) dat hierdie kursusse minstens twee skoolvakke bevat in elkeen waarvan twee kwalifiserende kursusse geneem is en daarby twee verdere kwalifiserende kursusse gekies ooreenkomstig regulasie E3;

(c) dat die professionele jaar uitsluitlik aan die diplomakursus gewy word.

E16. 'n Kandidaat moet andersins aan dieselfde vereistes voldoen as wat in die regulasies vir die gewone Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.) voorgeskrywe is.

E17. Enige besitter van die Universiteitsonderwysdiploma (Nie-gegradueerd) kan dit tot 'n volle U.O.D. laat verander deur voltooiing van die verdere akademiese vereistes vir sodanige Diploma.

**Die Suid-Afrikaanse Onderwysdiploma (Junior Sekondêr)**

E18. *Naam van die sertifikaat.*—Die Suid-Afrikaanse Onderwysdiploma (Junior Sekondêr).

E19. *Doel.*—Die doel van die kursus is om onderwysers(esse) vir die eerste drie jaar van die sekondêre skool op te lei.

E20. *Duur.*—Die kursus sal twee jaar duur.

E21. *Toelatingsvereistes.*—Voordat 'n kandidaat vir hierdie diploma tot 'n Universiteitskollege toegelaat sal word, moet aan die volgende vereistes voldoen word:—

- (a) *Aansoek om toelating.*—Die aansoek om toelating tot 'n Universiteitskolleje moet behoorlik voltooi by die Registrateur ingedien word.
- (b) *Vertroulike verslag.*—Die vorm „Keuring vir Leerlingonderwysers” (B.O. 228) moet deur die hoof van die skool wat laaste deur die applikant besoek is, aan die Registrateur voorgeleë word.
- (c) *Mediese sertifikaat.*—'n Mediese verslag (Vorm B.O. 227) moet deur die applikant by die Registrateur ingedien word.
- (d) *Akademiese vereistes.*—'n Kandidaat moet die Senaat van die Universiteitskolleje tevrede stel ten opsigte van Matrikulasie of ander voldoende toelating-sertifikaat.

*L.W.*—Ten opsigte van 'n kandidaat wat nie die Matrikulasie-vrystellingsertifikaat besit nie, word die graadvakke nie vir graaddoeleindes erken nie.

E22. Lys van vakke :

*Groep I, Akademies.*

Gedurende die eerste studiejaar moet die kandidaat 'n akademiese kursus bywoon en voltooi vir die B.A.-, B.Sc.- of B.Com.-graad.

B.A.—Vyf eerstejaarskursusse vir die B.A.-graad, waarvan die moedertaal en een amptelike taal verpligtend sal wees.

B.Sc.—Vier eerstejaarskursusse waarvan minstens drie natuurwetenskapvakke moet wees.

B.Com.—'n Eerstejaarsgraadkursus soos deur die Universiteit van Suid-Afrika voorgeskryf is of 'n diploma in Handel en Administrasie wat verwerf is na Matrikulasie (met of sonder vrystelling).

'n Student wat 'n Diploma in Handel en Administrasie besit, word nie van die S.A.O.D.-kursus uitgesluit op grond van die feit dat hy nie 'n taal as vak aanbied nie.

*Groep II, Professioneel.*

1. Beginsels van Opvoeding.
2. Empiriese Opvoedkunde.
3. Skoolorganisasie.
4. Praktiese Onderwys : Demonstrasie en kritiekllesse.
5. Historiese Opvoedkunde met spesiale verwysing na die geskiedenis van Onderwys in Suid-Afrika.

*Groep III, Metodiek en Inhoud.*

Die metodiek en inhoud van vier van die volgende vakke :

Algemene Wetenskap, Natuur- en Skeikunde, Biologie, Landbou, Rekenkunde, Wiskunde, Handel, Handelsrekenre, Boekhou, Tikskrif, Snelskrif/Shorthand. Afrikaans, Engels, Moedertaal, Latyn, Sosiale Studie en Godsdiensonderwys.

*Voorbehoude :*

- (i) Indien Algemene Wetenskap geneem word, mag Biologie en/of Natuur- en Skeikunde nie aangebied word nie.
- (ii) Indien Handel en Handelsrekenre geneem word, mag Rekenkunde nie aangebied word nie.
- (iii) Hoogstens drie tale mag geneem word

*Groep IV, Verpligte Praktiese Vakke.*

1. Konstruksie van Onderwys hulpmiddels.
2. Bordwerk.
3. Skoolhigiëne.

*Groep V, Addisionele Vakke.*

1. Musiek en sang.
2. Liggaamlike Opvoeding.

*Opmerking.*—Van 'n kandidaat word vereis dat hy/sy aan minstens twee georganiseerde sportsoorte moet deelneem.

### E23. *Eksamenvereistes.*

(a) Om tot die professionele kursus van hierdie diploma toegelaat te word, moet 'n kandidaat in tenminste *drie* vakke vir die B.A., B.Sc. of B.Com.-graad geslaag het, of in besit wees van 'n Diploma in Handel en Administrasie.

(b) 'n Kandidaat vir die diploma moet die voorgeskrewe kursus bywoon en voltooi soos deur die vereistes van die diploma neergelê is.

(c) 'n Kursus sal as voltooi beskou word as die kandidaat die eksamen aan die einde van die kursus slaag.

(d) 'n Eksamen of enige kwalifiserende toets vir die diploma moet deur ten minste twee eksaminatore aigeneem word.

(e) Hertoelating van 'n kandidaat wat nie daarin geslaag het om aan die minimum-vereistes vir enige studiejaar te voldoen nie, mag geweier word.

(f) Ten einde die Suid-Afrikaanse Onderwysdiploma te verwerf, moet 'n kandidaat aan die onderstaande vereistes voldoen :—

(i) *Groep I-vakke.*—Die kandidaat moet in minstens vier graadkursusse geslaag het of die Diploma in Handel en Administrasie voltooi het.

(ii) *Groep II- tot V-vakke.*—'n Kandidaat moet minstens 50 persent van die maksimumpunte vir elke vak behaal.

#### (g) *Aanvullingseksamens.*

(i) 'n Kandidaat wat in nie meer as *drie* vakke in die groepe II, III en IV gedruip het nie, is geregtig op 'n *aanvullingseksamen*.

(ii) Aanvullingseksamens in professionele kursusse sal slegs gedurende tye en plekke soos deur die Senaat van die Universiteitskollege bepaal, afgeneem word.

(iii) 'n Kandidaat moet binne vyf jaar nadat hy die eerste keer in die eksamen geskryf het 'n aanvullingseksamen in daardie vakke waarin hy gedruip het, slaag.

(iv) 'n Kandidaat wat nie die vereiste eerstejaarsgraadkursusse geslaag het nie, sal gedurende die tweede studiejaar toegelaat word om hoogstens een kursus af te skryf, met dien verstande dat hy al registrasie- en eksamengelde wat ten opsigte van daardie vakke betaal moet word, self betaal en verder met dien verstande dat geen voorsiening vir die bywoning van klasse op die rooster vir die tweede studiejaar gemaak sal word nie.

(v) Indien 'n kandidaat nie gedurende sy kursus aan die vereistes van regulasies (f) (i) en (g) (ii) voldoen nie, mag hy te enigertyd in oorleg met die Universiteit van Suid-Afrika sodanige eksamens aflê binne ses jaar nadat hy die eerste keer daardie eksamen geskryf het.

#### (h) *Diplomering.*

(i) 'n Kandidaat wat die kursus voltooi het deur aan al die vereistes vir hierdie diploma te voldoen sal die *Suid-Afrikaanse Onderwysdiploma* ontvang.

(ii) Kandidate sal na aflegging van die professionele deel van die eksamen soos volg ingedeel word :—

*Eersteklas.*—Kandidate wat minstens 75 persent van die maksimum aantal punte behaal het.

*Tweedeklas.*—Kandidate wat tussen 50 persent en 74 persent van die totale aantal punte behaal het.

(iii) 'n Kandidaat wat nie aan al die vereistes vir die diploma voldoen het nie, sal slegs 'n verklaring van eksamenresultate ontvang.

(iv) Bedrewenheid in tale : 'n Endossement op die sertifikaat sal die taal of tale aandui waarin die onderwyser bedrewe is.

(i) *Proefonderwys.*

Minstens vier weke gedurende die professionele jaar, benewens twee weke aan die begin van die professionele jaar aan 'n skool in die tuisomgewing van die student, sal aan proefonderwys bestee word. 'n Kandidaat sal verplig wees om 'n geskikte aantekeningboek aan te skaf waarin bewys gelewer word dat waarnemingsopdragte van die Fakulteit Opvoedkunde uitgevoer is.

Gedurende die proefitydeperk van vier weke moet minstens een les per dag uitgeskryf word ter bevrediging van die Fakulteit Opvoedkunde. Van 'n kandidaat sal verwag word om minstens agt proefesse te gee, t.w. een in die moedertaal en nog een in die amptelike taal wat onder die groep-III vakke gekies is. Indien die ander amptelike taal as vak onder die groep-III vakke gekies word, moet minstens een les deur medium van daardie taal gegee word.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

DEPARTEMENT VAN EMPIRIESE OPVOEDKUNDE

BACCALAUREUSEKSAMEN (B.Ed.)

(Twee Vraestelle)

A.—Algemene Empiriese Opvoedkunde.

'n Algemene vraestel van gevorderde aard omvattende :—

1. Die terrein en metodes van ondersoek van die Empiriese Opvoedkunde.
2. Kritiese bespreking van die doel, grondbeginsels, metodes en bevindinge van verskillende psigologiese rigtinge en hul waarde vir die Empiriese Opvoedkunde.
3. Individuele en rasseverskille.
4. Oorerwing en omgewing.
5. Studies oor die emosies en die toepassing van bevindinge in die praktyk.
6. Die leerwette en die verskillende leersoorte.
7. Die sentimente, temperament en karakter.
8. Psigologie van die kind en van die adolessent.
9. Sielkundige vraagstukke en verskynsels en hul toepassing in die opvoeding en onderwys.

B.—Spesiale Empiriese Opvoedkunde.

1. Verskynsels wat eksperimenteel ondersoek is : Leer, vermoeidheid, intelligensie, kennis en ontwikkeling van geestesvermoëns.
2. Besondere vraagstukke soos : swaksinnigheid, agterlikheid, begaafdheid, genialiteit, delinkwensie en skolasiese vertraging.
3. Meting van persoonlikheidsontwikkeling : die verskillende aspekte daarvan, b v. houdinge, belangstelling, aanleg, e.s.m.
4. (a) Onderskeid tussen neuroses en psigosies.  
(b) 'n Studie van slegs daardie neuroses wat dikwels by kinders aangetref word
5. Statistiese ontleding en die beginsels van eksperimentele werk in verband met die navorsing van skoolprobleme.
6. Beginsels van beroepsvoorligting.

Van die kandidaat word verwag dat hy bewys sal lewer van praktiese kennis van die metodes van die eksperimentele sielkunde en hul toepassing op opvoedkundige probleme soos :—

Verstandsmeting,  
meting van leerresultate,  
vermoeidheid, ens.

Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.)

(Een Vraestel)

I.—1. Die terrein en metodes van die empiriese opvoedkunde.

2. (a) Ontwikkeling van die psigologie voor 1900.  
(b) Die psigologie na 1900. Die ontstaan, grondbeginsels, metodes en opvoedkundige bydrae van moderne rigtings.

3. Die kenfunksies soos aandag, geheue, denke.
  4. Emosie, sentiment, temperament en karakter.
  5. Drange en motivering by gedrag.
- II.—6. Inleiding tot die kinderpsigologie insluitende die adolessent.
7. Aanpassing ; gedragsafwykings : die jong delinkwent.
  8. Die verstand ; verstandsmeting, individuele verskille, die agterlike en die be-  
gaafde.
- III.—Die Leersielkunde.
9. Leerwette en leermetodes.
  10. Meting van leerresultate.
  11. Vergeet, vermoedigheid, oordrag van opleiding.
  12. Abnormale verskynsels (slegs op skool).



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

## DEPARTEMENT VAN HISTORIESE OPVOEDKUNDE

### Baccalaureuseksamen (B.Ed.)

(Een Vraestel)

#### A.—Die teoretiese en Metodologiese grondslae van die Historiese opvoedkunde.

1. Die betekenis, sin, wese, waarde, plek, perke en geskiedenis van die Historiese Opvoedkunde.
2. Die metode van ondersoek van die Historiese Opvoedkunde :
  - (a) Formulering van die probleem.
  - (b) Versameling van die bronne-materiaal :
    - (i) Primêre bronne.
    - (ii) Sekondêre bronne.
  - (c) Beoordeling van die bronne-materiaal :
    - (i) Interne kritiek.
    - (ii) Eksterne kritiek.
  - (d) Formulering van 'n hipotese.
  - (e) Die skryf van die verslag.
3. Teorie van die Historiese Opvoedkunde :
  - (a) Die probleme van seleksie, rangskikking en benadrukking.
  - (b) Die probleme van kousaliteit, motief en invloed.
  - (c) Die probleme van die hede : veralgemening, voorspelling, historiese analogie, die verlede in die lig van die hede, verskillende opvattinge ten opsigte van die geskiedenis.

#### B.—Tydperke in die geskiedenis van die opvoeding.

- I. *Die Piëtisme* (c. 1675-1750)
  1. Oorsake van die beweging.
  2. Grondbeginsels van die beweging.
  3. Verteenwoordigers van die beweging :
    - (a) Op kerklike gebied—Philipp Jakob Spener (1635-1705) en Nikolaus Ludwig von Zinzendorf (1700-1760).
    - (b) Op onderwysgebied—August Hermann Francke (1663-1727).
  4. Betekenis van die beweging.
- II. *Die Aufklärungsperiode* (18de eeu)
  1. Algemene karakteristiek van die tydperk.
  2. Die Rasionalisme en Empirisme :
    - (a) Ontstaan en grondbeginsels van die beweging.
    - (b) John Locke (1632-1704)—psigologiese en opvoedkundige denkbeelde (met spesiale verwysing na sy *Some Thoughts Concerning Education*), invloed,
  3. Die Naturalisme :
    - (a) Die Naturalisme as lewens-en wêreldsbeskouing :
      - (i) Kenteoretiese uitgangspunt.
      - (ii) Ontologie en kosmologie.
      - (iii) Antropologie.
    - (b) Die Naturalisme as opvoedingsleer :
      - (i) Grondslae van die opvoedingsleer.
      - (ii) Jean Jacques Rousseau (1712-1778) as verteenwoordiger van die Naturalistiese opvoedingsleer—politieke en maatskaplike teorieë, opvoedkundige beginsels en-praktyk (met spesiale verwysing na sy *Emile*), betekenis van sy opvoedkundige gedagtes.
      - (c) Bydraes van die Naturalistiese denkrigting tot die teorie en praktyk van die opvoeding.
  4. Die Filantropinisme :
    - (a) Grondbeginsels van die rigting.
    - (b) Johann Bernhard Basedow (1724-1790).

(c) Christian Heinrich Salzmann (1744-1811).

(d) Betekenis van die opvoedingswerk van die Filantropie.

5. Algemene invloed van die Aufklärung op die skoolwese.

C.—'n Tydperk in die geskiedenis van die onderwys in Suid-Afrika : Staats-en sendingonderwys gedurende die 19de eeu in een van die vier Provinsies (Waar moontlik moet die studie geskied aan die hand van gedrukte dokumente).

### I. Die Kaapprovinsie

1. Die ontwikkeling van blanke staatsonderwys gedurende die 19de eeu :
  - (a) de Mist-periode, 1803-1806.
  - (b) Verengelsingperiode, 1806-1839.
  - (c) Tydperk van staatsondersteunde skole, 1839-1859.
  - (d) Langham Dale as S.G.O., 1859-1892.
2. Die ontwikkeling van staats-en sendingonderwys aan nie-blankes gedurende die 19de eeu.
3. Die ontwikkeling en invloed van die Liberalisme in die onderwys in Kaapland gedurende die 19de eeu.
4. Die invloed van die Britse onderwysbeginsels op die Kaapse onderwys gedurende die 19de eeu.
5. Die taalvraagstuk in die Kaapprovinsie gedurende die 19de eeu met spesiale verwysing na die onderwys.
6. Die betekenis van hierdie tydperk vir die 20ste-eeuse onderwys in die provinsie.

### II. Transvaal

1. Die ontwikkeling van blanke staatsonderwys gedurende die 19de eeu :
  - (a) Die pioniersjare, 1838-1858.
  - (b) Onderwys onder die Algemene Onderwyskommissie, 1859-1867.
  - (c) Onderwys onder die Uitvoerende Raad, 1868-1871.
  - (d) Die Burgerstydperk, 1872-1877.
  - (e) Die besettingstydperk, 1877-1881.
  - (f) Ds. S. J. du Toit as Superintendent, 1882-1887.
  - (g) Onderwys onder H. Siemens, 1888-1891.
  - (h) Prof. N. Mansvelt as Superintendent, 1891-1899.
2. Die ontwikkeling van staats-en sendingonderwys aan nie-blankes gedurende die 19de eeu.
3. Die invloed van die Britse onderwysbeginsels op die Transvaalse onderwysstelsel gedurende die 19de eeu.
4. Die Uitlanders en die onderwys in Transvaal.
5. Teenkating van Hollandssprekende kant teen die Transvaalse onderwys en onderwysbeleid.
6. Die betekenis van hierdie tydperk vir die 20ste-eeuse onderwys in die provinsie.

### III. Die Oranje-Vrystaat

1. Die ontwikkeling van blanke staatsonderwys gedurende die 19de eeu :
  - (a) Onderwys gedurende die Soewereiniteitsperiode, 1848-1853.
  - (b) Grondlegging van 'n Republikeinse onderwysstelsel, 1854-1872.
  - (c) Die onderwys op 'n hegte grondslag geplaas deur onderwyswette nr. 5 van 1872 en nr. 1 van 1874.
  - (d) Die Brebneronderwysstelsel, 1874-1899 :
    - (i) Daarstelling van 'n Onderwysdepartement.
    - (ii) Grondslae en probleme van die Brebnerstelsel.
    - (iii) Konsolidering en ontplooiing van die stelsel.
    - (iv) Onderwyspraktyk in Bloemfontein en die platteland.
    - (v) Dr. Johannes Brill en die Greykollege.
    - (vi) Die Damesinstituut Eunice.

2. Die ontwikkeling van sending-en staatsonderwys aan nie-blankes gedurende die 19de eeu.
3. Die taal-en taalmediumvraagstuk gedurende die 19de eeu.
4. Betekenis van hierdie tydperk vir die onderwys in die Vrystaat gedurende die 20ste eeu.

#### IV.—Natal

1. Die ontwikkeling van blanke staatsonderwys gedurende die 19de eeu :
  - (a) Onderwys gedurende die Voortrekkerperiode, 1835-1838.
  - (b) Die republiek Natalia en die onderwys, 1839-1845.
  - (c) Eerste jare onder die Engelse bewind, 1846-1858.
  - (d) Onderwys onder Superintendente dr. R. J. Mann (1859-1870) en T. W. Brooks (1870-1877).
  - (e) Onderwys op 'n hegte grondslag geplaas deur onderwyswette nrs. 15 en 16 van 1877.
  - (f) Snelle ontwikkeling onder R. Russel :
    - (i) Vanaf 1878-1894 as Superintendent—Inspekteur in samewerking met die Raad van Onderwys.
    - (ii) Vanaf 1894-1900 as Superintendent van Onderwys in samewerking met die eerste Onderwysdepartement.
2. Die ontwikkeling van sending-en staatsonderwys aan nie-blankes gedurende die 19de eeu.
3. Die taal-en taalmediumvraagstuk gedurende die 19de eeu.
4. Die betekenis van hierdie tydperk vir die onderwys in Natal gedurende die 20ste eeu



#### Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.)

University of Port Harcourt  
(Benin, Nigeria)  
Together in Excellence

- I.— Die Griekse opvoedingsideaal en onderwysstelsel in sy ewolusie van Homerus tot Aristoteles—die Spartaanse en Atheense opvoeding en onderwys—die Sofiste—Sokrates, Plato, Aristoteles.
2. 'n Algemene oorsig van die geskiedenis van die Romeinse opvoeding—Séneca, Cicero, Quintilianus.
3. 'n Algemene oorsig van die ontwikkeling van die opvoeding in die Middeleeue—Kerk- en Kloosterskole, Karel die Grote, die Stadskole, Ridderskole, die Universiteite.
4. Die Renaissance en die Humanisme—Vittorino da Feltre en ander Humanistiese onderwysers.
5. Die Hervorming en sy Betekenis vir die Volksopvoeding. Katolieke reaksies.
6. Die Realisme—Rabelais, Montaigne, Comenius, Ratke.
7. Die Dissiplinêre Rigting in die Opvoeding—John Locke.
- II.—8. Die Naturalisme, Jean Jacques Rousseau, Basedow en die Filantropiniste.
  9. Die Psigologiese Beweging. Pestalozzi, Herbart, Froebel.
  10. Die Natuurwetenskaplike Beweging. Herbert Spencer.
  11. Die Sosiologiese Rigting, Dewey, Kerschensteiner.
- III.—12. Algemene oorsig van Europese en Bantoe-onderwys in Suid-Afrika.

DEPARTEMENT VAN DIDAKTIEK EN ADMINISTRASIE

Baccalaureuseksamen (B.Ed.)

(Twee vraestelle)

A. *Didaktiek.*

1. (a) Die didaktiek as deeldisipliene van die opvoedkunde.  
(b) Onderskeid tussen algemene en besondere didaktiek.
2. (a) 'n Ontleding van die didaktiese situasie as :
  - (i) Onderwyssituasie.
  - (ii) Leersituasie- Die leerproses.
  - (iii) Gepreformeerde pedagogiese veld.(a) Die pedagogiese as moontlikheid in die didaktiese situasie. Die vraagstuk van die vormende waarde.  
(b) Die komponente van die didaktiese situasie as pedagogiese moontlikheid :
  - (i) Die onderwyser as opvoeder.
  - (ii) Die lerende kind as opvoeding met inagneming van die beginsels van die ontwikkelingspsigologie.
  - (iii) Die leerstof as kultuurbesit verteenwoordigend van die gehuldigde waarderingordening.
3. Taal as medium en die gebruik van hulpmiddels as onderwys- en leermiddels.
4. Opvoedkundige beginsels en hulle toepassing in die onderwys : Die totaliteits-, individualiteits-, sosialiteits-, aktiwiteits-, aanskouings-, ontwikkelings-, outoriteits- en vryheidsbeginsel.
5. Die „Nuwe Onderwysbeweging.“ Meer in besonderhede as vir U.O.D.
  - (a) Die ontstaan en kenmerke daarvan.
  - (b) Die beginsels van die „Nuwe Metodiek.“
  - (c) Moderne onderwyssisteme :
    - (i) Die Montessori-stelsel.
    - (ii) Die Dalton-plan.
    - (iii) Die Projek-metode.
    - (iv) Die Jena-plan.
    - (v) Die Decroly-skool.
  - (d) Proefneming daarmee en hulle invloed in Suid-Afrika.
  - (e) Toepassingsmoontlikhede in die tradisionele Suid-Afrikaanse skool.
6. (a) Die didaktiese implikasies van die moderne Duitse denksigologie. Verwys ook na ondersoek in Suid-Afrika.  
(b) Die pedagogiese implikasies van verintellectualisering van die onderwys.  
(c) Gevoelsopvoeding op skool.
7. Resente beskouinge oor didaktiese aangeleenthede.
  - (a) In Amerika.
  - (b) In Engeland.
  - (c) Op die Vasteland van Europa (veral die Nederlande en Duitsland).
  - (d) In Rusland.
  - (e) In Suid-Afrika.
8. Die vraagstuk van eksaminering : druiwing en bevordering (skool en universiteit).
9. Inleiding tot en die terrein van die ortodidaktiek.

*N.B.*—Waar 'n mate van oorvleueling met die werk vir die U.O.D kursus voorkom, word vir die B.Ed. -graad 'n intensiewer wetenskaplike studie verwag.

B. *Onderwysadministrasie.*

Onderstaande aspekte behandel op die grondslag van die vergelykende opvoedkunde

1. Die vergelykende opvoedkunde—geskiedenis, terminologie, doel, omvang, metodes, waarde, instellinge.

2. Die samehang van kultuur- en waardesisteme en opvoedingsisteme.
3. Die onderwysstelsels van die Republiek en sekere ander lande (laer, middelbare, hoër, tegniese en beroepsonderwys).
4. Administrasie : Onderwysbeleid en -beheer, veral in Suid-Afrika.
5. Differensiasie in die onderwys.
6. Onderwysersopleiding.

### Universiteitsonderwys Diploma (U.O.D.)

(Een vraestel)

#### I. *Didaktiek.*

1. Die plek en aandeel van die didaktiek in die geheelstruktuur van die studie van die Opvoedkunde.
2. (a) Begripsverklaring.
  - (b) Die verband tussen onderwys en opvoeding.
  - (c) Leerling, leermeester en leerstof as die komponente van die onderwys-situasie.
3. (a) Algemene didaktiese beginsels en die toepassing daarvan in onderwys-situasies.
  - (b) (i) Waarom 'n verskeidenheid van onderwysmetodes ?
  - (ii) Faktore wat die keuse van metodes beïnvloed.
  - (c) Algemene onderwysmetodes en -middele :
    - (i) Taal as onderwys- en opvoedingsmedium.
    - (ii) Hulpmiddels as onderwys- en as leermiddels.
    - (iii) Deduktiewe en induktiewe, analitiese en sintetiese denkvorme.
    - (iv) Mondelinge mededeling in die onderwys.
    - (v) Die gebruik van leesstof. Die voorgeskrewe handleiding en die gebruik van die bibliotek.
    - (vi) Die probleemstellingsmetode.
    - (vii) Die aktiwiteitsmetode.
    - (viii) Klasbesprekings.
    - (ix) Studieprosedures. Die betekenis van die leergesprek.
    - (x) Skooltug.
    - (xi) Eksamens en toetse.
    - (xii) Promosie.
  - (d) Lestipes :
    - (i) Informasieles : Verwysing na informasiebronne en die invloed daarvan van op die keuse van die lesmetode.
    - (ii) Hersieningsles. Beklemtoning van die totaliteitsiening.
    - (iii) Drillles. Onderskeid tussen dressuur, gewoonte en onderwys.
    - (iv) Waarderingsles. Die ontwikkeling van die estetiese en die etiese sin.
4. Onderwysvernuwing :
  - (a) Die algemene beginsels van die „ Nuwe Onderwysbeweging.”
  - (b) Onderwysstelsels van die progressivistiese rigting :
    - (i) Die Montessori-stelsel.
    - (ii) Die Dalton-plan.
    - (iii) Die Projek-metode.
    - (iv) Die Decroly-skool.
    - (v) Die Jena-plan.
    - (vi) Die Winnetka-tegniek.
  - (c) Invloed van die Duitse denksigologie op didaktiese aangeleenthede.
  - (d) Resente ondersoeke en benaderings op die terrein van die didaktiek.

*L.W.*—In hierdie kursus sal veral gepoog word om die toepassingsmoontlikhede van die beginsels en die metodes in die tradisionele Suid-Afrikaanse skole te ondersoek.

## II. Administrasie.

1. Sentrale en Provinsiale Onderwysstelsels : samestelling, wette, ordonnansies, funksies, regulasies.
2. Die skool as opvoedingsinstelling.
3. Die onderwyspersoneel—voorsiening, opleiding en diensvoorwaardes van onderwysers, professionele gedrag.
4. Die inspeksiestelsel.
5. Die leerlinge-toelating, verpligte en vry onderwys, skorsing en uitsetting, klassifikasie, eksamens, toetsing, bevordering, vertraging, versnelling, druiping.
6. Geriewe, geboue, meubels, toerusting, skoolfondse.
7. Leergange en leerplanne, roosters, state, skoolrapporte, verslagkaarte, registers, werkskemas, huiswerk.
8. Die skoolkanender, die skoolwerk, skoolure, skoolfunksies.
9. Die voertaal.
10. Buiteskoolse aktiwiteite.

### Metodiek van Onderwysvakke

(Twee Vraestelle)

Vir alle vakke die volgende onderwerpe :—

1. Die geskiedenis van die onderwys van die vak.
2. Die doel van die onderwys van die vak.
3. Die plek van die vak in die skoolleergang.
4. Die leerplan vir die onderwys van die vak.
5. Die metode(s) van die onderwys van die vak.
6. Die meting van kennis van die vak.
7. Die onderwyser van die vak.

University of Fort Hare  
Together in Excellence

## DEPARTEMENT VAN FILOSOFIE VAN OPVOEDING

### Baccalaureuseksamen (B.Ed.)

(Een Vraestel)

1. Die inhoud van die U.O.D.-leerplan is 'n voorvereiste.
2. Kosmologie en opvoeding.
3. Wysgerige antropologie en opvoeding.
4. Wysgerige aksiologie en opvoeding.
5. Opvoedkundige etiek.
6. Die Waarheidsprobleem en opvoeding.
7. Die probleem van verskeidenheid van standpunte en die probleem van die regverdiging van die partikuliere.
8. Teïsties-, idealisties-, en scientisties-georiënteerde sisteme in die filosofie van die opvoeding as 'n sisteem met tipiese verteenwoordigers van elk.
9. Die probleem van wetenskaplike kritiek in die filosofie van die opvoeding.

### Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.)

(Een vraestel)

1. 'n Analise van die opvoedingsverskynsel.
2. Die opvoedkunde en die plek van die filosofie van die opvoeding daarin.
3. Wêreld- en lewensbeskouing en opvoeding. Die inhoud, die ontstaan en die kenmerke van 'n wêreld- en lewensbeskouing, die verskeidenheid van wêreld- en lewensbeskouing en die innige verwantskap daarvan met opvoedings-teorie, -inhoud, -metodiek, -midele en -organisasie.
4. Die noodsaaklikheid en die waarde van opvoeding.
5. Die wese en doel van opvoeding.
6. Die onderwyser as opvoeder.
7. Die probleem van vryheid en gesag in die opvoeding.
8. Die moontlikheid van opvoeding (die kind).
9. Die grense of beperkinge van opvoeding.

## FAKULTEIT VAN HANDEL EN ADMINISTRASIE

Reglemente :

### Grade in die Handel en Administrasie

Die doel van die studie is om 'n breë algemene opleiding in handel en administrasie te gee. Dit is veral van pas vir diegene wat 'n loopbaan in die handels- wêreld wil volg. 'n Lys van voorgeskrewe boeke sal van tyd tot tyd deur die dosente verskaf word.

*Regulasies vir grade in die Handel en Administrasie.*—Die Statutêre, Algemene en Gemeenskaplike Regulasies is ook van krag waar hulle van toepassing is.

F1. Die volgende grade en Diploma word in die Fakulteit uitgereik :—

I. In die Handel :—

Baccalaureus Commercii	..	..	..	B.Com.
Honneurs-Baccalaureus Commercii	..	..	..	Hons.-B Com.
Magister Commercii	..	..	..	M.Com.
Doctor Commercii	..	..	..	D.Com.

II. In die Administrasie :—

Baccalaureus Administrationis	..	..	..	B.Admin.
Honneurs-Baccalaureus Administrationis	..	..	..	Hons.-B Admin.
Magister Administrationis	..	..	..	M Admin.
Doctor Administrationis	..	..	..	D.Admin.

III Diploma in Handel en Administrasie .. .. Dip.Com.

### Die graad Baccalaureus Commercii

F2. Kandidate kan vir die graad Baccalaureus Commercii in die volgende vyf rigtings kwalifiseer : Algemeen, Rekenkundig, in die Regte, Statistiek en Administrasie. Die vakke moet gekies word soos hieronder aangedui :

University of Port Harcourt  
Algemene Rigting  
Together in Excellence

*Eerste jaar.*

1. Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I.
2. Bedryfsekonomie I.
3. Rekeningkunde I.
4. Wiskunde of Elementêre Teorie van Finansies en Statistiese Metodes A
5. Afrikaans-Nederlands I of Praktiese Afrikaans of Engels I.

*Tweede jaar.*

1. Ekonomie II.
2. Bedryfsekonomie II.
3. Rekeningkunde II.
4. Handelsreg IA en Handelsreg IB.
5. Een van die volgende : Geskiedenis I, Sosiologie I, Wiskunde I, Algemene Inleiding tot die Wysbegeerte, 'n goedgekeurde Bantoetaal, Inkomstebelasting I, Industriële sielkunde I.

*Derde jaar.*

1. Ekonomie III.
2. Bedryfsekonomie III.
- 3 en 4, TWEE van die volgende :—
  - (i) Rekeningkunde III.
  - (ii) Ouditkunde I.
  - (iii) Ekonomiese Geskiedenis II.
  - (iv) Handelsreg IIA, Handelsreg IIB, en Handelsreg IIC.

- (v) Bankbedryfsleer A en B.
- (vi) Vervoerwese.
- (vii) Inkomstebelasting I (indien nie in die tweede jaar geneem nie).
- (viii) Koöperasiewese.

### Rekeningkundige Rigting

#### Eerste jaar :

1. Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I.
2. Bedryfseconomie I.
3. Rekeningkunde I.
4. Statistiek I of Elementêre Teorie van Finansies en Statistiese Metodes A.
5. Afrikaans-Nederlands I. of Praktiese Afrikaans of Engels I

Studente word verwag om voldoende kennis van Matrikulasiewiskunde te besit vir Statistiek I.

#### Tweede jaar :

1. Ekonomie II.
2. Bedryfseconomie II.
3. Rekeningkunde II.
4. Handelsreg IA en Handelsreg IB.
5. Ouditkunde I.

#### Derde jaar :

1. Ekonomie III.
2. Bedryfseconomie III.
3. Rekeningkunde III.
4. Een van die volgende :
  - (i) Ouditkunde II.
  - (ii) Handelsreg IIA., Handelsreg IIB, Handelsreg IIC.
  - (iii) Kosteberekening.
  - (iv) Inkomstebelasting I.
  - (v) Rekeninge van Eksekuteurs, Likwidateurs en Kurators.
  - (vi) Koöperasiewese.



University of Fort Hare  
Together in Excellence

### Regsrigting

#### Eerste jaar.

1. Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I.
2. Bedryfseconomie I.
3. Rekeningkunde I.
4. Privaatreg I.
5. Een van die volgende tale : Afrikaans-Nederlands I, Engels I, Latyn I. of Praktiese Afrikaans.

#### Tweede jaar.

1. Ekonomie II.
2. Bedryfseconomie II.
3. Rekeningkunde II.
4. Privaatreg II.
5. Een van die volgende tale wat nie in die eerste jaar geneem is nie : Engels I, Latyn I, Afrikaans-Nederlands I, of Praktiese Afrikaans.

#### Derde jaar.

1. Ekonomie III.
2. Bedryfseconomie III.
3. Romeinse Reg. I.
4. Privaatreg III.

## Statistiese Rigting

### Eerste jaar :

- (i) Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I.
  - (ii) Bedryfsekonomie I
  - (iii) Rekeningkunde I
  - (iv) Statistiek I
  - (v) Afrikaans-Nederlands I of Praktiese Afrikaans of Engels I
- L.W.—Studente wat Statistiek I neem, moet voldoende kennis besit van Matrikulasiewiskunde.

### Tweede jaar :

- (i) Ekonomie II
- (ii) Bedryfsekonomie II
- (iii) Statistiek II
- (iv) Handelsreg IA en Handelsreg IB
- (v) Rekeningkunde II

### Derde jaar :

- (i) Ekonomie III
- (ii) Bedryfsekonomie III
- (iii) Statistiek III
- (iv) Een van die volgende :
  - (a) Rekeningkunde III
  - (b) Ouditkunde I
  - (c) Handelsreg IIA, Handelsreg IIB en Handelsreg IIC
  - (d) Versekeringwiskunde
  - (e) Kosteberekening



Administratiewe rigting  
University of Fort Hare  
Together in Excellence

### Eerste jaar :

- (i) Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I
- (ii) Bedryfsekonomie I
- (iii) Industriële Sielkunde I
- (iv) Statistiese Metodes A en Statistiese Metodes B
- (v) Afrikaans-Nederlands I of Praktiese Afrikaans of Engels I of Praktiese Engels

### Tweede jaar :

- (i) Ekonomie II
- (ii) Bedryfsekonomie II
- (iii) Handelsreg IA en Industriële Reg
- (iv) Industriële Sielkunde II
- (v) Rekeningkunde I

### Derde jaar.

- (i) Ekonomie III
- (ii) Bedryfsekonomie III
- (iii) Industriële Sielkunde III
- (iv) Een van die volgende :
  - (a) Naturelle-administrasie I.
  - (b) Ekonomiese Geskiedenis II
  - (c) Rekeningkunde II
  - (d) Vervoerwese
  - (e) 'n Goedgekeurde Bantoetaal
  - (f) Koöperasiewese

### Beperkinge op kursusse

F3. 'n Student neem nie—

- (a) Handelsreg IIA voordat hy Handelsreg IA voltooi het, of Handelsreg IIC voordat hy Handelsreg IB voltooi het nie ;
- (b) Rekeninge van Eksekuteurs, Likwidadeurs en Kurators voordat hy Rekeningkunde I voltooi het nie ; Kosteberekening voordat hy Rekeningkunde II voltooi het nie.
- (c) Ouditkunde I en Inkomstebelasting I tensy hy Rekeningkunde II voltooi het of gelyktydig neem nie ;
- (d) Ouditkunde II tensy hy Rekeningkunde III voltooi het of gelyktydig neem nie ;
- (e) Versekeringswiskunde tensy hy Wiskunde I of Statistiek I voltooi het nie ;
- (f) Statistiese Metodes B tensy hy Statistiese Metodes A voltooi het of gelyktydig neem nie ;
- (g) Industriële Sielkunde III tensy hy Statistiese Metodes A en B voltooi het nie.
- (h) Rekeninge van Eksekuteurs, Likwidadeurs en Kurators tensy hy Handelsreg IIB voltooi het of gelyktydig neem nie.

### Aantal kursusse per jaar

F4. (1) 'n Student neem nie meer as vyf kursusse in 'n jaar nie, behalwe dat hy hierbenewens hoogstens een bykomende kursus nie vir die graad nie mag neem.

(2) Twee van die halwe kursusse Elementêre Teorie van Finansies, Statistiese Metodes A en Statistiese Metodes B word vir hierdie doel gesamentlik as een kursus beskou ; insgelyks word die deeltkursusse Handelsreg IA en IB gesamentlik as een kursus beskou en die deeltkursusse Handelsreg IIA, IIB en IIC gesamentlik as een.

### Kursusse van 'n vorige jaar

F5. Tensy die Senaat toestem, neem 'n student nie 'n kursus van die tweede jaar nie tensy hy ook die onvoltooide kursusse van die eerste jaar neem ; en nie 'n kursus van die derde jaar nie tensy hy ook die onvoltooide kursusse van die eerste en die tweede jaar neem behalwe die wat Reël G20 hom verbied om te neem.

### Vernaamste vakke

F6. Die volgende vakke is vernaamste vakke :

Bedryfsekonomie	Privaatreg
Ekonomie	Rekeningkunde
Ouditkunde	Statistiek
	Industriële Sielkunde

### Slaag met lof

F7. 'n Student slaag met lof in 'n vernaamste vak indien hy 'n onderskeidingspunt in die eindkursus behaal.

### Die Graad Baccalaureus Administrationis

#### Leergang.

F8. Die kursusse is soos volg :—

#### Eerste jaar.

- (i) Staatsleer I.
- (ii) Rekeningkunde I.
- (iii) Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I.
- (iv) Afrikaans-Nederlands I of Praktiese Afrikaans of Engels I.
- (v) Een van die volgende :—
  - (a) Privaatreg I.
  - (b) Statistiek I of twee van die afsonderlike gedeeltelike kursusse, Elementêre Teorie van Finansies, Statistiese Metodes A, Statistiese Metodes B.
  - (c) Naturelle-administrasie I.
  - (d) Industriële Sielkunde I.

Studente word verag om minstens 'n voldoende kennis van Matrikulasië-Wiskunde te besit vir Statistieke I.

*Tweede jaar.*

- (i) Staatsleer II.
- (ii) Staatsadministrasie I.
- (iii) Ekonomie II.
- (iv) en (v) Twee van die volgende :—
  - (a) Staatsreg I.
  - (b) Volkereg.
  - (c) Naturelle-administrasie II of indien nie reeds geneem nie, Kursus I.
  - (d) Rekeningkunde II.
  - (e) Statistiek I of twee afsonderlike gedeeltelike kursusse, Elementêre Teorie van Finansies, Statistiese Metodes A, Statistiese Metodes B (Indien nie reeds geneem nie.)
  - (f) Privaatreg II.
  - (t) Industriële Sielkunde II.

*Derde jaar.*

- (i) Staatsleer III of Privaatreg III.
- (ii) Staatsadministrasie II.
- (iii) Ekonomie III of Munisipale en Landelike Administrasie en 'n gedeeltelike kursus : Owerheidsfinansies.
- (iv) Een van die volgende :
  - (a) Kosteberekening.
  - (b) Naturelle-administrasie III of II (indien nie in die tweede jaar geneem nie).
  - (c) Uitleg van Wette en Administratiefreg.
  - (d) Industriële Sielkunde III.
  - (e) Vervoerwese.

*Beperkings op kursusse.*

- F9. 'n Student neem nie—
- (a) Kosteberekening voordat hy Rekeningkunde II voltooi het nie ;
  - (b) Statistiese Metodes B tensy hy Statistiese Metodes A voltooi het of gelyktydig neem nie ;
  - (c) Uitleg van Wette en Administratiefreg tensy hy Staatsreg I voltooi het nie ;
  - (d) Industriële Sielkunde III tensy hy Statistiese Metodes A en Statistiese Metodes B onder groep (iv) in die eerste jaar voltooi het nie ; in hierdie geval word die taalkursus as verpligte kursus onder groep (iv) in dié tweede jaar geneem ;
  - (e) Staatsadministrasie I tensy hy Staatsleer II voltooi het of gelyktydig neem nie ;
  - (f) Staatsadministrasie II voordat hy Staatsleer II voltooi het nie ;
  - (g) Munisipale en Landelike Administrasie II voltooi het of gelyktydig neem nie.

*Aantal kursusse per jaar.*

F10. Die bepalinge van F4 geld ook hier.

*Kursusse van 'n vorige jaar.*

F11. Die bepalinge van F5 geld ook hier.

*Vernaamste vakke.*

F12. Die volgende vakke is vernaamste vakke :—

Ekonomie.	Rekeningkunde.
Industriële sielkunde.	Staatsadministrasie.
Naturelle-administrasie.	Staatsleer.

*Slaag met lof.*

F13. 'n Student slaag met lof in 'n vernaamste vak indien hy 'n onderskeidingspunt in die einkursus behaal.

## Die Graad Honneurs-Baccalaureus Commerci.

### Departemente

- F14. Die graad word in die volgende departemente toegeken :
- |                       |               |
|-----------------------|---------------|
| Bedryfseconomie       | Ouditkunde    |
| Ekonomie              | Rekeningkunde |
| Industriële sielkunde | Statistiek    |

### Toelating en eksamen

F15. Behoudens toelatings- en eksamenvereistes wat in die leerplanne aangegee word, neem 'n student nie die graad—

- (a) in die Bedryfseconomie op grond van Bedryfsleer II onder die ou regulasies nie, tensy hy Industriële Organisasie en Bestuur I of Bedryfseconomie I voltooi het ; of
- (b) in die Ouditkunde nie, tensy hy Rekeningkunde III en Ouditkunde II voltooi het

### Slaag en slaag met lof

F16. (1) Om te slaag moet 'n kandidaat die slaagsyfer in die eksamen as geheel behaal, met 'n minimum van 40 persent in elke vraestel.

(2) Om die graad met lof te verwerf, moet 'n kandidaat in die totaal 'n onderskeidingspunt behaal.

## Die Graad Honneurs-Baccalaureus Administrationis

### Departemente

- F17. Die graad word in die volgende departemente toegeken :
- |                         |                       |
|-------------------------|-----------------------|
| Ekonomie                | Staatsadministrasie   |
| Naturelle-administrasie | Staatsleer            |
|                         | Industriële sielkunde |

### Toelating tot studie en eksamen

F18. Behoudens toelatings- en eksamenvereistes wat in die leerplanne aangegee word, moet 'n student, ten einde die graad in die Naturelle-administrasie te kan neem, die volgende kursusse voltooi het :

- (i) Volkekunde II ;
- (ii) 'n graadkursus in 'n goedgekeurde Bantoetaal ; en
- (iii) 'n graadkursus in Naturellereg ;

Met dien verstande dat 'n student hoogstens een van hierdie kursusse gelyktyding met die eksamen kan aflê.

### Slaag en slaag met lof

F19. Die bepalinge van F16 geld ook hier.

## Die grade Magister Commerci en Magister Administrationis

F20. Vir besonderhede insake hierdie regulasies word kandidate verwys na die hoof van die betrokke departement.

## Die grade Doctor Commerci en Doctor Administrationis

F21. Sien regulasie F20.

## Diploma in Handel en Administrasie

Die doel van die Diploma in Handel en Administrasie is om studente in die basiese beginsels van die handelslewe op te lei.

F22. 1. Die vereiste vir toelating tot die Diploma is minstens 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykstaande kwalifikasie, maar vrystelling van Matrikulasie word nie vereis nie.

2. Die duur van die diploma kursus is twee jaar en die volgende vakke word aangebied :—

- Boekhou.
- Ekonomie.
- Handel.
- Handelsrekenkunde.
- Handelsreg.

3. Die leergang van elke vak word in Deel A en B verdeel en die A-kursus moet voltooi wees alvorens met die B-kursus 'n aanvang gemaak kan word.

4. Aan die end van elke jaar word daar 'n kollege-eksamen in elke kursus van die diploma afgeneem.

5. 'n Kandidaat wat aan die end van sy eerste studiejaar by die Kollege-eksamen in regulasie 4 vermeld, nie in minstens drie kursusse geslaag het nie (die taal uitgesonderd) moet die hele leergang herhaal.

6. Die maksimum getal kursusse wat in enige kalenderjaar vir die Diploma in Handel en Administrasie aangebied kan word, is ses, ingeslote hoogstens een kursus vir "nie-diploma" -doeleindes.

7. Behalwe met die spesiale toestemming van die Senaat moet kandidate wat hulle vir die B-kursusse aanbied, ook die onvoltooide A-kursusse tegelykertyd aanbied.

8. Jaarsyfer :—

'n Student moet 40% vir sy jaarsyfer behaal om tot enige eksamen toegelaat te word.

9. Eindeksamen :

(a) Die minimum -vereiste om in die eksamen te slaag is 50%.

(b) By die toekenning van die finale syfer word daar gelyke waarde geheg aan die jaarpunt en die eksamenpunt, met dien verstande dat die eksamensyfer 40% of meer is.

(c) Om met lof te slaag moet 'n kandidaat 'n finale syfer van minstens 75% behaal.

(d) Onderhewig aan die goedkeuring van die betrokke departementshoof mag 'n hereksamen in 'n kursus toegestaan word met dien verstande dat die finale syfer nie minder as 45% is nie.

**DIE FAKULTEIT VAN HANDEL EN ADMINISTRASIE.  
LEERPLANNE.**

**DEPARTEMENT VAN REKENINGKUNDE EN OUDITKUNDE.**

**Rekeningkunde.**

**Kursus I**

(Een en 'n halwe vraestel)

*Vraestel 1* (3 uur). Inskrywing van transaksies in boeke van eerste inskrywing, oorboeking na grootboek en opstel van finale rekeninge en balansstaat, insluitende ontvangste en betalingsrekeninge en inkomste en uitgawerekeninge. Enkelinskrywing.

Op sig verkope. Departementele rekeninge. Besendings en gesamentlike ondernemings. Lopende rekeninge en gemiddelde vervaldag.

Elementêre vennootskapsrekeninge uitsluitende toelating en ontbinding.

Elementêre interpretasie van finale rekeninge en balansstate.

*Vraestel 2* (1½ uur).

Doelstellings en basiese beginsels van rekeningkunde.

Bronne van informasie en die aard van dokumente waarvandaan die rekeningboeke opgeskryf word.

Die beginsel van interne kontrole, bewyslewering, bevestiging en verifikasie.

**Kursus II**

(Twee vraestelle van drie uur elk)

Hersiening en uitbouing van die werk van die eerste jaar

Inleiding tot maatskappyrekeninge, delgingsfondse, huurtolle, takrekeninge (behalwe buitelandse takke), boerdery-boekhouding; vervaardigers- en kontrakteursrekenings

**Kursus III**

(Twee vraestelle van drie uur elk)

Hersiening van, en uitbreiding op die werk van die eerste en tweede jaar.

Gevorderde aspekte van vennootskapsrekeninge, maatskappyrekeninge en die ontleding van finansiële state.

Omskepping van vennootskappe in beperkte maatskappye; maatskappyrekonstruksies.

Amalgamasies en konsolidasies.

Spesiale rekeninge met betrekking tot sake soos: beleggings, buitelandse takke, huurkoop, inhouers, dorpsgebiedeienaars, assuransie-eise.

Moderne ontwikkelings op die gebied van rekeningkunde.

**Rekeninge van eksekuteurs, Likwidateurs en kurators.**

Opstel van likwidasie- en distribusierekeninge in gestorwe boedels, behandeling van vruggebruike, fideikommissêre bemakings en rekeninge in die algemeen in boedels met of sonder testamente en die Boedelbelastingaddendum.

Opstel van vermoënstaat, likwidasie- en distribusie- of kontribusierekeninge in oorgemaakte of gesekwestreerde boedels en likwidasie van maatskappye. Rekeninge wat as gevolg van 'n akte van kompromis ontstaan. Die opskraywe van trustboeke en rekeninge.

Van studente sal nie verwag word om die tariewe t.o.v. meestersgelde, taksasiegelde, eksekuteurs- en likwidateurs- loon, ens., of the skale waarop boedelbelasting bereken moet word, vir die eksamen te memoriseer nie.

## Ouditkunde.

### Kursus I

(Een vraestel)

Die beginsels en prosedures waarvolgens 'n audit uitgevoer word ; beklemtoning van interne kontrole en die bepaling van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs.

Die audit van gewone handelondernemings, insluitende eenmansake, vennootskappe en beperkte maatskappye (vir sover Dele I en IV van die Agste Bylae van toepassing is).

Die audit van klubs, verenigings, ens.

Elementêre ondersoeke en algemene raadgewing aan bestuur, ens.

### Kursus II

(Twee vraestelle)

Hersiening van en uitbreiding op die werk van die eerste kursus, in besonder wat betref die auditverslag.

Magte, pligte en aanspreeklikhede van ouditeurs.

Die audit van alle aangeleenthede met betrekking tot vennootskappe en beperkte maatskappye.

Spesifieke pligte van ouditeurs met betrekking tot besondere ondernemings.

Openbare rekenmeesterskap.

Ondersoeke, in besonder die waardering van klandisiewaarde en eienaarsbelange.

Moderne ontwikkelings.

### Kursus III

(Twee vraestelle)

Gevorderde toepassings van beginsels en metodes in voorafgaande kursusse in Ouditkunde, Kosteberekening, Inkomstebelasting, Maatskappyreg, Boedelberedding en Kuratorswerk behandel.

## INKOMSTEBELASTING

University of Port Hare

*L.W.*—Van kandidate sal verwag word dat hulle die jongste wysigings en die regulasies uitgereik ingevolge die wet moet ken, maar vrae sal slegs gestel word oor wetgewing wat voor 31 Mei van die jaar van die eksamen van krag word.

### Kursus I

(Een vraestel, drie uur.)

Die beginsels en toepassing van die belasting van die inkomste van individuele persone of verenigings van persone en of gewone handels- en industriële maatskappye in die Republiek van Suid-Afrika ingevolge die bepaling van die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962 soos gewysig.

### Kursus II

(Twee vraestelle, drie uur elk.)

Hersiening van die werk van Inkomstebelasting I. Beginsels en ontwikkeling van belasting in die algemeen en die ontwikkeling van inkomstebelasting in die Republiek van Suid-Afrika in die besonder. Die spesifieke bepaling van verskillende belastingentiteite ingevolge die Inkomstebelastingwet ; hofbeslissings met betrekking tot die toepassing van beginsels van die Wet ; en administratiewe aangeleenthede in verband met die toepassing van die Wet en wedersydse ooreenkomste vir die vermyding van dubbelbelasting.

### Boekhou

(Diploma in Handel en Administrasie)

1. Algemene teorie van boekhou, die grootboekrekenings as die basis vir die studie van dubbelinskrywing. 2. Die gebruik van hulpboeke, maak van inskrywings, afsluiting en oorboeking. 3. Die proefbalans en die opstel van die finale rekenings en balansstate. 4. Bankrekonsiliasiestate. 5. Verbetering van foute en aansuiwerings. 6. Wisseltransaksies. 7. Behandeling van besendings. 8. Gesamentlike ondernemings. 9. Debi-

teurgrootboek, kreditsgrootboek en kontrolerekenings. 10. Departementele rekenings. 11. Finale rekenings en balansstate. 12. Staat van ontvangste- en uitbetalings, en balansstate van verenigings. 13. Vennootskappe. 14. Maatskappyrekenings : uitreiking van aandele en obligasies, finale rekenings en balansstate.

### Handelsrekenkunde.

(Diploma in Handel en Administrasie)

Faktore en breuke van geld. Die metrieke stelsel. Verhouding en eweredigheid. Persentasies. Belastings en bankrotskappe. Gemiddeldes. Wins en verlies. Enkelvoudige rente. Diskonto op wissels. Renteberekening dag vir dag ; gemiddelde vervalldag. Vennootskap. Effekte en aandele. Muntstelsels en buitelandse wisselkoerse ; die ketting-reël. Vierkantwortel. Samegestelde rente. Logaritmes. Gebruik van logaritmes vir rekenkundige berekeninge. Rekenkundige reekse. Meetkundige reekse.. Jaargelde. Waardevermindering. Grafieke.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*

## REKENINGKUNDE

*Honneurs-Baccalaureuseksamen (Hons.-B.Com.)*

Die eksamen bestaan uit vyf vraestelle :

**Vraestel 1**

Geskiedenis en teorie van die rekeningkunde.

**Vraestel 2**

Die betekenis, ontleding, vertolking en ontwerp van finansiële state.

**Vraestel 3**

Finansiële beplanning en beheer.

**Vraestel 4 en 5**

cf

Maatskappyrekeningkunde en één van die volgende :

- (i) Gevorderde interne bestuursvraagstukke of gevorderde finansiële bestuursvraagstukke.
- (ii) Interne kontrole en interne ouditkunde.
- (iii) Metodes en praktyke van openbare rekenmeesterskap.
- (iv) 'n Opstel oor 'n onderwerp wat deur die hoof van die departement goedgekeur moet word.

òf

Gevorderde kosterekeningkunde en één van die volgende :

- (i) Gevorderde interne bestuursvraagstukke.
- (ii) Interne kontrole en interne ouditkunde.
- (iii) 'n Opstel oor 'n onderwerp wat deur die hoof van die departement goedgekeur moet word.

**Opmerkings :**

- (a) 1. Die opstel word vir alle doeleindes as gelykwaardig aan 'n eksamenvraestel geag.
2. Die gekose onderwerp vir die opstel moet nie later as 31 Maart van die jaar waarin die kandidaat eksamen wil doen nie, tesame met 'n skema van wat die ondersoek behels, vir goedkeuring voorgelê word, en die opstel self moet nie later as 31 Augustus van die voorgename eksamenjaar ingedien word nie.
3. Uit die opstel moet duidelik blyk dat die kandidaat vertrou is met sowel die jongste literatuur as die praktyk met betrekking tot die goedgekeurde onderwerp.
4. Die opstel moet uit minstens 6,000 en hoogstens 10,000 woorde bestaan.
- (b) 'n Kandidaat kan die vraestel onder A hieronder aangetoon slegs neem, indien hy in die kursus van die B.Com.-leergang wat onder B aangegee word, geslaag het.

A	B
Gevorderde kosterekeningkunde.	Kosteberekening.
Metodes en praktyke van openbare rekenmeesterskap	Ouditkunde II.
Interne kontrole en interne ouditkunde.	Ouditkunde I.

- (c) Besonderhede van die omvang van die verskillende vraestelle sowel as die bibliografie kan op aanvraag van die Universiteit verkry word.

*L.W.*—Kragtens regulasies is Rekeningkunde III 'n voorvereiste vir die graad Hons.-B.Com.-Rekeningkunde.

*Magisterseksamen (M.Com.)*

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling wat blyke gee van oorspronklike ondersoek deur die kandidaat, die onderwerp waarvan minstens ses maande voor sy indiening deur die Senaat goedgekeur moet word. Kandidate moet 'n beknopte oorsig aanbied wat die inhoud van die onderwerp omskryf.

## OUDITKUNDE

### Honneurs-Baccalaureuseksamens (Hons.-B.Com.)

Die eksamen bestaan uit :

**Vraestel 1**

Interne kontrole en interne ouditkunde.

**Vraestel 2**

Geskiedenis en teorie van ouditkunde en openbare rekenmeesterskap.

**Vraestel 3**

Magte, pligte en aanspreeklikhede van ouditeurs (insluitende hofbeslissings).

**Vraestel 4**

Metodes en praktyke van openbare rekenmeesterskap.

**Vraestel 5**

- òf
- (a) 'n Opstel oor 'n onderwerp wat deur die hoof van die departement goedgekeur moet word.
- òf
- (b) Een onderwerp uit die volgende lys van die graad Hons.-B.Com.-Rekeningkunde :—
- (i) Die betekenis, ontleding, vertolking en ontwerp van finansiële state.
  - (ii) Maatskappyrekeningkunde.
  - (iii) Gevorderde kosteberekening.

**Opmerkings :**

- (a) (i) Die opstel word vir alle doeleindes gelykwaardig aan 'n eksamenvraestel geag.
- (ii) Die gekose onderwerp vir die opstel moet nie later as 31 Maart van die jaar waarin die kandidaat wil eksamen doen nie, tesame met 'n skema van wat die ondersoek behels, vir goedkeuring voorgelê word, en die opstel self moet nie later as 31 Augustus van die voorgename eksamenjaar ingedien word nie.
- (iii) Uit die opstel moet duidelik blyk dat die kandidaat vertrou is met sowel die jongste literatuur as die praktyk met betrekking tot die goedgekeurde onderwerp.
- (iv) Die opstel moet uit minstens 6,000 en hoogstens 10,000 woorde bestaan.
- (b) Besonderhede van die omvang van die verskillende vraestelle sowel as die bibliografie kan op aanvraag van die Universiteit verkry word.

### Magisterekamens (M.Com.)

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling uit die gebiedsveld van die ouditkunde wat blyke gee van oorspronklike ondersoek deur die kandidaat ; die onderwerp hiervan moet minstens ses maande voordat dit ingedien word deur die Senaat goedgekeur word. Kandidate moet 'n beknopte oorsig aanbied, wat die inhoud van die onderwerp omskryf.

# DEPARTEMENT VAN BEDRYFSEKONOMIE

## Bedryfsekonomie

### Kursus I

(Een vraestel)

1. *Inleiding.*
  - (a) Die taak, bestek en ontwikkeling van die bedryfsekonomie as wetenskap.
2. *Die ontwikkeling en huidige struktuur van die Suid-Afrikaanse bedryfslewe.*
3. *Die bedryf en die Staat.*
  - (a) Die algemene bevordering van die bedryfslewe deur die Staat.
  - (b) Die Staat as beskermmer van—
    - (i) arbeidsverhoudings ;
    - (ii) die publiek—verbruikers, beleggers, ens.
  - (c) Beplanning deur die Staat.
4. *Die oprigting van die onderneming.*
  - (a) Die organisatoriese aspek.
  - (b) Die tegniese aspek.
  - (c) Die finansiële aspek.
5. *Die bestuur van die onderneming.*
  - (a) Algemene beginsels.
  - (b) Personeelbestuur.
  - (c) Produksiebestuur.
  - (d) Finansiële bestuur.



(Twee vraestelle)

1. Die behoeftes, vraag en verbruik en die Suid-Afrikaanse mark in die besonder.
2. Die funksionele benadering van die *bemarkingsvraagstuk.*
3. Die institusionele benadering van die *bemarkingsvraagstuk.*
4. Die produkbenadering van die *bemarkingsvraagstuk.*
5. Die buitelandse *bemarking.*
6. Die beginsels van *bemarkingsbestuur.*

### Kursus III

(Drie vraestelle)

*Vraestel 1.*—Interne bestuursvraagstukke.

1. Algemene bestuur en besigheidsbeleid.
2. Produksiebestuur.
3. Bestuursrekeningkunde as bestuursinstrument.
4. Koördinasie en beleidsvorming—met toeligting deur middel van gevalle studies.

*Vraestel 2.*—Bemarkingsbestuur.

1. Die grondslae van die *bemarkingsbeleid.*
  - (a) Die interne en eksterne organisasie van die *bemarkingsafdeling.*
  - (b) Die voorbereiding van *bemarking.*
  - (c) *Bemarkingskoste.*
2. Die instrumente van die *bemarkingsbeleid.*
  - (a) *Produkontwerp en -ontwikkeling.*
  - (b) *Distribusiemetodes.*
  - (c) *Kredietbeleid.*
  - (d) *Prysbeleid.*
  - (e) *Advertensiewese.*
3. Die kombinasie van die *beleidsinstrumente*—met toeligting deur middel van *gevalle-studies.*

**Vraestel 3.—Bedryfsfinansies.**

1. Inleiding.
2. Die aanbod van fondse.
  - (a) Die vorme waarin kapitaal beskikbaar gemaak word.
  - (b) Die finansiële instellings.
3. Die vraag na en bepaling van fondse benodig.
  - (a) Die behoeftes van verskillende tipes private en publieke ondernemings.
  - (b) Die finansiële struktuur van die onderneming.
  - (c) Die ontleding van finansiële state en bestuur van inkomste.

**Koöperasiewese**

(Twee vraestelle)

1. *Betekenis en geskiedenis van die Koöperatiewe stelsel :*
  - (a) Historiese agtergrond wat aanleiding gegee het tot die Moderne Koöperatiewe beweging.
  - (b) Die ontwikkeling van die Koöperatiewe beweging in Brittanje.
  - (c) Die ontwikkeling van die Koöperatiewe beweging op die Vasteland.
2. *Die historiese agtergrond van die Koöperatiewe stelsel in die Republiek :*
  - (a) Die ontwikkeling van die Koöperatiewe landboueweging tot 1910.
  - (b) Die tydperk 1910-22.
  - (c) Die tydperk 1923-33.
  - (d) Die tydperk 1934-60.
  - (e) Die ontwikkeling van Verbruikerskoöperasies in die Republiek.
3. *Koöperatiewe Wetgewing in die Republiek* (Wet No. 29 van 1939 soos gewysig).
4. *Tipes van Koöperasies :*
  - (a) Verbruikerskoöperasies :
    - (i) Distribusieverenigings.
    - (ii) Diensverenigings.
  - (b) Bemarkingskoöperasies.
  - (c) Vervaardigingskoöperasies.
  - (d) Verskaffingskoöperasies.
5. *Suid-Afrikaanse Landboukoöperasies in die besonder :*
  - (a) Koöperatiewe Bemaking en Rasionalisasie van die Bemakingsproses deur Landboukoöperasies.
  - (b) Beheerde bemaking kragtens die Bemakingswet van 1937.
  - (c) Uitwerking van die toepassing van die Bemakingswet op die Landboukoöperatiewe beweging.
  - (d) Statistiese ontleding van Landboukoöperasies in die Republiek.
6. *Suid-Afrikaanse Verbruikerskoöperasies in die besonder :*
  - (a) Statistiese ontleding van Verbruikerskoöperasies in die Republiek.
  - (b) Probleme van Verbruikerskoöperasies.
7. *Koöperatiewe versekering :*
  - (a) Landboubedrywighe.
  - (b) Ander.
8. *Interne Bestuur en Organisasie.*
9. *Finansiering en Finansiële Bestuur :*
  - (a) Kapitaalstruktuur van Koöperasies.
  - (b) Kapitaalbehoefte en finansiering van koöperasies.
  - (c) Die gebruik van roterende kapitaalfondse.
  - (d) Finansiële rekeninge.
  - (e) Kredietbeheer.
  - (f) Finansiële state en ouditering daarvan.

10. *Belasting en belastingprobleme van koöperasies.*
11. *Koöperasies onder nie-Blankes in Suid-Afrika.*
12. *Internasionale vergelykings : Koöperasies in ander Westerse en Oosterse lande en die onderontwikkelde gebiede in die besonder.*

### **Kosteberekening**

1. Doelstellings, gebruike en beperkings van kosteberekening ; kostebegrippe ; en koste-indeling.
2. Beginsels en metodes van kostebepaling en kosteverhaling.
3. Metodes van kosteberekening en kosteboekhouding : taak- en proseskosteberekening ; absorpsie- en grenskosteberekening ; begrotingsbeheer en standaardkosteberekening ; eenvormigekosteberekening ; kosteboekhouding ; en kosteberekeningstelsels.
4. Kosteberekening as hulpmiddel by die bedryfsleiding.

### **Leerplan vir die graad Hons.-B.Com.**

#### **Bedryfsekonomie**

(Honneurs-Baccalaureuseksamen (Hons.-B.Com.))

Die eksamen bestaan uit :—

#### *Vraestel 1.*

*Gevorderde ekonomiese teorie.*

*Een van die volgende onderwerpe :*

1. Waardeleer, monopoliebeheer en verdelingsleer.
2. Inkometeorie en ekonomiese dinamika.
3. Gevorderde studie van Geld- en bankwese.
4. Internasionale ekonomiese betrekking.

#### *Vraestelle 2, 3 en 4 :*

Drie uit die volgende onderwerpe waarvan minstens een uit Groep A :

#### *Groep A*

1. Gevorderde interne bestuursvraagstukke.
2. Gevorderde finansiële bestuursvraagstukke.
3. Gevorderde bemarkingsvraagstukke.

#### *Groep B*

1. Marknavorsing.
2. Advertensiewese.
3. Vervoerwese.
4. (a) Koöperasiewese.  
(b) die bemarking van landbouprodukte.
5. Die struktuur van die Suid-Afrikaanse nywerhede en bemarkingsprobleme van spesifieke nywerhede.
6. Utiliteitsmaatskappye.
7. Finansiële beplanning en beheer of  
Die betekenis, ontleding, vertolking en ontwerp van finansiële state.

*L.W.—'n* Kandidaat sal nie toegelaat word om finansiële beplanning en kontrole te neem nie, tensy hy die Hoof van die Departement Rekeningkunde tevrede gestel het dat hy oor die nodige vakkennis beskik.

#### *Vraestel 5.*

Elke kandidaat moet 'n opstel oor 'n stuk veldwerk wat hy gedoen het met betrekking tot een of 'n paar goedgekeurde industriële, kommersiële of openbare onderneming(s), indien. Die opstel moet een of meer van die volgende aspekte behandel :

Die ligging en uitleg van die Fabriek.

Vervaardigingsprobleme (met besondere verwysing na standaardisering, gebruik van neweprodukte, berging en hantering van materiaal, kwaliteitskontrole, vervaardigingsbeplanning en--kontrole, ens.).

Werkstudie en werkwaardering.

Loonstelsels en vraagstukke in verband met die vergoeding van arbeid.

Finansiëringsvorme en finansiëringsbronne (sowel vir oprigtings- as uitbreidingsdoeleindes).

Interne kontrolestelsel (verslae, statistieke, begrotings en begrotingskontrole, ens.).

Kredietbeleid.

Kosteberekening en prysvasstelling.

Bemarkingsprobleme (markondersoek, bemarkingsbeleid, verkoopsbevordering, advertensies, ens.).

Die aankoop en kontrole van materiaal.


Personeelprobleme (werwing, keuring, opleiding, toesig, ens.).

Bestuursopleiding.

Organisasieprobleme van die onderneming in die algemeen en van die bestuur in die besonder.

Opstelle oor aspekte wat nie spesifiek hierbo genoem is nie, moet vooraf goedgekeur word. Die opstel neem die vorm van 'n gevallestudie. Dit moet bewys lewer dat die kandidaat in staat is om die vernaamste karaktertrekke van 'n praktiese sakeprobleem of -probleme te ondersoek en te herken en dit analities en beskrywend aan te bied.

Die opstel mag nie minder as 6,000 woorde en nie meer as 10,000 woorde bevat nie. Die besondere aspek of aspekte wat die kandidaat vir ondersoek kies, moet vooraf goedgekeur word en die opstel moet nie later nie as 31 Augustus van die jaar waarin die kandidaat eksamen wil aflê, ingestuur word. Die opstel word vir alle doeleindes as 'n addisionele vraestel beskou.



Handel  
University of Port Hare  
*Together in Excellence.*  
(Diploma in Handel en Administrasie)

1. Die organisasie van die handel :—

- (a) Funksies van handel ; koop en verkoop ; bemarking van produkte en artikels ; metodes van vereffening.
- (b) Krediet ; besonderhede in verband met finansiële posisie ; huurkoop.
- (c) Voorraadopname : doel en prosedure ; uitverkopings.
- (d) Advertensies ; vereiste van 'n goeie advertensie ; kontrolering van resultate.
- (e) Versekering.
- (f) Finansiering van ondernemings en finansierings-bronne.
- (g) Kantoororganisasie en -praktyk ; organisasie van 'n sakeonderneming ; funksies van verskillende departemente ; opberging, indeksering, afhandeling van in- en uitgaande pos.
- (h) Vervoer ; verskillende metodes van vervoer ; voor- en nadele.
- (i) Handelsorganisasies in die Republiek van Suid-Afrika ; die Departement van Handel en Nywerheid ; die buro van Standaarde ; Yskor, e.a.
- (j) Koöperasies : oorsprong, beginsels en funksies van verbruikers- en landbou-koöperasies.

2. Die behandeling van die bedryf :—

- (a) Inleiding : die taak en bestek, ontwikkeling, grondbegrippe ; industrialisasie in Suid-Afrika.
- (b) Die oprigting van die bedryf : die organisatoriese aspek ; die tegniese aspek ; die finansiële aspek.
- (c) Die bestuur van die bedryf : algemene beginsels van bestuur ; bestuur van arbeid ; bestuur van produksie ; bestuur van finansies.

## DEPARTEMENT VAN EKONOMIE EN EKONOMIESE GESKIEDENIS

*L.W.*—Kennis van Wiskunde word as wenslik beskou vir die studie van Ekonomie.

### Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis I

(Een vraestel)

- A. Hoof trekke van die Europese Ekonomiese Geskiedenis
- B. Ekonomiese Teorie.
  - 1. Grondbegrippe.
  - 2. Waarde- en Prysleer.
  - 3. Produksie.
  - 4. Verdelingsleer.
  - 5. Nasionale Rekeninge. Begrippe en gegewens.

### Ekonomie II

(Twee vraestelle)

*Vraestel 1.*—Ekonomiese teorie.

- 1. Kursus I.B.
- 2. Meer gevorderde studie van onderwerpe wat in kursus I.B. ingelui is.

*Vraestel 2.*—Geld en Bankwese.

### Ekonomie III

(Drie vraestelle)

*Vraestel 1.*

- (a) Die internasionale ekonomie.
- (b) Konjunktuurleer.

*Vraestel 2.*

- (a) Geskiedenis van ekonomiese leerstellings.
- (b) Owerheidsfinansies.

*Vraestel 3.*

Die ekonomie van die Republiek van Suid-Afrika.

### Ekonomiese Geskiedenis II

(Ekonomiese Geskiedenis van Suid-Afrika)

*Vraestel 1 (a).*—Die tydperk 1652-1806.

(b).—Die tydperk 1806-1870.

*Vraestel 2.*—Ekonomiese Ontwikkeling na 1870.

Leerplanne vir grade: Hons.-B.A. en M.A., Hons.-B.Com. en M.Com.,  
Hons. B.Admin. en M.Admin.

### Ekonomie

### Honneurs-Baccalaureuseksamen

Die eksamen bestaan uit vyf vraestelle.

*Vraestel 1.*

Waardeleer, monopoliebeheer en verdelingsleer.

*Vraestel 2.*

Inkometeorie en ekonomiese dinamika.

*Vraestel 3.*

Gevorderde studie van geld- en bankwese.

*Vraestel 4 en 5.*

Een onderwerp uit die onderstaande.

- (a) Ekonomiese stelsels.
- (b) Internasionale ekonomiese betrekkinge.

- (c) Owerheidsfinansies.
- (d) Arbeidsvraagstukke..
- (e) Ekonomiese geskiedenis.
- (f) Suid-Afrikaanse ekonomiese vraagstukke.
- (g) Bevolkingsvraagstukke.
- (h) Die ekonomie van onderontwikkelde gebiede.
- (i) Nasionale ekonomiese rekeningkunde.

### Magistereksamen

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling waarvan die onderwerp deur die Senaat goedgekeur moet word minstens ses maande voordat dit ingelewer word.

Kandidate moet toesien dat hulle nie in hul verhandelinge stof insluit wat nie ter sake is nie.

### Ekonomie

#### (Diploma in Handel en Administrasie)

1. Studieveld wat die ekonomie as sosiale wetenskap dek. 'n Breë oorsig van die ekonomiese ontwikkeling van 'n land vanaf die bestaans produksie-stadium tot die geïndustrialiseerde stadium van produksie, spesialisasie en internasionale handel met spesiale verwysing na Suid-Afrika.

2. Ekonomiese begrippe: rykdom, waarde en nut, menslike behoeftes en die bevrediging daarvan.

3. Produksiefaktore en hul beloning.

4. Die mark: funksies; kenmerke, betekenis en voorwaardes van 'n vrye Mededingende mark; vraag en aanbod as determinante van prys op 'n mark waar vrye mededinging bestaan.

5. Distribusie: die begrip volksinkome; beginsels van distribusie. Elementêre ontleding van die volksinkome van Suid-Afrika.

6. Geld- en bankwese. Soorte geld; geldstandaarde in die waarde van geld. Banke en hulle funksies. Inflasie en deflasie. Prysindexe.

7. Die staat: ekonomiese funksies. Elementêre behandeling van beginsels en druk van belastings.

8. Internasionale handel: oorsake en voordele; vryhandel en beskerming; handels- en betalingsbalans; elementêre behandeling van Wisselkoerse.

9. Ekonomiese belangrikheid van grensnywerhede.

#### Elementêre Teorie van Finansies

*Halwe kursus.*—Een vraestel, twee uur.

Rekenkundige en meetkundige reekse. Rente. Skynbare en werklike rentevoet. Vraagstukke oor berekening van slotwaarde, aanvangswaarde, tyd en rentevoet. Vaste annuïteite: aanvangs— en slotwaarde. Aflossing. Delgingsfonds. Effekte en aandele met inbegrip van aankoop van sekuriteite. Opbrengs. Opstel van aflossingsplanne.

*L.W.*—Dit is wenslik dat studente, alvorens hulle met hierdie kursus begin, kennis moet hê van algebra tot matrikulasiestandaard; desimale en desimalisasie van geld; die metriekstelsel; verhouding en eweredigheid; persentasies; wins en verlies; handels- en bankiersdiskonto; gebruik van logaritmes; makelaarsloon; buitelandse wisselkoerse; die gebruik van jaargeld- en rentetafels. Gelyktydige vergelykinge.

#### Statistiese Metodes A

*Halwe kursus.*—Een vraestel, twee uur.

Klassifisering en tabulering, frekwensietabelle. Gemiddeldes: rekenkundige gemiddelde, belaste gemiddelde, mediaan, modus, hulle berekening, eienskappe, voor- en nadele. Kwartiele. Asimmetrie. Dispersie. Afwykingskoëffisiënte. Standaardafwyking. Karl Pearson se korrelasie-koëffisiënt. Diagramme. Histogramme en kumu-

latiewe diagramme. Lineêre regressielyne. Neigingskrommes deur lopende gemiddeldes, deur grafiese en ander elementêre metodes. Indekslyfers. Metodes van monsterring. Gepubliseerde statistieke. Onjuiste en misleidende gevolgtrekkings. Monsterring. Statistiese toetse van verskille tussen gemiddeldes; die gebruik van statistieke; noukeurigheid en benadering; toepassing van statistieke; versameling en verwerking van besigheidstatistieke.

*L.W.*—Dit is wenslik dat studente, alvorens hulle met hierdie kursus begin, kennis moet hê van algebra tot matrikulasiestandaard.

## Statistiek

### Kursus I

(Een vraestel)

*Elementêre Statistiek* : Versameling van statistiese materiaal, klassifikasie en tabulering. Frekwensietabelle. Grafiese voorstelling. Berekening van gemiddeldes en verspreidingskoeffisiënte. Indekslyfers. Tydreeks. Reglynige regressie en korrelasie. *Analitiese Meetkunde* : Reguitlyn.

*Algebra en Driehoeksmeting* : Kwadratiese vergelykings. Induksie,  $\Sigma r$ ,  $\Sigma r^2$ ,  $\Sigma r^3$ , binomiaalstelling en binomiaalkoeffisiënte. Rekenkundige en meetkundige reekse. Trigonometriese funksies; boogmaat; opstellingsteoremas; inverse trigonometriese funksies.

*Elementêre renterekening* : Samegestelde rente en annuïteite.

*Kansrekening* : Samestelling van kans. Binomiale en normale verdelings met toepassings op steekproefteorie. Gebruik van kanspapier.

#### Vraestel 1

*Numeriese Wiskunde* : Differensietabelle vir gelyke intervalle; differensieoperatore; faktoriaalmagte. Interpolasieformules vir gelyke intervalle. Teorie van kleinste kwadrate vir eerste en 2de graadskrommes.

*Analitiese Meetkunde* : Krommes van die 2de graad.

*Statistiek* : Passing van frekwensiefunksies. Steekproefverdeling van die rekenkundige gemiddelde. Standaardfoute en toepassings. Steekproefneming. Lewens- en bevolkingstatistieke met grafiese voorstellings.

#### Vraestel 2

*Analise* : Differensiasie en integrasie van elementêre funksies; Taylor se reeks; bepaalde integrale; elementêre partiële differensiasie.

*Kansrekening* : Diskrete en kontinue kansverdelings van een veranderlike. Die tweedimensionale normaalverdeling.

### Kursus III

#### Vraestel 1

*Numeriese Wiskunde* : Differensies by ongelyke intervalle; interpolasieformules van Lagrange en Newton; inverse interpolasie. Determinante en matrikse. Numeriese metodes vir rekenmasjiene.

*Statistiek* : Nie-lineêre korrelasie en regressie. Meervoudige en partiële korrelasie. Hipotese toetsing; gebruike van  $t$ -,  $F$ - en  $\chi^2$ -toetse; gebruik van parametervrytoetse, tekentoets, mediaan en  $U$ -toets. Steekproefmetodes en toepassings.

#### Vraestel 2

*Analise* : Differensiaalvergelykings van 1ste orde. Beta- en Gammafunksies.

*Kansleer* : Stelling van Bayes. Limietstellings. Wet van groot getalle.

*Ekonomiese en Industriële Statistiek* : Lewentabelle, elementêre ekonometrie, tydreksmodelle, steekproefinspeksie en beheerkaarte.



**DEPARTEMENT HANDELSREG**

Kyk onder die Fakulteit Regsgeleerdheid.

**DEPARTEMENT STAATSLEER EN PUBLIEKE ADMINISTRASIE**

Kyk onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.



University of Fort Hare  
*Together in Excellence*